

PERSOONLIKHEIDSVERSKILLE TUSSEN DEELNEMERS EN
NIE-DEELNEMERS AAN GEORGANISEERDE SPORT BY
MAN- EN DAMESTUDENTE

deur Jacobus Johannes Taljaard

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM
in die Departement Psigologie, Potchefstroomse
Universiteit vir C.H.O.

Studieleier: Dr. S. Oosthuizen

November 1975

BEDANKINGS

My dank en waardering aan al die persone en instansies wat bygedra het tot die uitvoering en afhandeling van hierdie ondersoek:

Dr. S. Oosthuizen, my studieleier, vir sy hulp en leiding

Dr. D.J. Pretorius van die R.G.N. vir die taalkundige versorging van hierdie verhandeling

Dr. G. Scholtz vir sy hulp met die aanvoring van hierdie ondersoek

Mev. B. John vir die puik tikwerk

Die A.V.B.O.B. vir die finansiële steun

Al die betrokke sportklubs van die P.U. vir C.H.O. vir hulle hulp.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN DOELSTELLING 1

1.1 Inleiding 1

1.1.1 Motivering vir hierdie ondersoek 1

1.1.2 Doel van die ondersoek 2

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG 4

2.1 Sport 4

2.1.1 Omskrywing van die aard en betekenis van die woord sport 4

2.1.2 Definiëring van sport 6

2.2 Oorsig oor die historiese ontwikkeling van sportpsigologie 8

2.2.1 Die vroeë begin 9

2.2.2 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Europa 10

2.2.3 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Duitsland 11

2.2.4 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Rusland 12

2.2.5 Die ontwikkeling van sportpsigologie in die V.S.A. 13

2.2.6 Kontemporêre neigings in die ontwikkeling van die sportpsigologie 14

2.3 Persoonlikheid 17

2.4 'n Samevatting van 'n hoeveelheid navorsing wat tot op die hede gedoen is 20

Sosialiteit 21

Emosionaliteit 23

Introversie - Ekstroversie	25
Intelligensie	27
Aggressie	28
Angs	31
Dominansie	32
Manlikheid - Vroulikheid	34
Selfkonsep	36
Selfvertroue	38
Neurotiese trekke	39
Spanning	40
Bykomende navorsingsresultate	42
2.5 Probleme wat navorsers in sportpsigologie ondervind het (Aan hand van die werk van Rainer Martens.)	46
Konsepsuele probleme	46
Metodologiese probleme	47
Verklaringsprobleme	49

HOOFSTUK 3: METODE VAN ONDERSOEK 53

3.1 Inleiding	53
3.2 Samestelling van die deelnemers en nie- deelnemersgroepe	53
3.3 Insameling van gegewens	56
3.4 Motivering vir die gebruik van die verskillende meetinstrumente	56
3.5 Beskrywing van die meetinstrumente	58
3.5.1 Die IPAT Angsskaal	58
Doel	58
Beskrywing	59
Betroubaarheid	61

- Geldigheid 61
- 3.5.2 Die 16 PF-toets 65
- Doel 65
- Beskrywing 65
- Geldigheid 75
- Betroubaarheid 77
- 3.5.3 Die P.H.S.F.-verhoudingevraelys 78
- Doel 78
- Beskrywing 78
- Geldigheid 82
- Betroubaarheid 84
- 3.5.4 Statistiese tegnieke vir die verwerking
van die resultate 86

HOOFSTUK 4: BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN HIERDIE ONDERSOEK 88

- 4.1 Inleiding 88
- 4.2 'n Vergelyking tussen die deelnemersgroep
en die nie-deelnemersgroep as geheel 89
- 4.3 'n Vergelyking tussen deelnemende mans en
dames 96
- 4.4 'n Vergelyking tussen die nie-deelnemende
mans en dames 100
- 4.5 'n Vergelyking tussen die deelnemende en
nie-deelnemende mans 105
- 4.6 Vergelykings tussen die verskillende sport=
soorte se mansdeelnemers 111
- 4.7 Vergelykings in die onderskeie sportsoorte
tussen die deelnemende en nie-deelnemende
mans 117

- 4.8 'n Vergelyking tussen die deelnemende en
nie-deelnemende dames 128
- 4.9 Vergelykings tussen die verskillende sport=
soorte se deelnemende dames 132
- 4.10 Vergelykings in die onderskeie sportsoorte
tussen die deelnemende dames en nie-deel=
nemende dames 138

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 150

- 5.1 Samevatting 150
- 5.2 Gevolgtrekkings 155
- 5.3 Summary 156
- 5.4 Literatuurlys 159

LYS VAN TABELLE

- TABEL 1 ITEMSAMESTELLING VAN DIE IPAT-ANGSSKAAL 60
- TABEL 2 BETROUBAARHEID VAN DIE IPAT-ANGSSKAAL 62
- TABEL 3 KORRELASIES TUSSEN DRIE ANGSSKAALTEL=
LINGS EN DIE AFSONDERLIKE VELDE VAN
DIE NB-AANPASSINGSVRAELYS 64
- TABEL 4 DIREKTE KONSTRUKGELDIGHED VAN DIE
16 PF 76
- TABEL 5 HALFVERDELINGS-BETROUBAARHEID VAN DIE
16 PF 77
- TABEL 6 Z-WAARDES (P.H.S.F.) 83
- TABEL 7 BETROUBAARHEID EN STANDAARD METINGS=
FOUT VAN DIE P.H.S.F. 85
- TABEL 8 'N VERGELYKING TUSSEN DIE DEELNEMERS=
GROEP EN DIE NIE-DEELNEMERSGROEP. AS
GEHEEL 90

TABEL 9	'N VERGELYKING TUSSEN DIE DEELNEMENDE MANS EN DAMES	97
TABEL 10	'N VERGELYKING TUSSEN DIE NIE-DEELNE= MENDE MANS EN DAMES	101
TABEL 11	'N VERGELYKING TUSSEN DIE DEELNEMENDE EN NIE-DEELNEMENDE MANS	106
TABEL 12	'N VERGELYKING TUSSEN MANSDEELNEMERS (KARATE) EN MANS NIE-DEELNEMERS	118
TABEL 13	'N VERGELYKING TUSSEN MANSDEELNEMERS (TENNIS) EN MANS NIE-DEELNEMERS	120
TABEL 14	'N VERGELYKING TUSSEN MANSDEELNEMERS (GIMNASTIEK) EN MANS NIE-DEELNEMERS	122
TABEL 15	'N VERGELYKING TUSSEN MANSDEELNEMERS (MUURBAL) EN MANS NIE-DEELNEMERS	125
TABEL 16	'N VERGELYKING TUSSEN MANSDEELNEMERS (ATLETIEK) EN MANS NIE-DEELNEMERS	127
TABEL 17	'N VERGELYKING TUSSEN DIE DEELNEMENDE EN NIE-DEELNEMENDE DAMES	129
TABEL 18	'N VERGELYKING TUSSEN DEELNEEMSTERS (KARATE) EN NIE-DEELNEEMSTERS	139
TABEL 19	'N VERGELYKING TUSSEN DEELNEEMSTERS (TENNIS) EN NIE-DEELNEEMSTERS	141
TABEL 20	'N VERGELYKING TUSSEN DEELNEEMSTERS (GIMNASTIEK) EN NIE-DEELNEEMSTERS	143
TABEL 21	'N VERGELYKING TUSSEN DEELNEEMSTERS (MUURBAL) EN NIE-DEELNEEMSTERS	146
TABEL 22	'N VERGELYKING TUSSEN DEELNEEMSTERS (ATLETIEK) EN NIE-DEELNEEMSTERS	148

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOELSTELLING

1.1 Inleiding

1.1.1 Motivering vir hierdie ondersoek

Ofskoon sport en spele vanaf die vroegste tyd 'n belangrike plek ingeneem het in die lewe van die mens, is daar eers laat in die negentiende eeu en vroeg in die twintigste eeu aandag geskenk aan 'n wetenskaplike studie daarvan. Hierdie aanvanklike ondersoeke was hoofsaaklik ingestel op die fisiologiese aspekte van sport en weinig, indien enige, aandag is geskenk aan die psigologiese betekenis wat dit moontlik kon inhou. Mettertyd het die situasie egter begin verander en gedurende die afgelope aantal dekades het navorsers ook op wetenskaplike wyse aandag begin skenk aan die psigologiese betekenis van sport vir die individu. Ten spyte van die feit dat baie van hierdie ondersoeke nog onvolledig was en dat min kennis aanvanklik op hierdie gebied ingesamel is, het die steeds groeiende aantal ondersoeke tog 'n stewige basis gelê vir sportpsigologiese navorsing wat tans op hierdie gebied gedoen word.

Tesame met die verandering wat in die V.S.A. en Europa op die gebied plaasgevind het, het ook in Suid-Afrika 'n omgeswaai gekom; maar ook hier

skyn die primêre probleem 'n gebrek aan voldoende navorsingsgewens te wees. Veral wat ondersoeke na die invloed van sport op die persoonlikhede van sportdeelnemers betref, asook ten opsigte van ondersoeke na moontlike verskille tussen die persoonlikhede van sportdeelnemers en nie-deelnemers, is die navorsing in Suid-Afrika nog uiters beperk. 'n Verdere leemte in die Suid-Afrikaanse navorsing is die feit dat feitlik al die ondersoeke wat tot dusver gedoen is, beperk was tot die hoërskooljeug. Aan volwassenes en universiteitstudiante is daar dus nog nie veel aandag geskenk nie.

Weens laasgenoemde omstandighede is hierdie spesifieke ondersoek onderneem, om sodoende te probeer om op een aspek van die sportpsigologiese navorsing in Suid-Afrika, naamlik sportpersonologie, te probeer uitbrei.

1.1.2 Doel van die ondersoek

Hierdie ondersoek is enersyds, soos reeds genoem, 'n poging om die leemtes wat in die reeds gedane navorsing bestaan, aan te vul. Andersyds is die doel van die ondersoek om vas te stel of daar persoonlikheidsverskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers aan georganiseerde sport ten opsigte van man- en damestudente. Die klem val dus op moontlike persoonlikheidsverskille tussen die deelnemers en nie-deelnemers en geen poging

sal aangewend word om persoonlikheidsbeelde van die twee groepe daar te stel nie. Aangesien geslagsverskille en verskille tussen die onderskeie sportgroepe moontlik 'n invloed mag hê op die resultate, sal hierdie aspekte ook by wyse van vergelyking in die ondersoek betrek word. Die konsensus van siening in die kontemporêre literatuur is dat deelnemers aan groepsportsoorte se persoonlikheidseienskappe verskil van dié van deelnemers aan individuele sportsoorte. Omdat hierdie ondersoek nie 'n poging is om vergelykings te tref tussen individuele- en groepsportsoorte nie, word die aandag net op die een groep, naamlik individuele sport, toegespits. Dit is ook belangrik om daarop te lê dat individuele sportgroepe nog nie van tevore in 'n soortgelyke ondersoek in Suid-Afrika betrek is nie en derhalwe is die verwagting dat hierdie poging 'n bydrae kan lewer tot die uithouing van die bestaande literatuur.

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

2.1 Sport

2.1.1 Omskrywing van die aard en betekenis van die woord sport

Etimologies is die woord sport afgelei van die oorspronklike Griekse woord "dis-portare". Dit het beteken om die aandag af te lei van werk of die alledaagse lewensdrukte en spanning. Die oorspronklike betekenis van die woord impliseer dus dat sport in hoofsaak bestaan uit elemente van plesier en genot, asook 'n mate van fisiese aktiwiteit. Oorspronklik was daar dus nie sprake van werk nie. Vandag is sport allesbehalwe blote ontspanning vir die deelnemers. Vir baie is dit juis die sportsoort wat hulle beoefen wat die spanning en probleme in hulle alledaagse lewens veroorsaak. Sport het dus vir baie deelnemers werk geword. Desnieteenstaande is daar nog altyd 'n element van plesier en genot in alle vorme van sport aanwesig.

Gulick (soos uit Lawther, J.D., 55, p.87), 'n Amerikaanse sportdeskundige van vroeg in hierdie eeu, het beweer dat die verskil tussen sport en werk 'n houdingsverskil is. Volgens hom is die houding

van deelnemers wanneer hulle besig is met die beoefening van sport, een van vreugde en plesier. Hulle openbaar dus eintlik 'n speelse houding ten spyte van die feit dat hulle geïnteresseerd is en ook ernstig is wat betref die resultate van hulle deelname. Seaton et al., 80, p.1, is dieselfde mening toegedaan as hulle sê: "Sports by their very nature are enjoyable, challenging, all-absorbing, and require a certain amount of skill and physical conditioning."

Dit is dus belangrik om daarop te let dat sport altyd 'n element van genot vir die deelnemer inhou. Soms gebeur dit dat deelnemers nie veel aandag gee aan die kwaliteit van hulle deelname nie. Dit gaan vir diesulkes hoofsaaklik om die gesellige sosiale samesyn wat hulle kan ondervind in hulle deelname. Ander deelnemers is hoofsaaklik daarop ingestel om goeie resultate te behaal. Dit vereis uit die aard van die saak toegewyde en pligsgetroue oefening want slegs hierdeur kan die deelnemer die hoë mate van vaardigheid ontwikkel wat aan hom goeie resultate kan besorg. Belangstelling in die deelname blyk te groei namate die deelnemer se vaardigheid verbeter. Die element van genot lê dus òf opgesluit in die resultate wat met die deelname behaal kan word, òf in die liggaamlike inspanning wat met die deelname gepaard gaan. Lawther, J.D., 55, p.3, stel dit soos volg: "More=over, contradictory as it may seem, intense plea=

sure lies not only in the accomplishment or the record obtained, but also in the excruciating physical effort."

2.1.2 Definiëring van sport

In ooreenstemming met bogenoemde definieer Lawther, J.D., 55, p.3, sport soos volg: "Sport is a more or less vigorous bodily exertion pursued because of the enjoyment and recreation of the activity itself, and usually carried on according to some traditional form or set of rules. It may or may not be competitive although the competitive aspect seems to add to the interest and to introduce additional incentives and motivation for improved performance."

Edwards, H., 23, p.57, definieer sport soos volg: "Sport, then is defined here as involving activities having formally recorded histories and traditions stressing physical exertion through competition within limits set in explicit and formal rules governing role and position relationships and carried out by actors who represent or who are part of formally organized associations having the goal of achieving valued tangibles or intangibles through defeating opposing groups."

Uit bogenoemde twee definisies kan nou 'n paar duidelike afleidings gemaak word wat betref die ken-

merke van sport. Die mees opvallende kenmerk van sport is dat daar altyd fisiese aktiwiteit by betrokke is. Sportaktiwiteit is ook duidelik gestruktureer en georganiseer binne die konteks van formele en eksplisiete gedragsreëls. Sodanige reëls is histories gegrond en kan slegs wetmatig verander word deur offisiële liggame aan wie spesifieke magte toevertrou is. Reëls in 'n sportwedstryd of -kompetisie word ook streng en noukeurig deur bekwame beamptes gehandhaaf. Sportdeelnemers is gewoonlik lede van groepe of organisasies en dit bring mee dat deelname altyd op 'n kompetisiebasis plaasvind. Laasgenoemde feit hou in dat deelname altyd voorafgegaan word deur voorbereiding (oefening). Verder beteken dit ook dat funksies en posisies duidelik benoem is en dat die onderlinge verwantskappe duidelik omskryf is. Deelname aan sport het ook te make met 'n doel, en alles is gemik op daardie doel, nl. oorwinning of 'n poging om te verbeter. Die erns van hierdie doel word gemanifesteer in die feit dat daar formele organisatoriese strukture en verwantskappe nodig is om alles vlot te laat verloop. Sportdeelname bied ook geen plek vir fantasering nie, hoofsaaklik vanweë die rasonale en doelgerigte aard daarvan.

Soos reeds in die voorafgaande gedeelte genoem is, het daar met die ontwikkeling en uitbreiding van navorsing op die gebied van sport, nie net belangstelling ontstaan in die fisiese aspek van sport

nie, maar navorsers het ook 'n belangstelling begin toon in die psigiese inhoud en betekenis van sportaktiwiteit. Vervolgens sal gepoog word om 'n kort samevatting te gee van die historiese ontwikkeling van sportpsigologie.

2.2 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van sportpsigologie

Alhoewel sport, soos ons dit vandag ken, 'n fundamentele deel uitmaak van 'n fisiese en psigiese opvoedingsprogram, bring nadere ondersoek van vroeë gemeenskappe aan die lig dat die mens sedert die vroegste tyd 'n voorliefde vir fisiese aktiwiteit gehad het, en hierdie natuurlike voorliefde of drang het nog altyd opvoedkundige implikasies ingehou. Eers in meer resente tye is daar egter 'n werklik diepgaande studie gemaak betreffende die invloed van sport op die psige van die mens.

Die bedoeling is nie dat hierdie bespreking enigsin volledig sal wees nie, daar skrywer slegs probeer het om aan die hand van die werk van Vanek en Cratty die mees uitstaande persone en gebeure uit te lig. Die bespreking word onder die volgende afdelings gedoen:

Die vroeë begin.

Europa (Algemeen).

Duitsland.

Rusland.

V.S.A.

Kontemporêre neigings.

2.2.1 Die vroeë begin

In geskrifte van Plato, Aristoteles en ander vroeëre filosowe vind 'n mens dikwels spekulasies oor die motoriese funksies van die liggaam, asook verwysings na liggaam-gees-verwantskappe wat later die ondersoekveld van die eksperimentele psigologie geword het. Hierdie aanvanklike begin het egter gedurende die Middeleeue 'n ernstige knou gekry toe die teologie die liggaamlike en alles wat daarmee gepaard gegaan het, opsy gestoot het. Hierdie terugslag was grootliks verantwoordelik vir die vertraging in die ontwikkeling van die psigologie in die algemeen, sowel as vir die sportpsigologie in die besonder.

In teenstelling met hierdie teologiese seperatisme van die Middeleeue het "verligte" humaniste gedurende die Renaissance weer fisiese aktiwiteit ingesluit in opvoedingsprogramme in Frankryk, Duitsland en later ook in Engeland. So het John Locke byvoorbeeld in die 18de eeu 'n opvoedkundige sisteem ontwikkel waarin sport 'n belangrike rol gespeel het. Guts Muths het in Duitsland 'n soortgelyke filosofiese grondslag probeer lê vir die sportpsigologie. Die Tjeggiese filosoof Tyrs het selfs teen die helfte van die 18de eeu probeer om Darwin se teorieë oor evolusie te verbind aan sy eie sienings omtrent liggaamlike opvoedkunde.

Hoewel die oorgrote meerderheid dus slegs belang gestel het in die fisiese betekenis van sport, was daar tog ook die aparte filosofiese groep wat geglo het dat sportaktiwiteit meer inhou as blote liggaamlike oefening en spierkragontwikkeling.

Na die totstandkoming van die eerste psigologiese laboratorium in Leipzig onder leiding van Wilhelm Wundt in 1879 het verskeie ander navorsers op die gebied van die psigologie begin eksperimenteer, o.a. Watson, Skinner, Yerkes en Pavlov. Dit het meegebring dat daar teen die einde van die tweede dekade van die 19de eeu verskeie teorieë en ander eksperimentele bydraes was wat as 'n basis kon dien vir die ontwikkeling van sportpsigologie.

2.2.2 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Europa

Volgens Antonelli in sy boek, "The Psychology and Psychopathology of sport" (Vanek, M. en Cratty, B.J. 95, p.11) was daar reeds so vroeg as 1801 in Europa inligting beskikbaar omtrent die psigologie van sokker. 'n Honderd jaar later probeer ene Jusseland ook om die psigologie van sokker te beskryf. In 1912 skryf Barth in Duitsland oor die invloed van fisiese aktiwiteit op die wil en persoonlikheid van deelnemers. Hy noem en bespreek volgens Vanek en Cratty ook verskillende maniere waarop deelname aan sport 'n bydrae mag lewer tot karakter

terontwikkeling. Hy was egter te veel geneig tot filosofiese bespiegeling.

2.2.3 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Duitsland

Vanaf 1921-1928 het persone soos R.W. Schulte, N. Sippel en F. Giese 'n wye reeks filosofiese, eksperimentele en ander praktiese onderwerpe in die sportpsigologie ondersoek en bespreek. Hulle het ook 'n verskeidenheid werke geskryf, waarvan die titels alreeds vir ons 'n aanduiding gee dat sportpsigologie meer aandag begin geniet het. 'n Mens dink bv. aan werke soos "Body and Soul in Sport", 1921, Schulte, R.W. en "Physical Exercises and Mental Activity", 1921, Sippel, N. Selfs aan universiteite het navorsers meer aandag begin skenk aan hierdie onderwerp (bv. Otto Klemm se werk oor die invloed van fisiese aktiwiteit op akademiese prestasie aan die Universiteit van Leipzig).

Met die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die ontwikkeling van sportpsigologie in Duitsland egter soos elders, tydelik tot stilstand gekom en dit was eers hierna dat die ontwikkeling weer vinnig plaasgevind het. In 1950 het die "Deutsche Hochschule für Körperkultur" in Leipzig begin funksioneer as 'n belangrike opleidings- en navorsingsentrum vir sportpsigoloë. Gedurende die tyd ná die Tweede Wêreldoorlog het Renate Mathesius en Sigmund Mueller as leidende figure op die gebied van sportpsigologie

op die voorgrond getree. Die "International Congress of Sport Psychology" het in 1965 aanleiding gegee tot die ontstaan van nóg 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Duitse Sportpsigologie, nl. die ontstaan van 'n soortgelyke organisasie, die "National Society of Sport Psychologists", wat jaarliks vergader en aan die hand waarvan alle re= sente navorsingsdata bespreek word.

2.2.4 Die ontwikkeling van sportpsigologie in Rusland

Die begin van die ontwikkeling van sportpsigologie in Rusland kan so ver teruggevoer word as 1901 toe Dr. P.E. Lesgaft begin skryf het oor die psigologie= se voordeel wat fisiese aktiwiteit vir die individu inhou. In 1917 (gedurende die Russiese rewolusie) sien die eerste werke van psigoloë die lig as reak= sies op die teorieë van Lesgaft. In die vroeë twintigerjare het 'n aantal skole vir liggaamlike opvoeding ontstaan. Onder die eerstes was die "Institute for Physical Culture" (Moskou en Lenin= grad). In die ondersoeke van hierdie organisasies kan die grondslag vir die ontstaan van sportpsigolo= gie in Rusland gevind word. Aanvanklik is hierdie eerste studies uitgevoer sonder 'n definitiewe na= vorsingsprogram, maar teen 1930 het navorsers 'n be= hoefte begin voel aan eenvormigheid in hulle werk en om in die behoefte te voorsien het hulle die "Scientific Research Institute for the study of Phy=

sical Education" in Moskou gestig. Die doel van die instituut was tweeledig, nl. om psigologiese sowel as fisiologiese navorsing te doen op die gebied van sport. Vanaf 1939 tot 1960 is daar veel klem geplaas op die studie van spanning in atlete voor wedstryde en kompetisies, maar sedertdien word die navorsing meer gefokus op die psigologie van groep-interaksie.

2.2.5 Die ontwikkeling van sportpsigologie in die V.S.A.

Die vroeë begin van 'n wetenskaplike benadering op die gebied van die sportpsigologie in die V.S.A. kan duidelik gesien word in die werk van Clark Hetherington en J.F. Williams.

Gedurende die dertigerjare het verskeie navorsingslaboratoriums ontstaan aan die universiteite van Illinois, Penn State en Iowa. Die jaar 1930 word ook gekenmerk deur die stigting van die bekende blad, "Research Quarterly". Aan die einde van die vyftigerjare was daar dus al heelwat inligting omtrent die psigologie van motoriese aktiwiteit. Van die meer gesofistikeerde ondersoeke in hierdie tyd is uitgevoer deur Dr. Edwin Fleishmann d.m.v. faktor-analitiese tegnieke. Gedurende die sestigerjare het verskeie persone pogings aangewend om psigologiese toetse te ontwerp wat die karaktertrekke van sportmanne kon meet. Thomas Tutko en Bruce Ogilvie

(1962) van die San José College was van die leidendes figure op hierdie gebied.

Die "International Congress of Sport Psychology" in Rome (1965) het ook in Amerika sy stempel afgedruk. Dit kan duidelik gesien word in die totstandkoming van die "North American Society of Sport and Physical Activity" onder leiding van Athur Slater-Hummel, e.a. In 1968 is die tweede "International Congress of Sport Psychology" in Washington gehou.

Tans heers daar uitgebreide belangstelling in verskillende navorsingslaboratoriums omtrent die motories-geestelike verhouding in sport. Die ondersoek is ook doelgerig van aard en is daarvoor verantwoordelik dat verdere ondersoekpogings verhaas word.

2.2.6 Kontemporêre neigings in die sportpsigologie

Elke land beklemtoon a.g.v. kulturele verskille, verskillende aspekte van die psigologie van sport. Ten spyte van hierdie uiteenlopendheid was daar egter al wêreldwye pogings tot uniformiteit van al die verskillende bydraes. Een van die uitstaande geboues in hierdie verband was die totstandkoming van die "International Congress of Sport Psychology" in Rome (1965) onder leiding van Ferruccio Antonelli, 'n psigiater van die Katolieke Universiteit in Rome. Hierdie internasionale kongres en dié wat daarop sou

volg, was verantwoordelik daarvoor dat vooraanstaande sportpsigoloë uit verskillende lande voortdurend op hoogte van sake kon bly met mekaar se navorsingsprogramme. 'n Verskynsel wat uit die aard van die saak veel bygedra het tot die verbetering van hierdie internasionale kongresse is die feit dat aanhangers van sportpsigologie oral op nasionale vlak beter en meer doelgerig georganiseerd raak. Dit sal duidelik blyk uit die volgende paragrawe.

In Frankryk het daar 'n laboratorium vir die ondersoek van sportpsigologie ontstaan aan die "Normal School of Physical Education" onder leiding van prof. E. Hiriartborde, waar daar veral aandag gegee is aan die studie van ritme. In 1967 het die Franse Vereniging vir Sportpsigologie ("French Society of Sport Psychology"), ontstaan en lede soos André Bouvet, (veral sy werk oor Olimpiese skiërs), Eric de Winter en Michel Bouvet is tans aktief besig met navorsing. In Engeland is dit veral lede soos Richard Kane, Barbara Knapp ("Skill in Sport", 1963) en James Oliver wie se werk van belang is. Laasgenoemde se werk oor die effek van motoriese aktiwiteit op die intelligensie van verstandelik agterlike kinders het wêreldwye aandag geniet in die vyftigerjare.

Ferruccio Antonelli se boek, "The Psychology and Psychopathology of Sport", dien as 'n prominente gids in die Italiaanse literatuur oor sportpsigologie.

Die Italiaanse Vereniging vir Sportpsigologie tel op die oomblik onder die belangrikstes in die wêreld. Die Spanjaarde, onder leiding van persone soos prof. J.M. Cagical en dr. José Ferre-Hombrevela, is hoofsaaklik geïnteresseerd in die persoonlikheids- en groepsdinamika van sportmanne.

In Bulgarye het navorsers ná die Tweede Wêreldoorlog onder leiding van prof. Emma Geron veral belang begin stel in die psigologiese voorbereiding van atlete, die effek wat hoogte bo seespieël het op die prestasie van sportmanne en ander aspekte wat te make het met die emosies en wilskrag van atlete. Ook in Romenië (Prof. Michail Epuran), Switserland, Pole (Erazin Wasilenski), Hongarye (Dr. Arato se werk oor psigoterapie en hipnose van atlete), Jugoslawië (Dr. Momirovic se werk oor die psigologiese voorbereiding van superieure atlete), Noorweë en Swede (Dr. Tobjorn Stockfeldt), word aktief navorsing gedoen onder leiding van die nasionale verenigings van sportpsigoloë. Japan het ook nie agtergebly op die gebied van navorsing nie en die Japanese Vereniging van Sportpsigoloë funksioneer al sedert die Tweede Wêreldoorlog. Tans word motoriese leer en die fisiologiese en neurologiese basis van motoriese aktiwiteit en soortgelyke onderwerpe deeglik ondersoek.

Die mees resente, belangrike gebeure in die ontwikkeling van sportpsigologie was die tweede "Internasionele

tional Congress of Sport Psychology" in Washington (1968) net na die Olimpiese Spele in Meksikostad. Hierdie Internasionale Vereniging van Sportpsigoloë bestaan op die oomblik uit 'n ledetal van meer as 1 400.

In Suid-Afrika is die eerste ondersoek op die gebied van sportpersonologie in 1954 deur A.B. Fourie, 27 op hoërskoolseuns gedoen. Sedertdien het nog vier ander navorsers, onder wie die bekende dr. D.H. Cra=ven, dergelike ondersoeke voltooi. Navorsers is stadig maar seker besig om met toenemende belang=stelling te skryf oor verskillende aspekte in die sportpsigologie.

2.3 Persoonlikheid

Omdat hierdie ondersoek 'n persoonlikheidstudie is, word daar noodwendig ook aandag geskenk aan die definiering van die begrip persoonlikheid. Daar is geen gebrek aan definisies nie; inteeendeel, vanweë die buitengewoon abstrakte betekenis van die woord is daar 'n magdom van definisies en omskrywings. Wat hierdie navorsingsprojek betref, moet egter rekening gehou word met die feit dat dit nie die doel is om hierdie verskeidenheid van definisies te ontleed nie, en daarom word slegs die definisie van G.W. Allport bespreek vanweë die eklektiese aard daarvan.

Alvorens daar tot die definiëring van die begrip oorgegaan word, eers net kortliks iets oor die woord persoonlikheid self. Die begrip persoonlikheid het sy oorsprong te danke aan die Griekse woord "Persona" wat aanvanklik gebruik is om die masker wat die spelers in die klassieke Griekse drama gebruik het om 'n spesifieke karaktertipe uit te beeld, te beskryf. 'n Ander moontlike betekenis kan ook gevind word in die Latynse woorde "per sonare", wat ook verwys het na die masker, maar in dié geval meer spesifiek na die voorwerp in die mond van die masker waardeur die akteur gepraat het om sy stem te vermom. Hieruit kan afgelei word dat persoonlikheid beskou is as 'n valse aanhangsel, iets wat kan verander na gelang van die situasie waarin die persoon homself bevind. Hierdie oorspronklike betekenis van die woord impliseer dus dat die persoonlikheid tot 'n groot mate beskou is as 'n fisieke eienskap van die persoon - 'n opvatting wat selfs vandag nog by die leek aangetref word.

G.W. Allport, 2, p.48, gee die volgende biofisiese definisie van persoonlikheid:

"Personality is the dynamic organization within the individual of those psychophysical systems that determine his unique adjustments to his environment." Allport gee self die onderstaande verklaring vir die definisie.

(i) Dinamiese organisasie: Die individu moet sy gedagtes en alledaagse handeling op so 'n manier

organiseer dat hy nie stagnant raak in sy optrede nie. Hy moet voortdurend in staat wees om te kan verander na gelang van die situasie. Hierdie verandering moet dinamies wees.

(ii) Psigofisiese sisteme: Dit is die persoon se houdings, gewoontes en emosies. Dit sou ook beskryf kon word as 'n karaktertrek in 'n aktiewe of latente toestand. Dit kan gewoonlik ook in die persoon se gedrag waargeneem word as 'n breë reaksioneëring. Hierdie term dui ook daarop dat 'n mens se persoonlikheid nie net uit psigiese aspekte bestaan nie, maar dat dit ook fisiese (neurologiese) eienskappe besit.

(iii) Determineer: Dit is 'n innerlike dryfkrag in die individu wat sy handeling (optrede) bepaal.

(iv) Aanpassing by sy omgewing: Voordat 'n persoon op kreatief spontane wyse by sy omgewing kan aanpas, moet hy eers in staat wees om sy fisiese en ideale (veronderstelde) wêreld te beheers. In die breë kan dus gesê word dat die individu se persoonlikheid vir hom 'n lewenswyse is.

Allport se definisie van persoonlikheid toon ooreenkoms met dié van R. Cattell (Smit, J.F., 85, p.4).

Allport se voorafgaande uiteensetting is 'n teoretiese verklaring van die persoonlikheid. Dit is

egter ook nodig om te wys op wetenskaplik betroubare navorsing wat gedoen is met betrekking tot persoonlikheidseienskappe van sportmanne. Hierdie navorsingsgegewens (2.4) gee 'n aanduiding van sekere aspekte wat in Allport se definisie voorkom, bv. emosionele aanpassing van die sportmanne, hulle determinasie en hulle aanpassing in hulle sosiale milieu. Tussen die teorie en die praktyk kan daar dus 'n mooi aansluiting gevind word. In hoofstuk 4 word verdere aandag gegee aan hierdie verband tussen teorie en praktyk wanneer die navorsingsresultate van hierdie ondersoek bespreek word.

2.4 'n Samevatting van navorsing wat tot op die hede gedoen is

Die verwantskap tussen persoonlikheidsstruktuur en deelname aan sport is al dikwels ondersoek, maar soos uit hierdie bespreking sal blyk, is navorsingsresultate uiteenlopend van aard. Variërende toetsmateriaal en toetsmonsters wat verskil ten opsigte van omvang en samestelling maak veralgemening op hierdie stadium uiters moeilik. In hierdie oorsig sal die klem val op persoonlikheidseienskappe van deelnemers in vergelyking met dié van nie-deelnemers. 'n Aantal ondersoeke ten opsigte van verskille tussen deelnemers aan verskillende sportsoorte en verskille tussen deelnemers aan groeps- en individuele sportsoorte word ook vermeld. Ter wille van volledigheid word verskille tussen fikse en onfikse

persone ook genoem, aangesien dit dui op verskille tussen deelnemers en nie-deelnemers. Die navorsing wat aangehaal word onder Intelligensie is van toepassing op intelligensie en akademiese prestasie van deelnemers teenoor dié van nie-deelnemers.

In die bespreking wat volg, sal gepoog word om die verskillende persoonlikheidstrekke in sekere kategorieë in te deel. Omdat baie van die werk egter oorfleuelend is, is dit nie altyd moontlik om sulke klinkklare indelings te maak nie.

Sosialiteit

Bogemiddelde fisiese ontwikkeling en prestasies (veral van atletiese aard), stel die deelnemer in staat om 'n hoër sosiale status en prestige te handhaaf in sy ewegroep as die nie-deelnemer (Rushall, B.S., 76, pp.163-164). In dié opsig stem Cratty saam as hy beweer dat gevoelens van teruggetrokkenheid en 'n gebrek aan selfvertroue ontstaan wanneer ander individue in die groep 'n persoon se gebreke fisiese vermoëns en prestasies negatief evalueer. Hy noem ook dat buitengewone vet en maer persone nie graag aan sport deelneem nie omdat hulle sosiaal meer teruggetrokke is en ook omdat hulle liggaamlike kontak probeer vermy. Volgens Petrie word persone deur 'n behoefte aan sosiale interaksie gemotiveer tot aktiewe liggaamlike deelname (Cratty, B.J., 18, p.15). Hierdie sienings word

bevestig deur verskeie navorsers wat dit eens is dat sukses in sport en sportvaardigheid aanvaarding deur die groep bevorder en sodoende die sosiale status van die individu verhoog (Smit, J.F., 85, p.31).

Volgens Lawther is die prestige en sosiale status waarna dikwels verwys word as onderskeidende kenmerke van atlete, nie werklik persoonlikheidstrekke ("traits") nie. Dit is eerder ander mense se houdings teenoor die atlete. Hy beweer dat die verskynsel dat atlete hoër aangeskryf staan wat betref hulle sosiale aanpassing, toe te skryf is aan die feit dat hulle makliker in sosiale groepe kan indring op grond van die bekendheid wat hulle as sportlui verwerf het (Lawther, J.D., 55, pp.87-103).

Al die reeds genoemde skrywers is dit ook eens dat die verhoogde sosiale status van deelnemers nie net aan die individu groter selfvertroue gee nie, maar dat dit ook lei tot posisies van leierskap en dominsie in die sosiale groep. Volgens Booth is 'n hoër klas deelnemer meer sosiaal verantwoordelik as eerstejaar- en senior universiteitstudente wat nie deelneem nie (Schendel, J.S., 77, p.52; Kroll, W. en Peterson, K.H., 50, p.433; La Place, J.P. 52, p.313; Booth, E.G., 9, p.127; Ikegami, K., 37, p.51; Petrie, B.M., 67, p.223).

Vrouedeelnemers is sosiaal meer onafhanklik en volwasse as nie-deelneemsters. Hulle geniet ook beter

sosiale status as nie-deelneemsters. Volgens Duggan is voorgraadse universiteitsdames wat deelneem, af= sydig en koel (Peterson, S.L., Weber, J.C. en Tronsdale, W.W., 66, p.686; Duggan, A.S., 21, p.662).

Fikse seuns is sosiaal meer afhanklik en hulle is minder gespanne in 'n sosiale situasie as onfikses. Hulle wil graag sosiale diens lewer en hulle het meer belang gestel in groepsinteraksie as onfikses (Tillman, K., 93, p.483; Ward, J.E., 98, p.4261; McKinney, E.D., 61, p.1287).

Wenspanne verskil volgens Walker nie van verloor=spanne ten opsigte van totale sosiale aanpassing nie (Walker, F.A., 97, p.1245).

Emosionaliteit

Lawther sê dat mense na emosionele opwinding soek in 'n poging om die eentonigheid van die alledaagse lewe te ontsnap. Hierdie emosionele opwinding vind mense volgens hom dikwels in sport. Hy sê: "Sport is a conscious attempt to counterbalance the souldestroying specialization which the division of labour under industrialism entails" (Lawther, J.D., 55, p.45).

Dieselfde siening word ook gehandhaaf deur Scott wat sport as 'n uitlaatklep vir sterk emosionele ge=

voelens beskou. Rushall sê ook dat 'n geleidelike onderwerping aan spanning (bv. deur die deelname aan sport), die indiwidu se spanningstoleransie verhoog en hom dusdoende emosioneel meer stabiel maak. Johnson en Hutton noem ook dat deelnemers aan sport 'n emosionele uitlaatklep vind wat nie-deelnemers nie het nie (Lawther, J.D., 55, p.45; Scott, J.P. 79, p.11; Rushall, B.S., 76, p.163; Johnson, W.R. en Hutton, D.C., 39, p.49).

Sommige navorsers het gevind dat deelnemers as groep beter emosionele kontrole het as nie-deelnemers. Kane beweer dat die emosionele kontrole sigbaar is in meetbare veranderlikes soos lae angs en 'n hoë mate van selfvertroue (Cooper, L., 16, p.17; Ogilvie, B.C., 65, p.45; Kane, J.E., 41, p.91; Evelyn, J.B., 25, p.149; Fourie, A.B., 27; Lawther, J.D., 55, p.37). Soos egter reeds elders genoem, verskil navorsingsgegewens aansienlik. Verskeie navorsers het gevind dat daar geen aanduidings is dat deelnemers beter beheer het oor hulle emosies as nie-deelnemers nie. Ander navorsers vind egter geen betekenisvolle verskille tussen deelnemers en nie-deelnemers wat betref hulle vermoë om hulle emosies te beheer nie (Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484; Behrman, R.M., 3, p.163).

Vroue wat aan spansport deelneem, is meer realisties, emosioneel gedissiplineerd, gelykmatig en prakties as vroue wat aan indiwiduele sport deelneem. Deel=

nemers aan verskillende sportsoorte toon ook onderlinge verskille wat betref emosionaliteit. Vlugbalspelers is bv. emosioneel meer stabiel as skermers, swemmers, bokkers en pluimbalspelers, maar hulle is meer onstabiel as basketbalspelers. Bofbalspelers soek voortdurend na emosionele opwinding. Voetbalspelers ervaar groter emosionele spanning as stoeiers voor 'n wedstryd (Peterson, S.L., Weber, J.C. en Tronsdale, W.W., 66, p.686; Flanagan, L., 26, p.312; Slusher, H.S., 84, p.539; Johnson, W.R., 38, p.72).

Introversie-Ekstroversie

Verskillende skrywers het gevind dat persone wat aan sport deelneem meer ekstroversief is as diegene wat nie deelneem nie (Cratty, B.J., 18, p.15; Brunner, B.C., 10, p.464; Kane, J.E., 43, p.91; Fourie, A.B. 26; Lawther, J.D., 55, p.37; Sperling, A.P., 87, p.351). Daar is egter ook diegene wat in hulle navorsing net die teenoorgestelde gevind het, naamlik dat deelnemers meer introvertief is as nie-deelnemers (Peterson, S.L., Weber, J.C., en Tronsdale, W.W., 66, p.686). Ander ondersoekers het weer gevind dat daar geen verskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers wat betref introversie en ekstroversie nie (Rasch, P.J. 69, p.163, Knapp, B. aangehaal deur Kane, J.E., 44).

Verskeie navorsers is dit eens dat persone wat aan individuele sportsoorte deelneem, meer introvertief is as diegene wat aan groepsport deelneem (Peterson, S.L., Weber, J.C., en Tronsdale, W.W., 66, p.686; Malumphy, T.M., 57, p.610; Duggan, A.S., 21, p.662). Volgens Duggan is vroulike studente in liggaamlike opvoedkunde meer ekstrovertief as diegene wat nie hierdie vak bestudeer nie. Roberts weerspreek haar egter met sy bevinding dat dames wat liggaamlike opvoeders is meer gereserveerd en teruggetrokke is as die groep wat hy as norm gebruik het. Tillman maak uit sy studie die afleiding dat fikse persone meer ekstrovertief is as nie-fikses (Duggan, A.S. 21, p.662; Roberts, P.C., 71, p.3768; Tillman, K., 93, p.483).

Tussen verskillende sportgroepe is daar dikwels ook verskille aan te tref wat betref introversie en ekstroversie. Pyecha het byvoorbeeld gevind dat judo-deelnemers meer warmhartig is as nie-deelnemers. Hulle meng meer met mense en dit is maklik om met hulle om te gaan. Volgens Flanagan is pluimbalspelers meer ekstrovertief as vlugbalspelers. Hy sê ook dat persone wat skerm as 'n sport beoefen, meer ekstrovertief is as pluimbalspelers, bokkers, vlugbalspelers en swemmers. Van al die groepe wat hy bestudeer het, is vlugbalspelers die introvertiefste. Sperling het verskillende deelnemersgroepe met mekaar vergelyk en gevind dat die groep persone met die groter ervaring, meer ekstrovertief is as die

ander. Evelyn het in haar studie van yshokkie= speelsters gevind dat hulle geneig is om introvertief te wees. Volgens Henry is bo-gemiddelde gewigoptellers meer introvertief as ander gemiddelde deelnemersgroepe (Flanagan, L., 26, p.312; Husman, B.F., 35, p.421; Evelyn, J.B., 25, p.149; Sperling, A.P., 87, p.351; Henry, F., 34, p.745).

Intelligensie

Wat hierdie aspek betref, bestaan daar ook menings= verskille onder skrywers. Party skrywers is van mening dat deelnemers intellektueel meer begaafd is as nie-deelnemers en dat hulle akademies ook beter presteer. Schendel voeg ook by dat die deelnemers vanweë hulle groter intellektuele vermoë sosiaal beter aanpasbaar is as nie-deelnemers (Duggan, A.S., 21, p.662; Schendel, J.S., 77, p.52; Cooper, L., 16, p.17; Somers, M.R., 86, p.184; Roebuck, W.G., 73, p.4260).

Ander skrywers vind dat daar geen intellektuele verskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers nie (McClenny, B.M., 60, p.1423).

Biddulph het gevind dat deelnemers wat buitengewoon goed presteer op sportgebied ook akademies beter presteer as die minder goeie sportmanne en die nie-deelnemers in sy kontrolegroep (Biddulph, L.G., 8, p.1.).

Slusher se studie dui daarop dat deelnemers 'n laer intellektuele vermoë toon as nie-deelnemers. Hy het 'n groep bestaande uit bofbalspelers, vlugbalspelers, voetbalspelers, swemmers en stoeiers ondersoek en gevind dat die stoeiers oor die algemeen die laagste intellektuele vermoë getoon het. Hulle konsentrasievermoë was ook swak. Die I.K. van die voetbalspelers was die hoogste. Johnson en Hutton het stoeiers vóór kompetisies ondersoek en gevind dat hulle intellektuele funksionering afneem voor 'n kompetisie. Die intellektuele vermoë bly egter deurgaans laag en daar is geen verbetering ná die kompetisie nie. Kroll en Crenshaw het aanduidings gevind dat gimnaste as groep meer intelligent is as persone wat karate as sport beoefen. Johnson, Hutton en Johnson het met hulle studie gevind dat uitstaande atlete almal 'n hoë vlak van intellektuele aspirasie toon. Arnett het gevind dat fisiese fiksheid deelnemers motiveer tot hoër akademiese prestasies (Slusher, H.S., 84, p.539; Johnson, W.R., en Hutton, D.C., 39, p.49; Lemkau, P.V., 56, p.49; Schendel, J.S., 77, p.126; Kroll, W. en Crenshaw, W., 49, p.97; Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484; Arnett, C., 1, p.227).

Aggressie

Volgens Scott is sport 'n vorm van sosiale organisasie wat kontrole uitoefen oor sowel die deelnemers as die toeskouers. Sport staan dus sosiale disorga-

nisasie in die breë teen deur middel van reëls en regulasies. Hy sê dat:

- (i) sport effektiewe kontrole uitoefen oor ongewenste aggressie;
- (ii) sport 'n manier is om die lewe vreedsaam en harmonieus te organiseer;
- (iii) sport in die kinderjare 'n effektiewe inoefening van reëls voorsien wat later in die volwasse lewe van belang kan wees (veral wat betref aanpassing in die volwasse samelewing) en dat
- (iv) sport aggressie beheer onder jong volwassenes en addolosente, juis waar dit op sy sterkste is (Scott, J.P., 79, p.11).

Layman stem saam dat sport gebruik kan word om aggressie te verminder, maar noem ook dat die maniere wat sport die persoon leer om sy aggressie te beheer, nie altyd net so in die samelewing gebruik kan word nie. Sy beweer dat groter klem op sportmanskap en 'n vermindering van die drang om altyd net te wen, aggressie effektief kan verminder. Cooper sê egter dat sportmanne so hard probeer om te wen dat hulle hulle nie steur aan aggressiewe gedrag nie. Johnson en Hutton voel dat, alhoewel deelnemers volgens hulle bevindinge meer aggressief is, sportdeelname wel kan dien as 'n uitlaatklep vir aggressiewe gevoelens. Lemkau stem hiermee nie saam nie, want hy beweer dat dit nie die sportdeelname self is wat die aggressiewe gedrag verminder nie, maar eerder die reëls en regulasies wat aan die sportsoort ver-

bonde is (Layman, E.M., 53, p.25; Cooper, L., 16, p.17; Johnson, W.R. en Hutton, D., 39, p.49; Lemkau, P.V., 56, p.49).

Verskeie skrywers het met hulle navorsing aanduidings gevind dat deelnemers meer aggressief is as nie-deelnemers (Ogilvie, B.C., 65, p.45; Kane, J.E. 43, p.91; Husman, B.F., 35, p.421).

Johnson en Hutton het gevind dat stoeiers vóór 'n kompetisie meer aggressief is as gewoonlik. Ná die kompetisie neem die aggressie weer af. (Yensen het tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom). Husman het 'n studie gemaak van bokkers, stoeiers en landlopers en gevind dat bokkers die minste aggressief was. Hulle het hul aggressie eerder op hulleself gerig as na buite. Die landlopers se aggressie was egter weer meer na buite gerig. Evelyn het gevind dat yshokkiespeelsters meer aggressief was as nie-deelneemsters. In 'n ondersoek wat deur Stone onderneem is, is gevind dat voetbalspelers vóór die voetbalseisoen nie verskil van nie-deelnemers wat betref hulle aggressiewe gevoelens nie. Ná die seisoen was hulle egter minder aggressief as die nie-deelnemers. La Place het aanduidings gevind dat deelnemers voor 'n kompetisie meer aggressief is as gewoonlik. Swemmers is meer energiek en aggressief as nie-deelnemers en toon 'n groter veggees (soms openlike vyandigheid), wat te sien is in anti-sosiale reaksies (Johnson,

W.R. en Hutton, D.C., 39, p.49; La Place, J.P., 52, p.313; Yensen, W.A., 104; Husman, B.F., 35, p.421; Evelyn, J.B., 25, p.149; Stone, A., 88, p.9; Behrman, R.M., 3, p.163).

Kampioen-atlete is almal buitengewoon aggressief (Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484).

Angs

Soos by al die vorige aspekte heers daar, wat angs by deelnemers betref, ook heelwat meningsverskille. Sommige navorsers beweer dat deelnemers minder angstig is as nie-deelnemers (Warburton, F. en Kane, J.E., 44; Malumphy, T.M., 57, p.610).

Ander navorsers se gegewens dui egter weer daarop dat deelnemers oor die algemeen meer angstig is as nie-deelnemers. Voor 'n kompetisie toon deelnemers self 'n verhoogde angsvlak (Johnson, W.R., 38, p.72; Johnson, W.R. en Hutton, D.C., 39, p.50).

Johnson, W.R., Hutton, D.C., en Johnson, G.B., 40, p.484, beweer dat kampioen-atlete almal 'n hoë mate van algemene angs toon. Hammer, W.M., 31, p.61, toon egter met sy studie aan dat angs nie 'n invloed het op sport nie, en omgekeerd. Gemiddelde deelnemers en bo-gemiddelde deelnemers verskil nie van mekaar wat betref hulle angsvlakke nie. Hy vind ook

geen verskil tussen deelnemers en nie-deelnemers wat betref hulle angsvlakke nie.

Dominansie (oorheersing, gehardheid, leierskap)

Verskillende skrywers maak daarop aanspraak dat hulle navorsingsresultate bewys lewer dat deelnemers meer dominant is as nie-deelnemers. Cooper en Schendel en andere het in afsonderlike studies aangetoon dat veral die bo-gemiddelde presteerders meer dominant is as nie-deelnemers (Roberts, P.C., 71, p.3768; Booth, E.G., 9, p.127; Carter, C.C. en Shannon, J.R., 11, p.115; Schendel, J.G., 79, p.79; Henry, F.M., 34, p.745).

Shochat, E., 82, p.2079, sê dat deelnemers nie van nie-deelnemers verskil wat betref hulle dominansie-behoefte nie. Schendel, J.S., 77, p.52, toon ook aan dat plaasvervanger-deelnemers nie verandering toon in hulle houding wat betref dominansie oor 'n tydperk van drie jaar nie. Tillman, K., 93, p.483, vind dat, namate deelnemers se ouderdomme verhoog, hulle drang na dominansie ook toeneem.

Onder die deelnemers aan verskillende sportsoorte is daar ook al dikwels verskille gevind wat betref hulle dominansie-behoefte. Evelyn het byvoorbeeld gevind dat jong dames wat yshokkie speel glad nie dominant van geaardheid is nie. Flanagan se studie het aangetoon dat persone wat skerm meer dominerend

is as pluimbalspelers, vlughalspelers, bokkers en swimmers. Thune beweer dat gewigoptellers meer dominant is as ander deelnemers en nie-deelnemers. Swimmers is volgens Behrman meer oorheersend en sosiaal vrymoedig as nie-swimmers. Henry het weer gevind dat stoeiers meer oorheersend is as persone wat liggaamlike opvoedkunde bestudeer (Evelyn, J.B., 25, p.149; Thune, J.B., 93, p.296; Behrman, R.M., 3, p.163; Henry, F.M., 34, p.745).

Sommige navorsers se resultate dui daarop dat deelnemers beter leiers is as nie-deelnemers (Ogilvie, B.C., 65, p.45; Cooper, L., 16, p.17; Kane, J.E., 43, p.91). Schendel, J.S., 78, p.81, noem ook nog dat plaasvervanger-atlete nie verandering toon in hulle vermoë om leiers te wees oor 'n tydperk van drie jaar nie. (Hulle was swak leiers.)

Kane het gevind dat deelnemers meer gehard is in hulle optrede as nie-deelnemers. Ogilvie sê dat dit veral die gemiddelde deelnemers is wat 'n behoefte daaraan het en probeer om gehard te wees. Stoeiers is volgens Kroll meer gehard as nie-deelnemers, maar Kroll en Carlson kan geen aanduidings vind dat karate-deelnemers verskil van nie-deelnemers wat betref gehardheid in hulle optrede nie. Volgens Malumphy is meisies wat aan spansport deelneem meer gehard as dié wat aan individuele sport deelneem (Kane, J.E., 44; Ryan, E.D. en Kovacic, C.R., 75, p.283; Ogilvie, B.C., 65, p.45; Kroll,

W., 47, p.49; Malumphy, T.M., 57, p.610; Kroll, W. en Carlson, B.R., 48, p.405).

Manlikheid-Vroulikheid

Watson beweer dat sommige vroue aan sport deelneem om hulleself in die wêreld van die man te probeer bewys. Hy sê ook dat vroue somtyds deelneem omdat hulle hulle jonk wil voordoën. "My point is that some mature women are motivated not by the real needs at their age level for better health, more fun or good companionship in games, but by a driving compulsion to act youthfully" (Watson, G.B., 99, p.410).

Evelyn het gevind dat yshokkiespeelsters onafhanklik, skeppend en goed aangepas is. Hulle het ook 'n goeie uithouvermoë. Volgens Malumphy meen vrouedeelnemers dat sport 'n bydrae lewer tot hulle vroulikheid. Peterson, Weber en Tronsdale het tot die gevolgtrekking gekom dat vroue wat aan sport deelneem, onafhanklik en volwasse is. Vroue wat swak presteer of nie deelneem nie is skaam van aard. Ryan en Kovacic sê dat vrouedeelnemers verskil van mansdeelnemers wat betref hulle selfbeeld. Duggan sê dat vroue wat aan individuele sport deelneem, selfvoldaan is. Vroue wat aan spansport deelneem, is ook selfvoldaan, maar nie so selfgeabsorbeer nie. Hulle is gelykmatig, prakties, betroubaar, realisties en in hulle onmiddellike omgewing geïnteres-

seerd. Kane vind by vrouedeelnemers dat hulle gehard en konserwatief is, en dat hulle oor 'n goeie uithouvermoë beskik. Die eienskappe was egter nie so duidelik aanwesig as by mansdeelnemers nie. Vroue wat buitengewoon goed presteer het, het volgens Kane ook beter presteer op bogenoemde eienskappe as vroue wat swak presteer het (Watson, G.B., 99, p.408; Evelyn, J.B., 25, p.149; Peterson, S.L., Weber, J.C., en Tronsdale, W.W., 66, p.686; Ryan, E.D. en Kovacic, C.R., 75, p.283; Duggan, A.S., 21, p.662; Kane, J.E., 43, p.91).

Cratty en Thune het in verskillende studies gevind dat liggaamsbouers probeer om hulle manlikheid te bewys. Volgens Kroll is stoeiers meer manlik as nie-deelnemers. Kane sê dat manlike deelnemers oor die algemeen manliker, meer gehard, meer ekstrovertief en meer konserwatief is as nie-deelnemers. Hulle beskik oor 'n goeie uithouvermoë. Rasch en Hunt het met 'n studie oor die stoeiers van die 1960-Olimpiese span van die V.S.A. aangetoon dat al die stoeiers hulleself as baie manlik beskou het, (Cratty, B.J., 18, p.15; Thune, J.B., 92, p.296; Kane, J.E., 44; Rasch, P.H. en Hunt, M.B., 69, p.163; Kroll, W., 47, p.49).

Volgens Flanagan is persone wat skerm, meer feminisies as deelnemers aan ander sportsoorte. Cooper het gevind dat goeie presteerders meer manlike neigings as gemiddelde deelnemers toon. Slusher het,

in die geheel gesien, gevind dat sportgroepe oor die algemeen minder vroulike eienskappe getoon het as nie-sportgroepe (Flanagen, L., 26, p.312; Cooper, L. 16, p.17; Slusher, H.S., 83, p.126).

Selfkonsep

Volgens Cratty maak die deelnemer aanhoudend 'n waardering van homself, sy vermoëns en tekortkominge op grond van toeskouers en ander mense se siening van hom. Kane en Fisher en Cleveland het ook in hulle onderskeie studies tot die gevolgtrekking gekom dat 'n individu se waarneming van sy liggaamsbeeld nou verbonde is aan die persoonlikheidstrekke van selfwaardering en selfuitdrukking (Cratty, B.J., 18, p. 15; Kane, J.E., 44; Fisher, S., 28, p.91; Fisher, S. en Cleveland, S.E., 28).

Ogilvie sê hoe meer suksesvol deelnemers raak, hoe meer selfgesentreerd raak hulle en hoe meer onwillig om hulle in te meng in die lewens van ander mense. Read vind dat persone wat aanhoudend suksesvol deelneem 'n betekenisvolle hoër telling toon wat betref hulle liggaamsbeeld en selfkonsep as onsuksesvolle deelnemers. Zion het gevind dat die sekuriteit wat die deelnemer vind in sy liggaamlike vermoë nou verwant is aan die selfvertroue waarmee hy homself en die wêreld om hom aanvaar (Ogilvie, B.C., 65, p.45; Read, D.A., 70, p.4312; Zion, L., 105, p.490).

Volgens Kane het 'n ondersoek na die verband tussen liggaamsbeeld en persoonlikheid geen noemenswaardige ooreenkoms aangetoon nie. McClenny kon geen verskille vind tussen fikse en onfikse persone wat betref hulle selfkonsep nie (Kane, J.E., 42, p.30; McClenny, B.H., 60, p.1423).

Thune beweer dat gewigoptellers skaam en minderwaardig voel. Almal van hulle wou graag sterk van posuur wees. Cooper het uit sy studie die afleiding gemaak dat sportdeelnemers meer met hulle liggame en gesondheid behep was as nie-deelnemers. Carter en Shannon het gevind dat deelnemers 'n hoë selfsentiment het. Slusher het aanduidings gekry dat bofbalspelers 'n hoë mate van hipokondrie toon. Hulle het 'n abnormale belangstelling gehad in hulle liggaamsfunksies, was pessimisties, het gevoelens van hopeloosheid en waardeloosheid getoon en het ook dikwels doodsg gevoelens gehad. Kroll en Crenshaw het gimnaste met karate-deelnemers vergelyk en gevind dat die gimnaste 'n swakker super-ego-sterkte gehad het as die karate-deelnemers. Hulle het ook 'n ernstiger uitkyk op die lewe gehad (Thune, J.B., 92, p.296; Cooper, L., 16, p.17; Carter, C.C. en Shannon, J.R., 11, p.115; Slusher, H.S., 83, p.126; Kroll, W. en Crenshaw, W., 49, p.97).

Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484, beweer dat kampioen-atlete almal 'n buitengewone behoefte het aan liggaamlike krag en perfek=

sie. Schendel, J.S. 78, p.79, vind in 'n lengte=studie (3 jaar) dat nie-deelnemers meer verander wat betref hulle selfkonsep as deelnemers. (Hulle kry 'n hoër dunk van hulleself.)

Selfvertroue

Sommige navorsers se resultate dui daarop dat deelnemers meer selfvertroue het as nie-deelnemers. Hulle is ook meer selfgenoegsaam as nie-deelnemers. Hoe meer sukses en prestasie 'n deelnemer in sy ewe-groep behaal, hoe meer dra dit by tot die ontwikkeling van sy gevoel van selfvertroue. Bo-gemiddelde presteerders toon buitengewone gevoelens van self-versekerdheid (Ogilvie, B.C., 65, p.45; Ryan, E.D. en Kovacic, C.R., 75, p.283; Cooper, L., 16, p.19; Brunner, B.C., 10, p.464; Schendel, J.S., 78, p.52; Kane, J.E., 42, p.30; Lawther, J.D., 55, p.87; Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484).

Wat selfvertroue by verskillende sportgroepe betref, vind Kroll dat stoeiers meer selfvertroue het as nie-deelnemers. Volgens hom is stoeiers vol selfvertroue, gewillig om te help en ontspanne. In 'n studie wat van bo-gemiddelde stoeiers in die V.S.A. gemaak is, het Yensen gevind dat hulle voel dat hulle onoorwinlik is of dat hulle die beste in die V.S.A. is (Kroll, W., 46, p.49; Yensen, W.A., 104). Thune het gevind dat gewigoptellers skaam is en dat

hulle 'n gebrek gehad het aan selfvertroue. Henry noem dat studente in liggaamlike opvoedkunde meer selfvertroue het as gewigoptellers (Thunc, J.B., 92, p.296; Henry, F., 34, p.745).

Wat vrouedeelnemers betref, is gevind dat vroue wat aan individuele sport deelneem, meer selfversekerd is as vroue wat aan spansport deelneem (Peterson, S.L., Weber, J.C., en Tronsdale, W.W., 66, p.686).

In 'n lengtestudie oor 'n tydperk van drie jaar het Schendel gevind dat nie-deelnemers meer ontwikkel wat betref gevoelens van selfvertroue as deelnemers. (Hulle kry meer selfvertroue.) Plaasvervanger-deelnemers blyk nie veel selfaanzaandiging en selfvertroue te hê nie. Fourie het aangetoon dat deelnemers meer realisties is as nie-deelnemers. Hulle is minder skaam, bloos minder en is nie so liggeraak as nie-deelnemers nie. Hulle neem ook makliker besluite as nie-deelnemers (Schendel, J.S., 42, p.34; Fourie, A.B., 27).

Neurotiese trekke

Wat hierdie aspek betref, kon navorsers nog geen duidelike uitsluitsel vind nie. Fourie vind in sy navorsing aanduidings dat deelnemers meer neurotiese trekke toon as nie-deelnemers. La Place toon ook aan dat persone wat op 'n hoë vlak deelneem 'n neurotiese geneigtheid toon (Fourie, A.B., 27; La Place, J.P., 52, p.313). Ander navorsers weerspreek egter

bogenoemde bewerings met hulle navorsingsresultate. Duggan het gevind dat vroue wat liggaamlike opvoedkunde studeer, minder neuroties is as diegene wat nie die studierigting volg nie. Cooper beweer ook dat deelnemers minder kompulsief is as nie-deelnemers (Duggan, A.S., 21, p.662; Cooper, L., 16, p.19).

Sover dit die voorkoms van neurotiese trekke by verskillende sportgroepe aangaan, kom die volgende ter sprake: Kroll kon geen aanduiding vind dat stoeiers wel 'n neurotiese persoonlikheid het nie. Bofbalspelers toon volgens Slusher 'n hoë depressiewe geneigdheid. Indien voetbalspelers vergelyk word met bofbalspelers, blyk eersgenoemde meer neuroties te wees. Slusher weerspreek Kroll se bevindings as hy sê dat stoeiers neig tot abnormale vrese en bekommernisse. Hulle het ook 'n swak konsentrasievermoë en volgens hom dui dit op 'n obsessief-kompulsiewe geneigdheid by stoeiers (Kroll, W., 47, p. 49; Slusher, H.S., 83, p.126).

Spanning

Spanning en ang is twee verskynsels wat nou verbonde is aan mekaar en daarom is dit duidelikheidshalwe nodig om tussen die twee te onderskei. Suin, R.M., 91, p.202, definieer ang as 'n "onaangename emosionele toestand wat ontstaan as gevolg van die teenwoordigheid van 'n vae, onwaarneembare bedreiging en dit word geassosieer met die subjektiewe gevoelens

van spanning en vrees." Spanning is dus een van die kenmerke of eienskappe van angs (dit is nie angs nie). Hoewel die twee aspekte dus nou verbonde aan mekaar is, is dit nie moontlik om hulle as een te beskou nie – daarom word spanning in die onderstaande afdeling apart behandel.

Navorsers soos Lawther en Craven het gevind dat deelname aan sport spanning verminder en die deelnemer emosioneel meer stabiel maak (Lawther, J.D., 55, p.87; Craven, D.H., 19).

Roberts en Tillman se navorsing dui egter daarop dat deelnemers (dames wat liggaamlike opvoedkunde studeer en fikse persone) minder gespanne is as nie-deelnemers (Roberts, P.C., 71, p.3768; Tillman, K.G., 93, p.483).

Tussen verskillende sportgroepe is daar verskille wat betref die voorkoms van spanning. Karate-deelnemers is byvoorbeeld meer gespanne as gymnaste wat as groep oor die algemeen ontspanne voorkom (Kroll, W. en Crenshaw, W., 49, p.97). Johnson het gevind dat voetbalspelers voor 'n kompetisie meer gespanne is as stoeiers en volgens Evelyn is jong dames wat yshokkie speel glad nie gespanne nie. Hulle het almal goeie beheer oor hulle emosies (Johnson, W.R., 38, p.72; Evelyn, J.B., 26, p.149).

Twee navorsingsprojekte dui selfs daarop dat daar geen beduidende verskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers ten opsigte van hipomanie en spanning nie (Slusher, H.S., 83, p.126; Peterson, S.L., Weber, J.C. en Tronsdale, W.W., 66, p.868).

Bykomende navorsingsresultate

Die onderstaande gedeelte bestaan uit losstaande navorsingsresultate wat nie voldoende genoeg was om afsonderlike indelings te vorm nie. Skrywer het egter probeer om al die inligting paragraafs-gewys te orden. Verskeie navorsers meen dat deelnemers en plaasvervanger-deelnemers 'n groter behoefte het aan prestasie as nie-deelnemers. Kroll en Crenshaw het egter 'n studie gedoen met karate-deelnemers en hulle het gevind dat die karate-deelnemers nie verskil van nie-deelnemers wat betref hulle prestasiebehoefte nie (Cooper, L., 16, p.19; Brunner, B.C., 10, p.464; Johnson, W.R., Hutton, D.C. en Johnson, G.B., 40, p.484; Schendel, J.S., 79, p.52; Kroll, W. en Crenshaw, W., 49, p.97).

Navorsingsresultate wil dat kampioen-atlete buiten-gewoon gedetermineerd is om hulle doel te bereik. As sodanig rig hulle al hulle energie op dit wat hulle wil bereik. In 'n studie ten opsigte van die stoeiers in 'n Olimpiese span van die V.S.A. (1960) is gevind dat die stoeiers almal bo-gemiddeld gedetermineerd was om hulle doel te bereik

(Johnson, W.R., Hutton, D.C., en Johnson, G.B., 40, p.484; Rasch, P.J. en Hunt, M.B., 69, p.165; Yensen, W.A., 104).

Kampioen-atlete is meer onafhanklik as nie-deelnemers, volgens Ogilvie, B.C., 65, p.45; Peterson, S.L., Weber, J.C., en Tronsdale, W.W., 66, p.686; Kroll, W. en Crenshaw, W., 49, p.97. McClenny, B.M., 60, p.1423 het egter gevind dat fikse deelnemers meer afhanklik van geaardheid is as nie-fikses.

Ryan, E.D. en Kovacic, C.R., 75, p.283 en Cooper, L., 16, p.17, het in afsonderlike studies aangetoon dat mense wat aan sport deelneem, beter daartoe in staat is om pyn te weerstaan as nie-deelnemers.

Schendel, J.S., 78, p.79, het gevind dat nie-deelnemers 'n groter verantwoordelikheid en pligsbesef aan die dag lê as deelnemers. Duggan, A.S., 21, p.662, se navorsingsresultate dui egter op die teenoorgestelde, nl. dat deelnemers meer verantwoordelik is as nie-deelnemers. Nie-deelnemers is meer verdraagsaam as deelnemers (Schendel, J.S., 77, p.52).

Topatlete is meer volwasse as gemiddelde deelnemers en nie-deelnemers (Ogilvie, B.C., 65, p.45). Fisiese aktiwiteit is goed vir die groei na volwassenheid by jeugdige deelnemers (Cooper, L., 16, p.17). In 'n lengtestudie het Schendel, J.S., 77, p.52,

gevind dat deelnemers en nie-deelnemers ewe veel ontwikkeling toon wat betref hulle groei na volwasse= senheid.

Deelnemers is meer liberaal en permissief in hulle denke as nie-deelnemers (Sperling, A.P., 87, p.351, Schendel, J.S., 77, p.52). Vroue wat aan spansport deelneem, is meer radikaal in hulle denke (Duggan, A.S., 21, p.662). Manlike deelnemers is meer konserwatief as nie-deelnemers (Kane, J.E., 43, p.91).

Beginnerdeelnemers en ervare deelnemers het dieselfde persoonlikheidseienskappe. Daar is egter 'n graadverskil wat betref die mate waarin die eienskappe by die groepe teenwoordig is (Kroll, W, 43, p.49). In 'n lengtestudie oor 'n tydperk van drie jaar kon Rushall geen persoonlikheidsverandering waarneem in deelnemersgroepe nie.

Dit wil voorkom asof die persoonlikheidstrekke van diegene wat aan kontaksportsoorte (boks, stoei, karate) deelneem, in 'n groot mate 'n ooreenkoms met dié van deelnemers aan individuele sportsoorte toon (Sperling, A.P., 87, p.363; Flanagan, L., 26, p.316).

Individuele sportsoorte ontwikkel meer gewenste persoonlikheidstrekke by deelnemers as spansportsoorte, volgens 'n studie van Ryan, E.D. en Kovacic, C.R., 74, p.283. Volgens Miller hou 'n kombinasie van

span- en individuele sportsoorte meer voordeel in vir deelnemers. Dit skep volgens hom vir die deelnemer 'n beter geleentheid tot gebalanseerde ontwikkeling (Miller, K.D., 63, p.29).

Tot op hede kon navorsers nog nie uitsluitsel vind of sport wel 'n invloed het op die persoonlikheidsontwikkeling van deelnemers al dan nie.

Die volgende navorsers is daarvan oortuig dat deelname aan sport wel 'n invloed het op die persoonlikheidsontwikkeling van deelnemers: Hunt, D., 36, p.704; Booth, E.G., 9, p.127; Behrman, R.M., 3, p.163; Cooper, L., 16, p.19 en Fourie, A.B., 27.

Sommige navorsers beweer egter dat sport geen invloed kan hê op die ontwikkeling van persoonlikheid nie (Merriman, J.B., 62, p.163; Rushall, B.S., 76, p.163; Flanagan, L., 26, p.312; Kroll, W. en Carlson, B.R., 48, p.405; Weber, R.J., 100, p.471). Seymour, E.W., 81, p.338, kan egter geen aanduiding vind of deelname aan sport wel persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed nie.

Soos uit bogenoemde bespreking blyk, bestaan daar nog vele probleme op die gebied van navorsing in die sportpsigologie. In die onderstaande gedeelte sal probeer word om van hierdie probleme sistematies saam te vat aan die hand van 'n paar skrywers.

2.5 Probleme wat navorsers in sportpsigologie ondervind

Die studie van persoonlikheid is in die psigologie van sport een van die mees populêre ondersoekterreine. Gevolglik tref ons baie geskifte en artikels aan wat handel oor die invloed van deelname aan sport, liggaamlike aktiwiteite en spele op die persoonlikheid van die deelnemer. Hierdie belangstelling kan toegeskryf word aan die belangrikheid van persoonlikheid in die bepaling van die gedrag van individue. Soos egter alreeds genoem, bestaan daar heelwat probleme op die gebied van die sportpersonologie.

Rainer Martens, 59, p.188, gee 'n samevatting van moontlike probleme op die gebied van sportpersonologie. In hoofsaak verdeel hy dit in drie afdelings, te wete:

- (i) Konsepsuele probleme
- (ii) Metodologiese probleme
- (iii) Verklaringsprobleme ("Interpretative problems")

(i) Konsepsuele probleme

Volgens Martens is dit ongelukkig so dat die meeste navorsing met betrekking tot sportpersonologie ontstaan het sonder dat daar 'n teoretiese basis of konsepsuele raamwerk daarvoor was. Dit vorm vir

hom die kern van al die probleme in die sportperso= nologiese navorsing. Rushall, B.S., 76, p.157, vat dit saam in die volgende woorde: "The consid= ration of a theoretical position to justify the in= vestigation of a personality - physical performance relationship is virtually non-existent in the lite= rature."

Uit die bestaande navorsing is dit ook duidelik dat sportpersoonoloë dikwels nie daarin slaag om die be= lang van die omgewing as 'n belangrike determinant van gedrag doeltreffend te ondersoek nie. Volgens Martens probeer hulle gedrag voorspel deur slegs 'n studie te maak van die persoonlikheidstrekke van die individu sonder dat hulle ag slaan op die in= vloed van die omgewing. Ander navorsers doen weer net die teenoorgestelde, nl. om te probeer om gedrag te voorspel deur slegs te let op omgewingsfaktore en dusdoende heeltemal te vergeet van individuele faktore. Martens, R., 59, p.190, sê self: "To predict behaviour more successful, one must adopt the dyadic approach which considers the relation= ships between the individual's personality and the type of situation in which he finds himself."

(ii) Metodologiese probleme

'n Belangrike metodologiese probleem is die onver= krygbaarheid van gepaste operasionele definisies vir atlete, motoriese vermoë, ens. Dit is uiters

moeilik om vrae oor hierdie sake te beantwoord as dit nie behoorlik gedefinieer is nie.

As die persoonlikheidsprofiele van mense wat aan individuele sport deelneem, verskil van dié van persone wat aan groepsport deelneem, kom die navorser voor die probleem te staan dat hy die twee groepe apart moet ondersoek ten einde geldige resultate te kan verkry. 'n Volgende groep probleme sentreer rondom die wyse van steekproefseleksie en die manier waarop resultate statisties behandel word. Alhoewel hierdie probleem te tegnies kan raak as 'n mens te diep daarop ingaan, is dit volgens Martens tog nodig om daarop te wys dat vele studies betreffende sportpersonologie al verongeluk is as gevolg van foutiewe statistiese berekeninge.

Die meting van persoonlikheidstrekke het ook al baie probleme opgelewer. Voordat 'n betroubare toets soos die 16 PF opgestel was, was daar nie veel ondersoekers wat van toetsmateriaal van gehalte gebruik gemaak het nie. Die meeste navorsers het, wat die sportpsigologie aanbetref, gebruik gemaak van persoonlikheidsvraelyste en beoordelingskale wat nie veel waarde gehad het nie. Vandag is daar egter genoeg betroubare toetsmateriaal beskikbaar, maar toetse word gewoonlik gekies op grond van hulle gerieflikheid en nie ter wille van die empiriese bruikbaarheid daarvan nie. Navorsers maak ook selde melding van hulle motiveringsredes waarom hulle 'n

sekere toets gebruik en somtyds maak hulle nie eers melding van die betroubaarheid en geldigheid van 'n toets nie. 'n Mens moet altyd in gedagte hou dat die geldigheid van 'n toets kan wissel na gelang van die doel daarvan en daarom moet toetse so gekies word dat dit inpas by die doel waarvoor dit ontwerp is. 'n Mens vind dikwels dat die toetse wat gebruik word, so ontwerp is dat dit eintlik net geskik is vir die meting van abnormaliteite en dus glad nie vir die meting van normale persoonlikheidseienskappe nie.

Die navorser moet altyd in gedagte hou dat die metodologiese probleem nie geskei kan word van die konsepsuele nie. Lazarus, R.S. uit Martens, R., 59, p.188, stel dit as volg: "Research in personality depends on two types of activities: (i) the evolution of fruitful theoretical concepts about personality and: (ii) the measurement of the qualities of personality postulated in such theory so that empirical observation and experimentation on the constructs can be pursued and theories evaluated."

(iii) Verklaringsprobleme

Martens noem hier drie soorte probleme waarvan die eerste twee nou verbonde is aan die konsepsuele en metodologiese probleme.

Ten eerste vind 'n mens dat die fout wat die meeste begaan word sy oorsprong het in gebrekkige metodolo=

gie. Dit is naamlik daat daar in die meeste ondersoek 'n gebrek bestaan aan interne geldigheid. In die verband gaan dit hoofsaaklik om verkeerde afleidings wat gemaak word uit die resultate van die navorsingsprojek (of deur die ondersoeker self, of deur die lesers van die werk).

Ten tweede is die eksterne geldigheid van die meeste studies laag. (Dit is dus nie moontlik om maklik afleidings uit die werk te maak nie.) Tog probeer die lesers van die literatuur dikwels afleidings maak waar daar nie is nie. Cratty, B.J., 18, p.15, sê in die verband: "For example, upon finding that athletics possess personality traits different from non-athletes it is usually implied that athletic competition has caused the differences, rather than a speculation that individuals with certain personality characteristics may simply tend to direct their energies towards sports participation."

Ten derde is dit so dat sommige navorsers (veral in die V.S.A.) beweer dat hulle persoonlikheidstoetse vir die meting van persoonlikheid ten opsigte van sportmanne opgestel en gestandaardiseer het. Volgens Martens is hulle bewerings onwetenskaplik en ongegrond. 'n Mens kry dus ook met die probleem te doen dat navorsers hulle gegewens (ter wille van persoonlike gewin) saamstel en verander soos wat hulle dit graag wil hê en dit dan vir die waarheid verkoop - iets wat heeltemal oneties en onwe-

tenskaplik is.

E.D. Ryan, 74, p.75, vat alles saam in die volgende woorde: "The research in this area has largely been of the shotgun variety. By that I mean that the investigators grabbed the nearest and most convenient personality test and the closest sports group, and with the little or no theoretical basis for their selection fired into the air to see what they could bring down. It isn't surprising that firing into the air at different times and at different places, using different ammunition, should result in different findings. In fact it would be surprising if the results weren't contradictory and somewhat confusing."

Bogenoemde is slegs 'n oorsigtelike bespreking van probleme in die algemeen. Wat is die toestand in Suid-Afrika? is die vraag wat onwillekeurig gestel word en in die verband is dit duidelik dat die grootste probleem 'n gebrek aan navorsing is.

A.B. Fourie wat st. 9-skoolseuns; Ellmer, 1967, wat st. 8-, st. 9- en st. 10-leerlinge sowel as studente van 'n handels- en huishoudskool (N = 127); Strydom, 1970, wat stedelike st. 6-seuns en Smit wat stedelike en plattelandse hoërskoolseuns getoets het, is die enigste vier navorsingspogings wat ingestel was op die hoërskoolkind. Eersgenoemde en laasgenoemde twee se resultate is wetenskaplik verkry en kan dus as betroubaar aanvaar

word. Ellmer self voel dat die resultate wat sy gekry het te uiteenlopend van aard is om definitiewe gevolgtrekkings te maak. Sy voel egter dat dit kan dien as leidrade vir verdere ondersoeke.

Dr. D.H. Craven (1964) se ondersoek met studente (1ste-3de jaar) aan die Universiteit van Stellenbosch, is die enigste van sy soort in Suid-Afrika. Dit vorm egter saam met eersgenoemde skrywers se werke 'n basis vir die uitbouing van die betrokke navorsing in Suid-Afrika.

Met die voorafgaande in gedagte is dit dus duidelik dat daar 'n leemte bestaan in Sportsielkundige navorsing in Suid-Afrika. Veral inligting oor studente en laerskoolkinders is onbekombaar en in die toekoms sal daar beslis aandag aan hierdie gebrek geskenk moet word.

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die algemene metodologiese opset van die ondersoek uiteengesit. Ten eerste is daar 'n beskrywing van die wyse waarop die deelnemers- en nie-deelnemersgroepe saamgestel is. Tweedens word die wyse waarop die inligting ingesamel is beskryf. In die derde plek word die motivering vir die gebruik van die verskillende meetinstrumente uiteengesit. Vierdens volg 'n volledige beskrywing en evaluering van die verskillende meetinstrumente wat in hierdie ondersoek gebruik is. Ten slotte word 'n beskrywing gegee van die statistiese tegnieke wat in hierdie ondersoek gebruik is.

3.2 Samestelling van die deelnemers- en nie-deelnemersgroepe

Twee groepe is in hierdie ondersoek betrek, naamlik 'n deelnemersgroep en 'n nie-deelnemersgroep. Die deelnemersgroep is saamgestel uit man- en damestudente van die P.U. vir C.H.O. Voor- en nagraadse studente is in die ondersoek betrek. Vyf indiwiduele sportsoorte is gekies, naamlik:

Karate
Atletiek
Tennis
Gimnastiek
Muurbal.

Om as deelnemers te kon kwalifiseer, moes al die persone (mans en dames) vir 'n tydperk van 1 jaar of langer gereeld oefen en waar dit moontlik was, moes hulle aan al die kompetisies (wedstryde) deelneem wat deur hulle klubs gereël is. Vir die doel van hierdie ondersoek is al die lede van die onderskeie klubs wat bereidwillig was om die persoonlikeidstoetse te voltooi, betrek. In die geval van die Atletiekkklub is die paar atlete wat as nie-studerende lede vir die klub deelneem, buite rekening gelaat.

Die nie-deelnemers is afgepaar met die deelnemers op grond van die volgende:

- (i) Akademiese jaar,
- (ii) ouderdom,
- (iii) geslag.

Vrywilligers wat voldoen het aan die vereistes ten opsigte van bogenoemde is uit die verskillende mans- en dameskoshuise van die P.U. vir C.H.O. gevra om die drie toetse af te lê. Om as nie-deelnemers te kon kwalifiseer moes die persone (mans en dames)

vir 'n tydperk van 1 jaar of langer glad nie aan sport deelgeneem het nie. Persone wat as gevolg van fisiese gebreke nie aan sport kon deelneem nie, word nie vir die doel van hierdie ondersoek beskou as nie-deelnemers nie.

'n Totale groep bestaande uit 282 proefpersone is uiteindelik betrek. Hierdie groep is as volg saamgestel:

	<u>Deelnemers</u>		<u>Nie-deelnemers</u>
	Mans		Mans
Karate	25		25
Atletiek	19		19
Tennis	12		12
Muurbal	16		16
Atletiek	<u>13</u>		<u>13</u>
N =	<u>85</u>	N =	<u>85</u>
	Dames		Dames
Karate	12		12
Atletiek	11		11
Tennis	13		13
Muurbal	9		9
Atletiek	<u>11</u>		<u>11</u>
N =	<u>56</u>	N =	<u>56</u>
Totaal N =	<u>141</u>	N =	<u>141</u>

3.3 Insameling van gegewens

Die meetinstrumente is op al die proefpersone sowel as die kontrolegroep toegepas in klein groepe wat gewissel het van 10 tot 20. Diegene vir wie dit onmoontlik was om die groepstoetsing by te woon is individueel, òf deur ondersoeker self, òf deur honneurs-psigologiestudente getoets. Sorg is gedra dat dieselfde gekontroleerde omstandighede in alle gevalle (groeps- sowel as individuele toetsing) gehandhaaf is. Al die antwoordblaaie is deur skrywer self per hand nagesien. Om die ingesamelde gegewens te verwerk is van 'n elektroniese tabellekenaar gebruik gemaak.

3.4 Motivering vir die gebruik van die verskillende meetinstrumente

By die keuse van meetinstrumente wat geskik is vir die meting van persoonlikheidseienskappe by sportdeelnemers en nie-sportdeelnemers (ten einde 'n vergelyking te kan tref tussen die twee groepe) word die ondersoeker voor 'n netelige probleem gestel. Eerstens is persoonlikheidsevaluering uiters omvangryk van aard en tweedens word die meting van persoonlikheid bemoeilik deur die kompleksiteit daarvan. Ten einde hierdie omvangrykheid te minimaliseer en terselfdertyd reg te laat geskied aan die doel van hierdie ondersoek is daar besluit om die volgende drie meetinstrumente in die ondersoek

te betrek:

- (a) IPAT-Angsskaal
- (b) 16 PF
- (c) P.H.S.F.-Verhoudingevraelys

Die drie instrumente is hoofsaaklik nie-kognitief van aard, alhoewel die 16 PF ook 'n intelligensieveld bevat.

Die IPAT-Angsskaal is gekies om te bepaal of daar enige verskille bestaan tussen die gemanifesteerde angspeil van deelnemers aan sport en nie-deelnemers. Verskillende outeurs handhaaf verskillende menings wat betref die voorkoms van angs by sportdeelnemers. Ten einde te bepaal of deelnemers meer angstig is as nie-deelnemers of nie, is dit gerade geag om hierdie toets, wat alreeds as geldig en betroubaar gevind is in vele ondersoeke, ook by hierdie ondersoekpoging in te sluit. Die vraelys is ook ingesluit vanweë die feit dat dit dien as 'n goeie aanvullende hulpmiddel by ander persoonlikheidstoetse (veral die 16 PF).

Vanuit navorsingsoogpunt beskou, bied die 16 PF vanweë sy unieke samestelling, die moontlikheid om die wisselende menings oor die persoonlikheidswetenskappe van deelnemers te bevestig of te verwerp. Hierdie spesifieke toets is al met groot sukses in soortgelyke ondersoeke as hierdie gebruik en dit sal dus die geleentheid bied om vas te stel of die

bevindings van hierdie ondersoek ooreenstem met die van die ander ondersoekers wat dieselfde instrument gebruik het.

Die PHSF is as meetinstrument ingesluit vanweë die feit dat dit in 'n groot mate as 'n aanvulling kon dien vir die IPAT-Angsskaal en die 16 PF. Dit voorsien egter ook die moontlikheid vir 'n dubbele kontrolering van die eienskappe wat deur laasgenoemde instrument gemeet is. Die toets bied ook geleentheid vir die ondersoek van die persoon se huislike, sosiale en formele verhoudinge wat uit die aard van die saak sy persoonlikheidseienskappe kan beïnvloed.

3.5 Beskrywing van die meetinstrumente

3.5.1 Die IPAT-Angsskaal

(a) Doel van die IPAT-Angsskaal

Die IPAT-Angsskaal is ontwikkel met die doel om 'n objektiewe gestandaardiseerde metode te vind waarvolgens kliniese inligting aangaande angs bekom kan word. Die primêre doel van die vraelys is om die vrye angspeil van die individu te meet, ongeag of dit deur omgewing veroorsaak is of nie.

(b) Beskrywing van die IPAT-Angsskaal

Die IPAT-Angsskaal (Cattell, 1957) is 'n kort gel=
dige vraelys wat die toetsling geensins onder druk
plaas by die beantwoording daarvan nie en is geskik
vir die ouderdomsgroepe 14-18 jaar en ouer. Die
vraelys bestaan uit 40 items wat afgelei is van die
16 PF toets (Cattell). Dit is verdeel in 5 kate=
gorieë wat elk bestaan uit die items van eerste=
orde persoonlikheidsfaktore. Hierdie verdeling
van items word aangetoon in Tabel 1.

Gesamentlik definieer hierdie 5 eerste-orde faktore
die tweede-orde faktor van angs.

Die eerste 20 items van die skaal is die meer be=
dekte uitdrukkings van die tweede-orde faktor, ter=
wyl die laaste 20 items die meer openlike uitdruk=
king daarvan is. Die vraelys kan nagesien word
vir totale angs (dit is al 40 items), bedekte angs
(die tweede 20 items). In hierdie ondersoek is
die vraelys nagesien vir totale angs en slegs die
roupunte is gebruik vir korrelasiedoeleindes. 'n
Afrikaanse vertaling van die Angsskaal deur die
eertydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maat=
skaplike Navorsing is gebruik om die proefpersone
mee te toets.

Die toetstyd is ongeveer 10 minute. Die items
word op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord

TABEL 1
ITEMSAMESTELLING VAN DIE IPAT-ANGSSKAAL

Die vyf komponente	Gewig	Identifikasie van items	
Q3 : Selfsentimentontwik- keling	8	1, 2, 3, 4	21, 22, 23, 24
C : Egosterkte	6	5, 6, 7	25, 26, 27,
L : Skuldgeneigdheid	4	8, 9	28, 29
O : Spanning	12	10, 11, 12, 13, 14, 15	30, 31, 32, 33, 34, 35
Q4 : Paranofede neigings	16	16, 17, 18, 19, 20.	36, 37, 38, 39, 40.
		Onbewus	Bewus

(Handleiding vir die IPAT-Angsskaal, p.3)

en met 'n nasiensleutel of optiese lesers nagesien. (In die geval van hierdie ondersoek is 'n nasien=sleutel gebruik.) Vir elke item is daar drie moontlike responsies, naamlik "waar, tussenin, onwaar." Die toets kan verder individueel of op 'n groep toegepas word. Omdat die toetssituasie so privaat is, veroorsaak dit dat die persoon meer openhartig en objektief is as in 'n persoonlike omderhoud.

(c) Betroubaarheid

Die betroubaarheid van die IPAT-Angsskaal, bereken volgens drie metodes, word in Tabel 2 weergegee. Die betroubaarheid is deurgaans hoog.

Cattell, R.B. en Scheier, J.H., 14, het 'n halfverdelingsbetroubaarheid van 0,90 vir die Angsskaal gerapporteer. Bendig, A.W., 4, p.374 en Bendig, A.W., 5, p.27, het die volgende KR-20-betroubaarheidsindekse i.v.m. die skaal gerapporteer:

Bedekte angs: 0,63, openlike angs: 0,79 en totale angs: 0,83.

(d) Geldigheid

Met die geldigheidsbepaling van die toets het die opstellers vermoed dat wanaanpassing, soos gemeet deur die N.B.-Aanpassingsvraelys 'n hoë verband toon met beangstheid. Hulle het gevolglik korre=

TABEL 2

BETROUBAARHEID VAN DIE SKALE

Waarde		Steekproef
Totale Angstellings		
0,83		93 Afrikaanssprekende seuns
0,87		69 Engelssprekende seuns
0,86	Toets-hertoets (na twee weke)	98 Afrikaanssprekende dogters
0,88		85 Engelssprekende dogters
0,82	Homogeniteit-Ferguson (32) se	297 Afrikaanssprekende seuns
0,78	aanpassing van die K-R 20-for=	400 Engelssprekende seuns
0,78	mule	250 Afrikaanssprekende dogters
0,83		300 Engelssprekende dogters
0,80	Halfverdelingsmetode	470 Afrikaanssprekende seuns & dogters
0,76		319 Engelssprekende seuns & dogters
Bewuste en Onbewuste Angs		
0,80	A-telling, toets-hertoets	93 Afrikaanssprekende seuns
0,76	(2 weke)	69 Engelssprekende seuns
0,81		98 Afrikaanssprekende dogters
0,84		85 Engelssprekende dogters
0,76	B-telling, toets-hertoets	93 Afrikaanssprekende seuns
0,83	(2 weke)	69 Engelssprekende seuns
0,84		98 Afrikaanssprekende dogters
0,83		85 Engelssprekende dogters

(Handleiding vir die IPAT-Angsskaal, p.7)

lasies bereken tussen die verskillende velde van die N.B.-Aanpassingsvraelys en die drie moontlike tellings wat behaal kon word op die IPAT-Angsskaal. Hierdie korrelasies is gebaseer op gegewens wat verkry is uit 'n voorlopige ondersoek waarby die standaard sewe-leerlinge van twee Engelse en twee Afrikaanse hoërskole betrokke was. Die korrelasies word in Tabel 3 aangegee. Aandag is hoofsaaklik geskenk aan samevallende geldigheid.

Cattell, R.B. en Scheier, I.H., 95, rapporteer 'n konstruktevaliditeitskoëffisiënt van 0,85, 'n korrelasie met psigiatrisiese evaluasies van algehele en ongebonde angs van 0,40, asook korrelasies van 0,77 en -0,29 met onderskeidelik die neurotisme en ekstroversie-skale van Eysenck.

Al bogenoemde inligting is verkry uit die Handleiding vir die IPAT-Angsskaal van die eertydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, behalwe in die enkele gevalle waar dit anders gerapporteer is.

3.5.2 Die 16 PF-toets

Vir die doel van hierdie ondersoek word die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys beskou as die belangrikste meetinstrument. Die ander twee moet gesien word as aanvullende hulpmiddels. Hierdie vraelys is al deur verskillende navorsers in Suid-Afrika

TABEL 3

KORRELASIES TUSSEN DRIE ANGSSKAALTELLINGS EN DIE AFSONDERLIKE VELDE VAN
DIE NB-AANPASSINGSVRAELYS (N = 122)

Velde van NB-Aanpassingsvraelys	A-tellings (Onbewuste angs)	B-tellings (Bewuste angs)	Totale tel.
1. Gebrek aan selfvertroue	0,21*	0,27	0,28
2. Gebrekkige gevoel van eie= waarde	0,34	0,40	0,44
3. Beperkte persoonlike vryheid	0,29	0,28	0,34
4. Gevoel van miskenning	0,50	0,44	0,55
5. Simptome van senuweeagtigheid	0,40	0,48	0,53
6. Oormatige teruggetrokkenheid	0,22	0,32	0,32
7. Swak morele inslag	0,33	0,21*	0,31
8. Wanaanpassing in gesinsver= houdings	0,46	0,37	0,49
9. Wanaanpassing in skoolverhou= dings	0,36	0,43	0,47
10. Emosionele onrypheid of on= stabiliteit	0,42	0,49	0,54

*P 0,05. In alle ander gevalle is P 0,01.

Uit dié resultate in bostaande tabel blyk dit dat daar 'n beduidende ver=
band bestaan tussen die meetinstrumente en dat die navorsers se vermoede
waarskynlik bevestig is (Handleiding vir die IPAT-Angsskaal, p.8)

met groot vrug gebruik in navorsingswerk.

(a) Doel van die 16 PF

Die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) van Cattell is opgestel met die doel om in 'n kort tydspanne so 'n volledig moontlike beeld te verkry van die totale persoonlikheid in sy verskillende dimensies. Op grond van intensiewe navorsing en deur middel van 'n omvattende proses van faktorontleding is die sestien belangrikste persoonlikheidsfaktore vasgestel. Hierdie sestien persoonlikheidsfaktore is onafhanklik van mekaar, maar vorm tog 'n funksionele eenheid en oefen 'n wye invloed uit op gedrag in die algemeen.

(b) Beskrywing van die 16 PF

Die 16 PF lewer, soos alreeds gemeld, 'n omvattende hoeveelheid inligting aangaande die basiese persoonlikheidsstruktuur. By die 16 PF word die persoonlikheidsfaktore by wyse van sestien bipolêre beskrywings voorgestel. Vyftien is temperamentele of dinamiese faktore en een (Faktor B) gee 'n beskrywing van algemene intelligensie. Die volledige toets bestaan uit drie vorms, A, B en C wat ekwivalent is in die sin dat al drie vorms tellings lewer ten opsigte van die sestien faktore. Vorm C is 'n vereenvoudigde vorm met 105 items en word hoofsaaklik vir siftingsdoeleindes gebruik. Vorms

A en B het elk 187 items met 10 tot 13 items per faktor. Toetsbatterye van verskillende lengtes kan saamgestel word deur die volgende moontlike kombinasies:

Vorm C alleen, met 105 items.

Vorm A of B, met 187 items.

Vorm A of B saam met Vorm C, met 292 items.

Vorm A saam met vorm B, met 374 items.

Vorms A, B en C saam, met 479 items.

Die meeste vrae in die toets is direk gestel en dek 'n verskeidenheid aspekte wat die individu nie noodwendig in verband sal bring met die betrokke onderhawige eienskap nie. Die toets is gestandaardiseer vir persone van 16 jaar en ouer en kan individueel of as 'n groeptoets gebruik word. Drie antwoorde waaruit een gekies moet word, word by elke vraag aangebied.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die Afrikaanse vertaling (deur die R.G.N.) van die 16 PF, vorm A gebruik. Die roupunte wat op die toets behaal is, is gebruik vir al die statistiese verwerkings. Twee soorte faktorname, naamlik tegniese benaminge vir gebruik deur professionele sielkundiges en eenvoudiger, beskrywende benaminge vir interpretasiedoeleindes aan leke, is gebruik.

Met die oog op latere vertolking van die gegewens word elke faktor kortliks weergegee. Die volgende faktore word genoem en bespreek, naamlik: A, B, C, E, F, G, H, I, L, M, N, Q₁, Q₂, Q₃ en Q₄. Dit is nodig om daarop te let dat die letters D, J, K wat ooreenstem met die nommers 4, 10 en 11 uitgelaat is. In die plek daarvan is die reeds genoemde alfabetletters Q₁, Q₂, Q₃ en Q₄, omdat hierdie vier faktore in questionnaire-response gevind word in teenstelling met D, J en K wat weer slegs in beoordelings gevind word. Sover dit die bipolêre beskrywing van die verskillende faktore aanbetref, moet daarop gelet word dat 'n hoë telling op enige persoonlikheidsfaktor altyd betrekking het op die gedragsbeskrywings wat links (positiese pool) verskyn, terwyl 'n lae telling altyd ooreenstem met die gedragsbeskrywings wat regs (negatiewe pool) verskyn.

Die persoonlikheidsfaktore wat deur die 16 PF gemeet word, is die volgende:

Faktor A. U.I. 1

SIKLOTIMIE, A+

(Hartlik, Gesellig)

Gemoedelik, gemaklik,
onbesorgd

Koöperatief

Skenk aandag aan andere

SKISOTIMIE, A-

(Afsydig, Strak)

Aggressief, hebsugtig, krities

Dwarstrekkerig

Koel, afsydig

Teerhartig, aangenaam
Vertrouend
Aanpasbaar
Hartlik

Hardvogtig, nougeset
Agterdogtig
Onbuigsaam
Onverskillig

Faktor B. U.I. 2

ALGEMENE INTELLIGENSIE,
B+

(Slim)
Konsensieus

Volhardend
Intellektueel, beskaafd

INTELLEKTUEEL GEBREK=
KIG B-

(Dom)
Min moed en deurset=
ting
Gooi maklik tou op
Onontwikkel

Faktor C. U.I. 3

EMOSIONELE STABILITEIT
OF EGO-STERKTE, C+

(Ryp, Kalm)
Emosioneel ryp
Emosioneel stabiel
Kalm, flegmaties
Realistiese lewens=
beskouing
Afwesigheid van neu=
rotiese moegheid
Rustig

EMOSIONELE ONSTABILI=
TEIT C-

(Emosioneel, Onryp,
Onstabiel)
Gebrek aan frustrasie=
toleransie
Veranderlik in houdings
Toon algemene emosiona=
liteit
Ontwykend (t.o.v. las=
tige strydvrage en per=
soonlike beslissings)
Aanwesigheid van neuro=
tiese moegheid
Kommervol

Faktor E. U.I. 5

DOMINANSIE OF OORHEER=
SING, E+

(Aggressief, Mededingend)

Selfgeldend, self=
versekerd

Onafhanklik

Hardvogtig, stroef

Flegmaties

Onkonvensioneel

Hard

Aandagsoekend

SUBMISSIE, E-

(Sagaardig)

Onderdanig

Afhanklik

Teerhartig, sagge=
aard

Vol uitdrukking

Konvensioneel

Maklik ontsteld

Selfgenoegsaam

Faktor F. U.I. 6

SORGVRYHEID, F+

(Entoesiasties, Onbe=
kommerd)

Spraaksaam

Opgeruimd

Bedaard, onbekommerd

Openhartig, ekspres=
sief

Lewendig en wakker

SOBERHEID, F-

(Bedruk, Nugter,
Ernstig)

Stil, introspektief

Bedruk

Besorgd, peinsend

Terughoudend, self=
voldaan

Lusteloos, traag

Faktor G. U.I. 7

KARAKTER OF SUPER-EGO=
STERKTE, G+

(Konsensieus, Volhardend)

Volhardend, vasberade

Verantwoordelik

Emosioneel ryp

Voortdurend georden

Konsensieus

Bedagsaam teenoor
andere

GEBREK AAN STRENGE
INNERLIKE STANDAARDE,
G-

(Onverskillig, Onbetroubaar)

Gooi tou op, wankelmoedig

Onverantwoordelik

Veeleisend, ongeduldig

Ontspanne

Onbetroubaar

Dwarstrekkerig en
onbedagsaam

Faktor H. U.I. 8

"PARMIA", H+

(Avontuurlik, Dikvellig)

Avontuurlik, hou daarvan om mense te ontmoet

Aktief, openlike belangstelling in teenoorgestelde geslag

Simpatiek, gesellig

Vriendelik

Impulsief, oppervlakkig
Emosionele en artistiese
belangstellings

"THRECTIA", H-

(Skaam, Bangerig)

Skaam, teruggetrokke

Teruggetrokke in teenwoordigheid van teenoorgestelde geslag

Afsydig, koel, onafhanklik

Geneig om verbitterd te raak

Beheersd, konsensieus
Beperkte belangstellings

Sorgvry, sien nie
gevaartekens nie

Versigtig, sien gou
gevaartekens

Faktor I. U.I. 9

"PREMSIA", I+

"HARRIA", I-

(Sensitief, Vroulik)

(Moeilik, Realisties)

Veeleisend, ongeduldig,
subjektief

Realisties, verwag
min

Afhanklik, hulpsoekend

Selfstandig, aanvaar
verantwoordelikheid

Goedhartig, saggeaard

Hard (byna sinies)

Artisties puntenerig,
aanstellerig

Nie-kunstig, maar
het goeie smaak

Verbeeldingryk

Prakties, nugter

Handel volgens sen=
sitiewe intuïsie

Handel volgens prak=
tiese, logiese bewy=
se

Aandagsoekend, lig=
sinnig

Selfgenoegsaam

Hipochondries, kommer=
vol

Onbewus van fisiese
gebreke

Faktor L. U.I. 12

PROTENSIE (PARANOÏDE
NEIGINGS), L+

ONTSPANNE SEKURITEIT,
L-

(Agterdogtig, Jaloers)

(Aanvaardend, Aanpas=
baar)

Jaloers

Aanvaardend

Selfgenoegsaam

Na buite gerig

Agterdogtig
Teruggetrokke,
peinsend
Tirannies

Hardvogtig
Prikkelbaar

Vertrouend
Openhartig, bereid
om te wag
Begrypend, permis=
sief, verdraagsaam
Teerhartig
Bedaard en opgeruimd

Faktor M. U.I. 13

"AUTIA", M+

(Boheems, Introversief,
Verstrooid)

Onkonvensioneel, gaan in
homself op

Geïnteresseerd in kuns,
teorie of basiese op=
vattings

Verbeeldingryk, skeppend

Ligsinnig, onrype prak=
tiese oordeel

Gewoonlik opgewek, maar
toon soms histeriese nei=
gings om moed op te gee

"PRAXERNIA", M-

(Prakties, Konvensio=
neel)

Konvensioneel, attent
op praktiese behoeftes

Belangstelling beperk
tot sake van onmiddel=
like belang

Geen spontane skeppend=
heid

Gesonde, betroubare,
realistiese, praktiese
oordeel

Ernstig, besorgd of
bekommerd, maar baie
standvastig

Faktor N. U.I. 14

UITGESLAPE, N+

(Gesofistikeerd,
Beskaafd)

NAïEF, N-

(Ongekunsteld, Preten=
sieloos)

Verfynd, sosiaal wakker

Presies, berekend

Afsydig, emosioneel,
gedissiplineerd

Esteties kieskeurig

Self-insig

Toon insig t.o.v.
andere

Ambisieus, moontlik
onseker

Opportunisties, soek
kortpaaie

Sosiaal lomp en "na-
tuurlik"

Vaag en sentimenteel

Hartlik, gesellig,
spontaan

Eenvoudige smaak

Gebrek aan self-insig

Onbedrewe om motiewe
te ontleed

Aanvaar dinge soos
dit kom

Glo in aanvaarde
waardes

Faktor O. U.I. 15

VATBAAR VIR SKULDGE=
VOELEN, O+

(Bangerig, Onveilig)

Bekommerd, Angstig

Bedruk

Sensitief, teer, mak=
lik ontsteld

Sterk pligsbesef

Veeleisend, puntenerig

Hipochondries

Fobiese simptome

Buierig, eensaam,
peinsend

OORTUIGDE BEVOEGDHEID,
O-

(Oortuig, Selfverse=
kerd)

Selfversekerd

Opgewek, buigsaam

Hardvogtig, kalm

Opportunisties

Traak-my-nie-agtig

Uiters lewenslustig

Geen vrese

Gecig tot eenvoudi=
ge, gewone optrede

Faktor Q₁. U.I. (Q) 16

RADIKALISME, Q₁⁺

Eksperimenteer graag

Liberaal

Analities

Vrydenkend

KONSERWATISME Q₁⁻

Konserwatief, respek=
teer reeds bestaande
idees

Verdraagsaam wat be=
tref tradisionele
probleme

Faktor Q₂. U.I. (Q) 17

SELFGENOEGSAAM, Q₂⁺

Selfgenoegsaam

Vindingryk

Verkies eie besluite

GROEPSAFHANKLIK, Q₂⁻

Groepsafhanklik

Volgeling

Faktor Q₃. U.I. (Q) 18

HOë SELFSENTIMENT, Q₃⁺

Selfbeheer

Oefen wilskrag uit

Sosiaal presies

Kompulsief

Volg eie selfbeeld

LAë SELFSENTIMENT, Q₃⁻

Onbeheers

Willoos

Volg eie drange

Gee nie aandag
aan sosiale reëls nie

Faktor Q₄. U.I. (Q) 19

GESPANNE, Q₄⁺

Gespanne
Gefrustreerd
Gejaagd
Prikkelbaar
Ongeduldig

ONTSPANNE, Q₄⁻

Ontspanne
Besadig
Tevrede
Flegmaties

Wat betref betroubaarheid en geldigheid moet daarop gelet word dat die Amerikaanse inligting verstrek word, daar die werk wat deur navorsers van die R.G.N. gedoen is nie vir hierdie werkstuk beskikbaar was nie.

(c) Geldigheid

Vir die navorser wat, in plaas van gebruik te maak van kombinasies van die 16 PF, slegs 'n individuele vorm gebruik soos wat in hierdie ondersoek die geval is, gee Cattell et al., 13, pp.35-38, die volgende konstrukgeldigheidskoëffisiënte aan. (Tabel 4.)

Hierdie geldigheid, behalwe vir faktore M, N, O en Q₂ op die laaste twee vorms is volgens Cattell en sy medewerkers so hoog as wat dit kan kom vir toets= batterye van hierdie aard.

76. TABEL 4

DIREKTE KONSTRUKGELDIGHED VAN DIE 16 PF

Vorm	A	B	C	E	F	G	H	I	L	M	N	O	Q ₁	Q ₂	Q ₃	Q ₄
A	0,79	0,35	0,70	0,63	0,83	0,67	0,92	0,70	0,49	0,44	0,41	0,71	0,62	0,70	0,68	0,5
B	0,78	0,44	0,66	0,64	0,79	0,69	0,87	0,75	0,63	0,73	0,60	0,81	0,51	0,70	0,69	0,5
C	0,62	0,54	0,46	0,76	0,55	0,61	0,63	0,71	0,57				0,49		0,63	0,6
D	0,74	0,54	0,65	0,56	0,68	0,69	0,82	0,68	0,57				0,75		0,67	0,7

Cattell et al., 13, p.36.

(d) Betroubaarheid

Die halfverdelings-betroubaarheidskoëffisiënte vir die verskillende faktore soos bereken deur Cattell et al., 14, word in Tabel 5 aangegee.

TABEL 5

HALFVERDELINGS-BETROUBAARHEIDSINDEKS VAN DIE 16 PF

Faktore	R_{tt}	Faktore	R_{tt}
A	0,99	L	0,77
B	0,86	M	0,88
C	0,93	N	0,79
E	0,91	O	0,85
F	0,84	Q ₁	0,71
G	0,85	Q ₂	0,79
H	0,83	Q ₃	0,76
I	0,76	Q ₄	0,88

Hiervolgens is dit dus duidelik dat die toets 'n hoë mate van betroubaarheid toon.

Vanweë die praktiese bruikbaarheid van die toets, asook die hoë mate van geldigheid en betroubaarheid word dit as 'n goeie meetmiddel beskou vir die be-

paling van die persoonlikheidseienskappe by deelnemers en nie-deelnemers.

3.5.3 Die P.H.S.F.-verhoudingevraelys

(a) Doel van die P.H.S.F.: Die doel van die P.H.S.F. is om deur middel van 11 komponente die verhoudingslewe van hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te meet. Dit gaan nie soseer om die meting van spesifieke persoonlikheidstrekke nie, maar eerder om die meting van die voorkoms en dinamiek van die persoonlikheidstrekke van die persoon in sy omgang met homself en sy sosiale milieu.

(b) Beskrywing van die P.H.S.F.: Die P.H.S.F. bestaan uit 11 komponente wat in die volgende 4 basiese aanpassingsgebiede verdeel kan word, naamlik:

Persoonlike verhoudinge
Huislike verhoudinge
Sosiale verhoudinge
Formele verhoudinge.

'n Gewenstheidsskaal is ook ingesluit. Die 4 aanpassingsgebiede kan as volg beskryf word:

Persoonlike verhoudinge (P)

Die komponente van hierdie faktor gee 'n aanduiding van 'n persoon se persoonlike verhoudinge.

(i) Selfvertroue

Hierdie komponent gee 'n aanduiding of 'n persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.

(ii) Eiewaarde

Dit is die persoon se evaluering en aanvaarding van sy werklike of vermeende persoonlikheidseenskappe, vermoëns en gebreke.

(iii) Selfbeheer

Dit gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n persoon in staat is om sy drange en emosies op 'n normale, volwasse manier te beheer.

(iv) Senuweeagtigheid

'n Hoë telling kan in hierdie geval dui op die afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid, en 'n lae telling op net die teenoorgestelde.

(v) Gesondheid

Die telling gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n persoon gepreokkupeerd is met sy fisiese toestand.

Huislike verhouding (H)

Die komponente van hierdie faktor gee 'n aanduiding van gesinsverhoudinge.

(vi) Gesinsinvloede

Hierdie telling gee 'n aanduiding van die mate waar=in 'n persoon beïnvloed word deur faktore soos by=voorbeeld sy posisie in die gesin, gesinsamehorig=heid, verhoudinge tussen die ouers en ook sosio-eko=nomiese toestande.

(vii) Persoonlike vryheid

Dit gee 'n aanduiding of die persoon voel dat sy ouers hom genoeg persoonlike vryhede gegun het of nie.

Sosiale verhoudinge (S)

Hierdie tellings gee 'n aanduiding van die manier waarop 'n persoon by sy sosiale omgewing inskakel.

(viii) Sosialiteit - G

Dit gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n per=soon behoefte het aan groepsaktiwiteit (ekstrover=sie) of die mate waarin hy 'n afkeer daarvan het (introversie).

(ix) Sosialiteit - S

Hierdie telling gee 'n aanduiding van 'n persoon se behoefte aan die vriendskap van 'n persoon van die teenoorgestelde geslag.

(x) Morele inslag

Dit gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n persoon meen dat sy gedrag ooreenstem met die norme van sy sosiale omgewing.

Formele verhouding (F)

Dit is daardie verhoudinge wat in formele situasies voorkom, bv. in die werksituasie.

(xi) Formele verhoudinge

Hierdie telling kan die mate waarin 'n persoon suksesvol (onsuksesvol) is in sy formele verhoudingslewe weerspieël.

(xii) Gewenstheidskaal

Die eerlikheid waarmee die persoon die vrae lys beantwoord het, word deur hierdie komponent gemeet.

Al die toetsmateriaal is tweetalig van aard en die toetsling kry die geleentheid om op 'n vierpunt=

skaal aan te 'dui hoe dikwels hy sekere verhoudinge (situasies) ervaar. Die vrae is ook op so 'n manier gestel dat 'n persoon moeilik kan bepaal op watter een van die komponente dit betrekking het. Verder kan die vraelys masjinaal of met behulp van 'n nasiensleutel (soos in die geval van hierdie ondersoek) nagesien word.

(c) Geldigheid

'n Voorlopige ondersoek wat met die P.H.S.F. uitgevoer is, het 'n duidelike aanduiding gegee dat die toets 'n hoë mate van konstruktiegeldigheid toon. Na dat die toets op gedragsafwykende leerlinge van twee skole toegepas is, is die resultate vergelyk met dié van 'n normgroep. Die volgende verskille tussen die gemiddeldes is in terme van z-waardes gevind:

TABEL 6

Z-WAARDES

(Verskille tussen gemiddeldes van gedragsafwykende en normale leerlinge)

Komponent	Seuns	Dogters
1. Selfvertroue	3,15**	1,84*
2. Eiewaarde	4,59**	0,72
3. Selfbeheer	3,61**	3,21**
4. Senuweeagtigheid	2,50**	6,73**
5. Gesondheid	5,39**	9,35**
6. Gesinsinvloede	4,52**	5,57**
7. Persoonlike vryheid	5,78**	9,16**
8. Sosialiteit - G	3,52**	4,12**
9. Sosialiteit - S	0,79	2,16*
10. Morele inslag	6,36**	6,19**
11. Formele verhoudinge	3,30**	6,56**
12. Gewenstheidskaal	2,94**	1,66*
Gedragsafwykendes: N	62	114
Normgreep : N	909	879

* Verskil beduidend op 5%-vlak (cenkantig)

** Verskil beduidend op 1%-vlak (cenkantig)

(Handleiding vir die P.H.S.F., p.26.)

"Uit die tabel blyk dat die P.H.S.F. betreklik konsekwent diskrimineer tussen die normgroep en die groep afwykende seuns en dogters. Die afwykende leerlinge se gemiddeldes op meeste van die komponente is beduidend laer (1%-vlak) as dié van die normgroep. Die gedragsafwykende groep toon dus deurgaans 'n swakker aanpassing. By die gewentheid skaal was hulle egter effens eerliker as die normgroep. Geen beduidende verskil (5%-peil) is egter gevind in die geval van Eiewaarde by die meisies en Sosialiteit-S by die seuns nie." (Handleiding vir die P.H.S.F., p.26).

(d) Betroubaarheid en standaardmetingsfout

Die betroubaarheid van die P.H.S.F. is bereken volgens die halfverdelingsmetode en die indekse word in Tabel 7 weergegee.

Omdat die betroubaarheid verband hou met die metingsfout is die standaardmetingsfout ook bereken en in die tabel aangetoon.

Alle inligting omtrent die P.H.S.F. wat hier gegee is, is verkry uit die Handleiding vir die P.H.S.F. van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verdere inligting verskyn volledig in hierdie handleiding.

TABEL 7

BETROUBAARHEID EN STANDAARDMETINGSFOUT VAN DIE
P.H.S.F.

Komponent	Betroubaarheid		Standaardmetingsfout	
	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies
1. Selfvertroue	0,80	0,79	0,88	0,90
2. Eiewaarde	0,75	0,74	0,98	1,00
3. Selfbeheer	0,71	0,70	1,06	1,07
4. Senuweeagtigheid	0,74	0,74	1,00	1,00
5. Gesondheid	0,80	0,85	0,88	0,76
6. Gesinsinvloede	0,85	0,88	0,76	0,68
7. Persoonlike vryheid	0,87	0,89	0,71	0,65
8. Sosialiteit - G	0,88	0,89	0,68	0,65
9. Sosialiteit - S	0,91	0,89	0,59	0,65
10. Morele inslag	0,79	0,77	0,90	0,94
11. Formele Verhoudinge	0,83	0,80	0,81	0,88
12. Gewenstheid=skaal	0,75	0,78	0,98	0,92

(Handleiding vir die P.H.S.F., p. 22).

3.5.4 Statistiese tegnieke vir die verwerking van die resultate

In die ontleding van die resultate van die groepe wat in hierdie ondersoek betrek is, is die volgende statistiese tegnieke gebruik om te bepaal of daar enige statisties-beduidende verskille tussen die groepe bestaan.

(i) Om die variansie te bepaal wat nodig is vir die gebruik van die t-toets is die volgende formule gebruik (Du Toit, J.M., 22, p.41):

$$S^2 = \frac{\sum X^2 - \bar{X}^2 N}{N-1}$$

waar: N = aantal proefpersone
 $\bar{X}$ = rekenkundige gemiddelde

(ii) Om vas te stel of die verkreeë verskille tussen die twee groepe werklike verskille is al dan nie, is die t-toets vir beduidendheid van die verskille vir onafhanklike groepe uitgevoer.

$$t = \frac{\bar{X}_A - \bar{X}_B}{\sqrt{S^2 \frac{N_a + N_b}{N_a N_b}}}$$

waar: S^2 bereken word as:

$$S^2 = \frac{(N_a - 1)S_a^2 + (N_b - 1)S_b^2}{N_a + N_b - 2}$$

Omdat S^2_A en S^2_B onafhanklike skattings is van dieselfde populasie-parameter, word hulle gekombineer in 'n gesamentlike skatting van die populasie-variansie.

Bepaling van die beduidendheid van verskille

Die tabel in Hardyck, C.D. & Petrinovich, L.F., 32, p.263 is deurgaans gebruik om die beduidendheid van die verkreeë t-waardes te bepaal.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN HIERDIE ONDERSOEK

4.1 Inleiding

Dit is nodig om op hierdie stadium aan 'n paar metodologiese oorwegings aandag te gee. Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat waar in die hoofstuk gepraat word van die totale persoonlikheidsbeelde van die deelnemers en nie-deelnemers, dit gedoen word aan die hand van die drie psigometriesse instrumente wat in hierdie ondersoek gebruik is. Hierdie instrumente is in al die tabelle in die volgende volgorde geplaas:

16 PF.

P.H.S.F.

IPAT-Angsskaal.

Geen volledige beskrywing word in die tabelle gegee van die verskillende faktore nie, aangesien sodanige beskrywings in die vorige hoofstuk beskikbaar is.

In al die tabelle word die resultate van die deelnemersgroep (mans en dames) eerste genoem en daarna die van die nie-deelnemers (mans en dames). Die vergelykings self word in die volgende volgorde aangebied:

(a) 'n Vergelyking tussen die deelnemersgroep en die nie-deelnemersgroep as geheel.

- (b) 'n Vergelyking tussen die deelnemende mans en dames.
- (c) 'n Vergelyking tussen die nie-deelnemende mans en dames.
- (d) 'n Vergelyking tussen die deelnemende en nie-deelnemende mans.
- (e) Vergelykings tussen die verskillende sportsoorte se mansdeelnemers.
- (f) Vergelykings in die onderskeie sportsoorte tussen die deelnemende en die nie-deelnemende mans.
- (g) 'n Vergelyking tussen die deelnemende en die nie-deelnemende dames.
- (h) Vergelykings tussen die verskillende sportsoorte se deelnemende dames.
- (i) Vergelykings in die onderskeie sportsoorte tussen die deelnemende en die nie-deelnemende dames.

Geen tabelle is gerapporteer wat betref die vergelykings tussen die verskillende sportgroepe nie (e & h), aangesien sodanige vergelykings nie in die doel van die ondersoek ingesluit is nie en dit net ter wille van die volledigheid gedoen is.

4.2 'n Vergelyking tussen die deelnemersgroep en nie-deelnemersgroep as geheel

Die resultate toon dat deelnemers en nie-deelnemers beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 8):

TABEL 8

TOTALE GROEP

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes	
	$\bar{x}$	s^2 N=141	$\bar{x}$	s^2 N=141		
A	11,04	11,53	10,38	10,39	2	*
B	8,14	2,75	7,82	4,18	1,68	
C	16,66	17,19	15,54	18,57	2,67	**
E	14,60	15,31	12,60	12,82	5,26	**
F	14,23	15,50	12,02	17,83	5,39	**
G	12,91	11,56	12,94	14,67	- 0,08	
H	12,06	22,17	11,19	22,21	1,85	
I	9,58	13,56	9,69	12,16	- 0,31	
L	10,60	10,82	10,31	10,51	0,27	
M	13,51	10,97	13,68	10,27	- 0,52	
N	10,30	6,02	11,02	5,68	- 3,00	**
O	10,91	12,13	11,57	15,95	- 1,78	
Q	9,55	8,28	9,76	8,44	- 0,72	
Q	10,78	10,83	11,68	7,76	- 3,00	**
Q	10,05	9,37	10,96	13,32	- 2,68	**
Q	10,91	22,91	11,06	24,95	- 0,31	
P	30,70	28,19	28,18	36,97	4,42	**
P	26,11	38,90	24,21	33,88	3,17	**
P	28,19	25,83	27,62	32,41	1,06	
P	28,74	36,68	27,18	22,24	2,64	**
P	35,45	27,27	32,74	42,97	4,59	**
H	32,74	46,29	32,82	36,90	- 0,13	
H	35,23	52,18	35,24	51,06	- 0,01	
S	27,79	45,49	25,43	49,39	3,42	**
S	29,89	43,97	26,82	45,48	4,58	**
S	32,62	29,49	32,62	42,71	0	
F	29,50	36,23	28,45	39,23	1,72	
G	14,68	24,44	15,35	20,69	- 1,43	
ANGS	26,67	114,22	30,01	154,46	- 2,88	**

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak

1. Siklotimie – Skisotimie: Die deelnemers toon 'n aangename, meer onbesorgde geaardheid (1%-vlak) as die nie-deelnemers. Hierdie bevinding word bevestig deur die resultate van verskeie ander navorsers onder wie die van Smit 85, p.77, Cratty, 18, p.15, Kane, 43, p.91.

2. Emosionele stabiliteit – Onstabiliteit: Deelnemers is emosioneel meer stabiel en ryp (1%-vlak) as die nie-deelnemers. Hierdie bevinding toon ook 'n ooreenstemming met die gegewens wat deur bekende sportpsigologiese navorsers beskikbaar gestel is. Ogilvie, 65, p.45, Evelyn, 25, p.149, Lawther, 55, p.37, het bydraes in die verband gelewer.

3. Dominansie – Submissie: Deelnemers is meer dominant en selfversekerd (1%-vlak) as die nie-deelnemers. Roberts, 71, p.3768 en Smit, 85, p.77, het in hierdie verband tot ooreenstemmende gevolgtrekkings gekom in hulle onderskeie ondersoeke.

4. Bekommerd – Onbekommerd: Deelnemers is meer opgeruimd en komkommervry (1%-vlak) van aard as die nie-deelnemers. Die literatuur kon egter geen navorsingsresultate uitwys wat hierdie bevinding bevestig of verwerp nie.

5. Uitgeslape – Naïef: Die nie-deelnemers blyk sosiaal meer gesofistikeerd en uitgeslape (1%-vlak) te wees as die deelnemers. Saam met die hierop=

volgende twee aspekte stel hierdie bevinding die leser in staat om 'n onderskeid te tref tussen deelnemers en nie-deelnemers wat betref hulle sosiale aard. Al die beskikbare inligting dui daarop dat deelnemers waarskynlik sosiaal vrypostige en gemoeidelike mense is in teenstelling met die nie-deelnemers wat hiervolgens terughoudend en beheers voorkom. Verskeie kontemporêre skrywers handhaaf dieselfde siening: Peterson, Weber en Tronsdale, 66, p.686, Tillman, 93, p.483, Schendel, 77, p.52, Ward, 98, p.4261 en andere.

6. Selfgenoegsaam – Groepsafhanklik: Nie-deelnemers is meer selfgenoegsaam en vindingryk (1%-vlak) as die deelnemers wat duidelik meer op groepsaktiwiteit afgestem is.

7. Hoë selfsentiment – Lae selfsentiment: Nie-deelnemers toon in ooreenstemming met hulle persoonlikheidsbeeld die neiging tot beter sosiale selfbeheer en 'n vermoë om sosiaal meer presies (korrek) op te tree (1%-vlak) as die deelnemers. In die verband is daar egter enkele skrywers wat navorsingsresultate gelewer het wat teenstrydig is met hierdie bevinding, byvoorbeeld La Place, 52, p.313, Booth, 9, p.127, Ikegami, 37, p.51, Carter en Shannon, 11, p.115.

8. Selfvertroue: In ooreenstemming met wat navorsers beweer, naamlik dat deelname aan sport bevoor-

derlik is vir die ontwikkeling van selfvertroue, dui die bevinding in hierdie ondersoek daarop dat deelnemers meer selfvertroue het (1%-vlak) as nie-deelnemers. Bekende persone wat in die verband 'n bydrae gelewer het is Ogilvie, 65, p.45, Brunner, 10, p.464, Schendel, 77, p.52 en Ryan en Kovacic, 75, p.283.

9. Eiewaarde: Deelnemers is geneig om hulleself hoër te evalueer (1%-vlak) as wat met nie-deelnemers die geval is. Volgens Cratty, 18, p.15, word die deelnemer se opinie van homself gevorm op grond van toeskouers en ander mense in sy onmiddellike omgewing se evaluering van sy liggaamlike vermoëns. Zion, 105, pp.490-495, het in die verband gevind dat 'n deelnemer se vermoë om homself positief te evalueer aan hom die geleentheid bied om sy wêreld om hom met selfvertroue te aanvaar.

10. Senuweeagtigheid: In teenstelling met die bevindings van bekende navorsers soos Roberts, 71, p.3768, Tillman, 93, p.483 en Lawther, 55, p.87, is gevind dat deelnemers meer senuweeagtig en gespanne is (1%-vlak) as nie-deelnemers. Hierdie verskynsel is teenstrydig met die persoonlikheidsbeeld wat tot dusver gevorm is van die deelnemers, maar voordat 'n verklaring daarvoor gebied word moet daar eers op verskeie ander aspekte gelet word.

11. Gesondheid: Deelnemers blyk meer gepreokkupeerd te wees met hulle liggaamlike gesondheid (1%-vlak) as die nie-deelnemers. Geen literatuur kon egter gevind word om hierdie bevinding te rugsteun nie, maar die werk van Slusher 83, p.126 in verband met bofbalspelers en die van Kroll 47, p.49 in verband met stoeiers gee tog 'n aanduiding dat by sekere tipe deelnemers wel 'n geneigdheid tot hipochondrie aangetref word.

12. Sosialiteit - G: Deelnemers bly meer ekstorvertief te wees (1%-vlak) as nie-deelnemers in die sin dat hulle meer aan groepsaktiwiteit deelneem. Dit is in ooreenstemming met die afleidings wat in die voorafgaande paragrawe gemaak is en Smit 85, p.83, bevestig dit met 'n studie wat hy onderneem het ten opsigte van hoërskoolseuns wat aan sport deelneem. Hy het naamlik gevind dat die deelnemers op die 5%-vlak meer ekstorvertief was as die nie-deelnemers. Rasch, 69, p.163 en Sperling, 87, p.351 se resultate stem hiermee ooreen.

13. Sosialiteit - S: Deelnemers het 'n groter behoefte aan 'n verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag (1%-vlak) as nie-deelnemers.

14. Angs: Nie-deelnemers toon 'n hoër angspeil (1%-vlak) op die IPAT-Angsskaal as die deelnemers. Verskeie navorsers onder wie Cooper, 16, p.17, Evelyn, 25, p.149, Warburton & Kane, 44 en Malumphy,

57, p.610 toon in hierdie verband ooreenstemmende resultate ten spyte van die feit dat hulle van ander meetinstrumente gebruik gemaak het.

Samevattend

1. Deelnemers blyk dus hoofsaaklik sosiaal ekstroverte persone te wees. Hulle is waarskynlik tot 'n groot mate groepsgebonde omdat hulle deur middel van hulle deelname dikwels aanhang vind by die groep.

2. Die neiging om hulleself hoër te evaluer, asook hulle dominante houding en die hoë mate van selfvertroue wat hulle toon, kan bes moontlik met bogenoemde in verband gebring word.

3. Die moontlikheid bestaan ook dat deelname aan sport aan hulle voldoende geleentheid bied om al hulle konflikte en spanninge op 'n sinvolle manier te verwerk. Dit bied uit die aard van die saak 'n moontlike verklaring vir hul skynbare emosionele stabiliteit. In die verband moet daar egter rekening gehou word met die voorkoms van senuweeagtigheid, asook hulle neiging om met hulle fisiese gesondheid gepreokkueerd te wees. Deelname aan sport skep dikwels spanningsituasies vir die deelnemers en moontlik kan dit verantwoordelik wees vir die ontwikkeling van die waargenome senuweeagtigheid. Die preokkupasie met die fisiese gesondheid staan moontlik in verband met die feit

dat hulle groter sosiale aansien geniet op grond van hulle deelname. Derhalwe is hulle fisiese gesondheid vir hulle van primêre belang.

4. Nie-deelnemers toon hoofsaaklik introverte groepsonafhanklike neigings. Aanduidings van selfgenoegsaamheid, sosiale uitgeslapenheid en hoë selfsentimentontwikkeling versterk hierdie bevinding. Die hoë voorkoms van algemene angs kan saam met bo genoemde 'n moontlike rede wees waarom die persone nie aan sport deelneem nie (want al is dit indiwiduele sport, is daar tog 'n mate van groepsaktiwiteit by betrokke).

5. Afgesien van die relatief min verskille wat aangetref is, vorm 'n mens tog 'n duidelike beeld van die verskille tussen die twee groepe. Die moontlikheid dat sportdeelname vir hierdie waargenome verskille verantwoordelik is, moet dus sterk oorweeg word.

4.3 'n Vergelyking tussen die deelnemende mans en dames

Die resultate toon dat die mans-deelnemers en die deelneemsters beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 9):

TABEL 9

TOTALE GROEP DEELNEMERS

Faktor	MANS		DAMES		t-waardes	
	$\bar{X}$	S^2 N=85	$\bar{X}$	S^2 N=56		
A	9,99	9,83	11,95	10,11	- 3,56	**
B	7,56	5,27	8,14	3,34	1,53	
C	16,09	19,72	15,02	19,23	1,39	
E	13,32	10,30	13,34	13,23	0,03	
F	12,59	16,32	13,21	48,94	0,64	
G	12,94	16,87	12,21	9,33	1,12	
H	12,21	22,12	11,21	24,56	1,20	
I	8,39	9,83	10,80	14,71	- 4,08	**
L	10,40	8,55	10,95	11,32	- 1,04	
M	13,09	10,29	13,63	11,22	- 0,95	
N	11,41	5,21	9,59	7,07	4,33	**
O	10,71	14,57	12,04	15,31	- 1,99	*
Q	9,99	7,10	9,64	11,05	- 0,70	
Q	11,52	5,32	10,11	10,11	3,00	**
Q	10,94	11,13	9,41	7,53	2,83	**
Q	10,26	22,43	12,21	23,81	2,35	**
P	29,45	32,88	29,34	25,86	0,12	
P	25,31	33,15	23,66	33,57	1,65	
P	28,34	32,70	27,29	24,55	1,12	
P	27,89	32,99	27,86	37,34	0,03	
P	32,59	45,41	34,34	23,99	- 1,67	
H	32,62	39,38	32,41	47,78	0,19	
H	35,67	38,34	34,02	63,94	1,36	
S	26,68	48,18	27,64	46,36	- 0,81	
S	28,38	44,89	27,32	32,88	0,97	
S	31,13	43,74	33,34	30,87	- 2,05	*
G	28,08	43,81	29,88	33,15	1,67	
G	15,25	24,07	15,38	28,16	0,15	
ANGS	27,48	149,91	30,32	103,48	1,43	

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak.

1. Siklotimie – Skisotimie: Dames wat aan sport deelneem, toon 'n duidelik aangenamer, meer onbesorgde (teerhartige) geaardheid (1%-vlak) as mansdeelnemers. Peterson, Weber en Tronsdale, 66, p.686 het in die verband ooreenstemmende resultate verkry met hulle navorsing.

2. Premsia – Harria: Dames is meer sensitief (vroulik) en afhanklik van aard (1%-vlak) as mans wat deelneem. Die mans kan beskryf word as selfstandig en realisties. Malumphy, 57, p.610 het in die verband gevind dat vroue van mening was dat deelname aan sport 'n bydrae lewer tot hulle vroulikheid.

3. Uitgeslape – Naïef: Teen die verwagting in is gevind dat mansdeelnemers sosiaal meer gesofistikeerd (uitgeslape) en verfynd is (1%-vlak) as dames, wat ongekunsteld en pretensieloos voorkom. Navorsers voorsien egter geen inligting wat hierdie bevinding kan rugsteun of verwerp nie.

4. Vatbaar vir skuldgevoelens – Oortuigde bevoegdheid: Dames wat deelneem is meer vatbaar vir skuldgevoelens (sensitief) en angstig (1%-vlak) as mans.

5. Selfgenoegsaam – Groepsafhanklik: Mansdeelnemers neig om meer selfgenoegsaam te wees (verkieë besluite) (1%-vlak) as dames, wat groepsafhank-

lik is (volgeling).

6. Hoë Selfsentiment – Laë Selfsentiment: Mansdeelnemers toon beter selfbeheersing en hulle oefen groter wilsrag uit (1%-vlak) as dames. Dames wat deelneem kom willoos en onbeheers voor.

7. Gespanne – Ontspanne: Dames blyk meer gespanne te wees (1%-vlak) as mansdeelnemers.

8. Morele inslag : Deelnemers konformeer makliker aan die bestaande norme en waardes van hulle omgewing (5%-vlak) as mansdeelnemers.

Samevattend:

1. Na aanleiding van bogenoemde resultate wil dit voorkom asof mansdeelnemers sosiaal goed aangepas is (uitgeslae). Hulle is tot 'n groot mate selfgenoegsaam en toon 'n hoë mate van selfbeheersing.

2. Die deelnemende dames blyk sosiaal koöperatief en aanpasbaar te wees. Ten spyte van hierdie eks-terverte kenmerk is die dames nog geneig tot gespannendheid en ongeduld. Die feit dat die dames makliker konformeer aan die norme en waardes van hulle omgewing is in ooreenstemming met hulle groter vatbaarheid vir skuldgevoelens. Skynbaar het sportdeelname nie 'n invloed op die vroulikheid van die dames nie aangesien hulle tot 'n hoë mate afhanklik (sensitief) blyk te wees.

4.4 'n Vergelyking tussen die nie-deelnemende mans en dames

Die resultate toon dat die nie-deelnemende mans en dames beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 10):

1. Dominansie – Submissie: Nie-deelnemende mans is geneig om meer dominant te wees (1%-vlak) as dames wat nie deelneem nie.
2. Onbekommerd – Bekommerd: Mans nie-deelnemers is meer ekspressief en opgeruimd van geaardheid (5%-vlak) as nie-deelnemende dames, wat stil en terughoudend (besorgd) van geaardheid is.
3. Avontuurlik – Skaam (Teruggetrokke): Mans nie-deelnemers blyk sosiaal meer aktief (avontuurlik), gesellig en sorgvry te wees (1%-vlak) as die nie-deelnemende dames wat geneig is om skaam en teruggetrokke te wees.
4. Premsia – Harria: Nie-deelnemende dames is meer vroulik (sensitief) afhanklik en hulpsoekend van aard (1%-vlak) as mans nie-deelnemers, wat realisties en onafhanklik blyk te wees.
5. Autia – Praxernia: Nie-deelneemsters is verbeeldingryk, onkonvensioneel en kunssinnig (1%-vlak). Die mans nie-deelnemers, daarenteen, is realisties,

TABEL 10

TOTALE GROEP NIE-DEELNEMERS

Faktor	MANS		DAMES		t-waardes	
	X	S ² N=85	X	S ² N=56		
A	9,99	9,83	10,96	11,11	- 1,73	
B	7,56	5,27	8,21	2,39	- 1,86	
C	16,09	19,72	14,70	16,14	1,88	
E	13,32	10,30	11,50	15,05	3,03	**
F	12,59	16,32	11,16	19,09	1,99	*
G	12,94	16,87	12,93	11,85	0,01	
H	12,21	22,12	9,64	18,76	3,21	**
I	8,39	9,83	11,66	9,45	- 6,06	**
L	10,40	8,55	10,18	13,54	0,39	
M	13,09	10,29	14,59	8,63	- 2,78	**
N	11,41	5,21	10,43	5,86	2,45	*
O	10,71	14,57	12,88	15,33	- 3,29	**
Q	9,91	7,10	9,41	10,48	1,16	
Q	11,52	5,32	11,93	11,34	- 0,85	
Q	10,94	11,13	10,98	17,14	- 0,06	
Q	10,26	22,43	12,29	26,36	- 2,42	*
P	29,45	32,88	26,27	36,67	3,12	**
P	25,31	33,15	22,54	30,93	2,83	**
P	28,34	32,70	26,54	29,84	1,86	
P	27,89	32,99	26,09	38,00	1,76	
P	32,59	45,41	32,98	43,31	- 0,34	
H	32,62	39,38	33,11	34,56	- 0,46	
H	35,67	38,34	34,59	70,52	0,87	
S	26,68	48,18	23,52	46,66	2,66	**
S	28,38	44,89	24,46	37,34	3,50	**
S	31,13	43,74	34,88	33,39	- 3,44	**
F	28,08	43,81	29,02	31,93	- 0,87	
G	15,25	24,07	15,51	15,61	- 0,33	
ANGS	27,48	149,91	33,86	141,45	- 3,04	**

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak.

prakties, konvensioneel en hulle belangstelling is beperk tot sake van onmiddellike belang.

6. Uitgeslape – Naïef: Mans nie-deelnemers is sosiaal meer presies en berekend en hulle toon 'n beter insig in hulleself en in ander (1%-vlak) as dames, wat sosiaal lomp en "natuurlik" voorkom.

7. Vatbaar vir Skuldgevoelens – Oortuigde bevoegdheid: Dames toon groter gevoelens van onveiligheid en angs, hulle het 'n groter pligsbesef en is makliker vatbaar vir skuldgevoelens (1%-vlak) as mans nie-deelnemers, wat selfversekerd en oortuigdoptree.

8. Gespanne – Ontspanne: In ooreenstemming met die bogemelde bevinding vertoon dames meer gespanne (5%-vlak) as die mans nie-deelnemers, wat kalm en tevrede voorkom.

9. Selfvertroue: Mans nie-deelnemers het meer selfvertroue (1%-vlak) as dames, wat onseker en afhanklik voorkom.

10. Eiewaarde: Mans nie-deelnemers is geneig om hulleself hoër te evalueer (1%-vlak) as dames.

11. Sosialiteit - G. Al die reeds beskikbare inligting omtrent die mans nie-deelnemers dui daarop dat die mans geneig is om na buite te leef. Hier=

die enkele aspek gee 'n duidelike aanduiding dat mans nie-deelnemers meer ekstroversief is (1%-vlak) as nie-deelnemende dames, wat eerder beskryf kan word as stil en ingetrokke (terughoudend).

12. Sosialiteit - S: Die mans nie-deelnemers se sosiale behoeftes is egter nie net beperk tot deelname aan groepsaktiwiteit nie. Hulle het ook 'n groter behoefte aan die vriendskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (1%-vlak) as nie-deelnemende dames.

13. Morele inslag: Nie-deelneemsters konformeer makliker aan die bestaande norme en waardes van hulle omgewing (1%-vlak) as mans nie-deelnemers.

14. Angs: Nie-deelneemsters is volgens die IPAT-Angsskaal meer angstig (1%-vlak) as die mans nie-deelnemers. Wat die saak des te meer betekenisvol maak, is die feit dat die dames ook hoër getoets het op Faktor O (vatbaar vir skuldgevoelens, bangerig, onveilig) van die 16 PF.

Samevattend

Met behulp van hierdie resultate is dit moontlik om sekere veralgemenings te maak wat betref die persoonlikheidseienskappe van mans en dames wat nie aan sport deelneem nie.

1. Mans nie-deelnemers openbaar meer ekstroversiewe neigings as die dames wat nie deelneem nie. Die mans toon ook meer dominante eienskappe as die dames. Heel waarskynlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat die samelewing van 'n man verwag om dominant te wees (in 'n leiersposisie) in soverre dit die man-vrou-verhouding aangaan, ongeag of hy aan sport deelneem of nie. Die mans is onbekommerd (selfversekerd) en hulle toon 'n hoë mate van selfvertroue, iets wat afwesig blyk te wees by die dames wat nie deelneem nie. Beide aspekte hou egter nou verband met die neiging wat die mans toon, naamlik om hulleself meer positief te evalueer as wat by die dames die geval is. Dit wil ook voorkom asof die mans nie-deelnemers meer realisties en selfstandig kan optree as die dames. Ten spyte hiervan blyk hulle emosionele belangstellings te hê en wil dit voorkom asof hulle makliker met die teenoorgestelde geslag omgaan as die dames wat nie deelneem nie.

2. Die nie-deelneemsters, toon 'n aantal trekke wat tot 'n groot mate direk verskil van die mans nie-deelnemers. Hulle vertoon hoofsaaklik goed op daardie persoonlikheidsvelde wat hulle as vroulik, sensitief en afhanklik kan bestempel. Hulle kom introvertief voor en, in teenstelling met die mans wat realisties is, is hulle verbeeldingryk en is hulle geïnteresseerd in kunssinnige aktiwiteite. Hulle is bangerig van geaardheid en toon 'n hoë algemene angs. Laasgenoemde mag 'n rede wees waar-

om hierdie dames nie aan sport deelneem nie, veral as in ag geneem word dat deelname aan sport 'n mate van avontuurlustigheid en 'n bereidwilligheid om te "waag" van die deelnemers vereis. Dit is moontlik ook die rede waarom die dames as konformiste bestempel kan word. Hulle mag "bang" wees om enigiets te doen wat as teenstrydig met die bestaande norme en waardes van die sosiale omgewing bestempel kan word.

4.5 'n Vergelyking tussen die deelnemende en nie-deelnemende mans

Uit hierdie resultate is dit duidelik dat die mansdeelnemers en mans nie-deelnemers beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die persoonlikheidsvelde (kyk tabel 11):

1. Algemene Intelligensie: Mansdeelnemers presteer in hierdie verband beter (5%-vlak) as die mans nie-deelnemers. Navorsers soos Cooper, 16, p.17 en Somers, 86, p.184 bevestig hierdie bevinding met hulle navorsingsresultate. Schendel, 77, p.52 voeg ook by dat die deelnemers vanweë hulle groter intellektuele vermoëns sosiaal beter aanpasbaar is as die nie-deelnemers.

2. Emosionele stabiliteit – Onstabiliteit: Mansdeelnemers toon 'n groter emosionele stabiliteit (1%-vlak) as mans nie-deelnemers. 'n Literatuur=

TABEL 11

TOTALE GROEP MANS

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes	
	X	S ² N=85	X	S ² N=85		
A	10,44	11,70	9,99	9,83	0,98	
B	8,14	2,40	7,56	5,27	2,07	*
C	17,74	13,12	16,09	19,72	2,89	**
E	15,44	14,79	13,32	10,30	4,24	**
F	14,05	17,60	12,59	16,32	2,52	*
G	13,36	12,91	12,94	16,87	0,76	
H	12,62	20,07	12,21	22,12	0,63	
I	8,78	11,26	8,39	9,83	0,85	
L	10,36	10,69	10,40	8,55	- 0,09	
M	13,44	10,67	13,09	10,29	0,76	
N	10,76	5,02	11,41	5,21	- 2,03	*
O	10,18	11,17	10,71	14,57	- 1,04	
Q	9,48	6,75	9,99	7,10	- 1,38	
Q	11,22	10,97	11,52	5,32	- 0,75	
Q	10,47	10,27	10,94	11,13	- 1,02	
Q	10,05	20,80	10,64	22,43	- 0,32	
P	31,59	28,39	29,45	32,88	2,74	**
P	27,73	35,88	25,31	33,15	2,92	**
P	28,79	25,67	28,34	32,70	0,59	
P	29,32	43,18	27,89	32,99	1,64	
P	36,18	28,46	32,59	45,41	4,17	**
H	32,95	46,24	32,62	39,38	0,35	
H	36,04	42,55	35,67	38,34	0,41	
S	27,88	45,93	26,68	48,18	1,24	
S	31,58	80,28	28,38	44,89	2,86	**
S	32,14	28,68	31,13	43,74	1,19	
F	29,25	38,50	28,08	43,81	1,29	
G	14,22	21,73	15,25	24,07	- 1,51	
ANGS	24,27	107,68	27,48	149,91	- 2,01	*

studie van die werke van Lawther, 55, p.45, Rushall, 76, p.91, Cooper, 16, p.17 en Kane, 43, p.91 toon ooreenstemmende resultate wat hierdie aspek aanbetref.

3. Dominansie - Submissie: In ooreenstemming met die navorsingsresultate van Roberts, 71, p.3768, Booth, 9, p.127, Henry, 34, p.745 en Schendel, 78, p.79 is die bevinding van hierdie ondersoek dat mansdeelnemers meer dominante trekke toon (1%-vlak) as mans nie-deelnemers.

4. Bekommerd - Onbekommerd: Dit wil voorkom asof mansdeelnemers minder bekommerd (5%-vlak) van aard is as mans nie-deelnemers.

5. Uitgeslape - Naïef: Mans nie-deelnemers is sosiaal meer uitgeslape (gesofistikeerd) (5%-vlak) as mansdeelnemers.

6. Selfvertroue: Mansdeelnemers blyk meer selfvertroue te hê (1%-vlak) as mans nie-deelnemers. Bevestiging vir hierdie persoonlikheidsverskil word gevind in die werke van Ogilvie, 65, p.45, Ryan en Kovacic, 75, p.283 en Johnson, Hutton en Johnson, 40, p.484.

7. Eiewaarde: Mansdeelnemers evalueer hulleself hoër (1%-vlak) as mans nie-deelnemers. Tot 'n groot mate kom hierdie bevinding ooreen met die ander eienskappe van die mansdeelnemer soos genoem

in hierdie beskrywing. Dit gee dus 'n goeie aanduiding van die selfversekerdheid van die deelnemer teenoor die nie-deelnemers. Fisher, 28, p.91 en Read, 70, p.4312 het 'n soortgelyke bevinding gemaak, nl. dat mansdeelnemers 'n groter gevoel van eiewaarde het as mans nie-deelnemers.

8. Gesondheid: Dit is opvallend dat mansdeelnemers meer bekommerd was oor hulle fisiese gesondheid (1%-vlak) as mans nie-deelnemers. Gesien in die lig van die feit dat deelnemers geneig is om hulleself te evalueer op grond van hulle liggaamlike prestasie, is hierdie bevinding glad nie nutteloos nie.

9. Sosialiteit - S: Mansdeelnemers blyk 'n groter behoefte te hê aan die geselskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (1%-vlak) as mans nie-deelnemers.

10. Angs: Nie-deelnemende mans blyk meer angstig van aard te wees (5%-vlak) as deelnemende mans. Navorsingsresultate is uiters teenstrydig in die verband en slegs Malumphy, 57, p.610 gee wel 'n aanduiding dat nie-deelnemer mans meer angstig is as deelnemers.

Samevattend

1. Twee moontlike verklarings kan gegee word vir die feit dat mansdeelnemers beter presteer het wat

betref hulle algemene intelligensie. Eerstens bestaan die moontlikheid dat deelname aan sport intellektuele ontwikkeling stimuleer, in welke geval die deelnemers as groep uit die aard van die saak beter sal presteer as die nie-deelnemers. Tweedens mag dit veral diegene wees wat intellektueel goed ontwikkel is wat aan sport deelneem omdat dit aan hulle meer geleentheid gee om hulleself te bewys.

2. Wat betref emosionele stabiliteit, kan eweneens twee moontlike oorsake gevind word. Dit is moontlik dat deelname aan sport kan dien as 'n uitlaatklep vir alledaagse emosionele spanninge, in welke geval die deelnemer meer geleentheid gebied word om sy emosionele spanninge (konflikte, frustrasies) op 'n sinvolle manier te verwerk. Andersins mag die voortdurende deelname aan sport die deelnemer se spanningstoleransie in so 'n mate verhoog dat hy na verloop van tyd meer emosioneel stabiel is as nie-deelnemers (Rushall, 76, p.163).

3. Waarskynlik kan die dominante geaardhede van die deelnemers toegeskryf word aan die feit dat hulle gereeld die geleentheid kry om hulleself te laat geld in kompetisies en wedstryde. In die verband moet hulle hoër evaluering van hulle self, hulle groter mate van selfvertroue en hulle groter intellektuele vermoë egter noukeurig in ag geneem word. Deelname gee dus aan die deelnemer 'n sekere sosiale status wat hy probeer handhaaf deur dominant op te tree.

4. Die feit dat deelnemers onbekommerd en opgeruimd voorkom, kan bes moontlik toegeskryf word aan omgewingsfaktore. Die hipotese kan dus gestel word dat deelname aan sport 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van hierdie eienskap van sorgvryheid by die deelnemers.

5. Die nie-deelnemers se groter mate van sosiale uitgeslapenheid (presies, gesofistikeerd) weerhou hulle waarskynlik in 'n mate van groepsaktiwiteit. Hulle is dus geneig om terughoudend van aard te wees, in teenstelling met die deelnemers wat ekstroversie is en wat in groepsaktiwiteit opgaan.

6. Die groter mate van selfvertroue by die deelnemers (in teenstelling met die terughoudende, skuldgeneigde karakter van die nie-deelnemers) is moontlik die aanleidende rede waarom hierdie mans juis aan sport deelneem.

7. Groter aanvaarding- en 'n hoër evaluering van die deelnemers deur die samelewing (sosiale omgewing) is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat deelnemers hulleself meer positief evalueer as nie-deelnemers.

8. Soos alreeds gesê, is deelnemers geneig om hulleself te evalueer aan die hand van die waardering wat die samelewing (sosiale omgewing) van hulle maak. Die sosiale omgewing waardeer hulle hoofsaaklik op

grond van hulle sportprestasies en gevolglik is hulle in 'n groot mate afhanklik van hulle fisiese vermoëns ten einde die aanvaarding van die samelewing te verkry. Dit is dus nie eienaardig dat hulle hoë waarde aan hulle fisiese gesondheid heg nie.

9. Die deelnemers se openlike belangstelling in die teenoorgestelde geslag kan moontlik toegeskryf word aan 'n behoefte om aanvaar en waardeur te word, nie net deur die groep nie, maar ook deur lede van die teenoorgestelde geslag.

10. Die hoër voorkoms van algemene angs by die nie-deelnemers mag een van die belangrikste faktore wees wat daartoe aanleiding gee dat hulle nie aan sport deelneem nie.

4.6 Vergelykings tussen die verskillende sportsoorte se mansdeelnemers

Mans wat aan verskillende individuele sportsoorte deelneem se persoonlikhede verskil beduidend van mekaar ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde:

Karate vergelyk met Atletiek

1. Emosionele stabiliteit – Onstabiliteit: Mans-atlete blyk emosioneel meer stabiel te wees (1%-vlak) as mans wat karate as sport beoefen.

2. Sosialiteit - G: Dit kom voor asof mans wat karate as sport beoefen meer ekstrovertiewe eien=skappe openbaar (1%-vlak) as mansatlete.

Karate vergelyk met gimnastiek

3. Hoë selfsentiment - Lae selfsentiment: Gimnas=te toon 'n hoër selfsentimentontwikkeling (5%-vlak) as karatedeelnemers.

4. Selfbeheer: Gimnaste toon 'n beter selfbeheer=sing (5%-vlak) as karatedeelnemers.

Karate vergelyk met tennis

Noukeurige ondersoek kon geen beduidende verskille tussen hierdie twee groepe oplewer nie.

Karate vergelyk met muurbal

5. Sosialiteit - S: Mans wat karate as sport be=oefen, het 'n groter behoefte aan die vriendskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (1%-vlak) as mansmuurbalspelers.

6. Formele verhoudinge: Mans wat karate as sport beoefen, vertoon beter wat betref hulle formele ver=houdinge (1%-vlak) as muurbalspelers.

Atletiek vergelyk met gimnastiek

7. Radikalisme – Konserwatisme: Atlete is meer radikaal (eksperimenteer graag) (5%-vlak) as mans wat gimnastiek as sport beoefen.
8. Selfbeheer: Mansgimnaste toon 'n beter selfbeheersing (1%-vlak) as mansatlete.

Atletiek vergelyk met tennis

9. Gesinsinvloede: Mansatlete word meer beïnvloed deur hulle gesinsinvloede (5%-vlak) as mans wat tennis speel.

Atletiek vergelyk met muurbal

10. Siklotimie – Skisotimie: Mansatlete blyk meer siklotiem van aard te wees (5%-vlak) as mansmuurbalspelers.
11. Gesinsinvloede: Mansatlete word tot 'n groter mate beïnvloed deur gesinsinvloede (1%-vlak) as mansmuurbalspelers.
12. Formele verhoudinge: Mansatlete blyk 'n beter formele verhoudingslewe te hê (5%-vlak) as mansmuurbalspelers.

Gimnastiek vergelyk met tennis

13. Radikalisme – Konserwatisme: Mans-tennisspelers is meer radikaal (eksperimenteer graag) (1%-vlak) as mans wat gimnastiek beoefen.

14. Selfbeheer: Mangimnaste het beter beheer oor hulleself (1%-vlak) as mans-tennisspelers.

Gimnastiek vergelyk met muurbal

15. Hoë selfsentiment – Lae selfsentiment: Mangimnaste toon 'n beter selfsentimentontwikkeling (5%-vlak) as mans-muurbalspelers.

16. Selfbeheer: Mangimnaste toon 'n duidelike beter vermoë tot selfbeheersing (1%-vlak) as mans-muurbalspelers.

17. Gewenstheidskaal: Mangimnaste blyk eerliker te wees (5%-vlak) as mansmuurbalspelers in soverre dit die beantwoording van die vraelyste aanbetref.

Tennis vergelyk met muurbal

18. Radikalisme – Konserwatisme: Mans wat tennis as sport beoefen, is meer radikaal (eksperimenteer graag) (5%-vlak) as mansmuurbalspelers.

19. Sosialiteit - G: Tennisspelers het 'n groter

behoefte aan groepsaktiwiteit (ekstroversie) (5%-vlak) as muurbalspelers.

20. Formele verhoudinge: Tennisspelers vertoon beter wat betref hulle formele verhoudinge (5%-vlak) as muurbalspelers.

Samevattend

1. In vergelyking met die ander sportsoorte wil dit voorkom asof mans wat karate beoefen in 'n mate emosioneel onstabiel is (swak selfbeheer, lae selfsentimentontwikkeling). Hierdie mans toon egter 'n sterk neiging tot groepsaktiwiteit.

2. Mansatlete is daarenteen meer emosioneel stabiel, maar hulle toon ook 'n mate van onvermoë tot selfbeheersing. Dit wil voorkom asof gesinsinvloede 'n belangrike rol speel in die lewe van die atlete. Wat betref hulle formele verhoudingslewe skyn hulle beter aangepas te wees as muurbalspelers. Hulle toon ook 'n neiging om "na buite" te leef.

3. Mansgimnaste blyk konserwatief te wees wat betref hulle sosiale optrede. Hulle toon 'n duidelike hoë selfsentimentontwikkeling (selfbeheersing). Die feit dat hulle eerliker was in die beantwoording van die vraelyste toon 'n ooreenkoms met die beeld van sosiale gesofistikeerdheid wat hulle skep.

4. Muurbalspelers toon geringe behoefte aan persoonlike yrienskap (Hulle is meer afsydig) en hulle presteer swak wat betref hulle formele verhoudinge. Hulle blyk teruggetrokke te wees wat betref groepsaktiwiteite en hulle toon 'n skynbare swak vermoë tot selfbeheersing. Dit kom egter voor asof gesinsinvloede 'n rol speel in hulle lewens.

5. Tennisspelers toon 'n neiging om graag te eksperimenteer. Hulle vertoon goed wat betref hulle formele verhoudinge, ten spyte van 'n skynbare swak vermoë tot selfbeheersing. Dit kom voor asof gesinsinvloede 'n nie te belangrike rol in hulle lewens speel nie.

6. Dit is opvallend dat muurbalspelers en tennisspelers onderskeidelik die meeste en minste verskille toon as hulle met die ander sportsoorte vergelyk word. Dis 'n moeilik verklaarbare verskynsel, veral gesien in die lig van die feit dat beide sportsoorte min of meer dieselfde aktiwiteite insluit.

7. Uit die gegewens blyk dus dat die persoonlikhede van mansdeelnemers aan die onderskeie individuele sportsoorte in werklikheid min beduidende verskille toon.

Vervolgens word daar nou verder gesoek na moontlike verskille tussen die deelnemers (aan die onderskeie sportsoorte afsonderlik) en die nie-deelnemers.

4.7 Vergelykings in die onderskeie sportsoorte tussen die deelnemende en nie-deelnemende mans

4.7.1 'n Vergelyking tussen mans-deelnemers en mans nie-deelnemers ten opsigte van karate

Mans wat karate as sport beoefen, verskil beduidend van nie-deelnemermans ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 12):

1. Bekommerd - Onbekommerd: Karatedeelnemers is meer onbekommerd en sorgvry van geaardheid (1%-vlak) as nie-deelnemers, wat ernstig en stil voorkom.
2. Gesondheid: Karatedeelnemers toon 'n groter belangstelling in hulle liggaamlike gesondheid (1%-vlak) as die nie-deelnemers.
3. Sosialiteit - G: Karatedeelnemers blyk 'n groter behoefte te hê aan groepsaktiwiteit (1%-vlak) as nie-deelnemers.

Samevattend

1. Karate is een van die sogenaamde liggaamlike kontaktsportsoorte. Waarskynlik bied deelname hieraan aan die deelnemers voldoende geleentheid om hulle emosionele spanninge en frustrasies op voldoende wyse uit te leef. Dit is moontlik die rede vir hulle sorgvrye geaardhede.
2. Die preokkupasie met hulle liggaamlike gesondheid kan waarskynlik in verband gebring word met die

TABEL 12

KARATE

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes
	$\bar{X}$	S^2 N=25	$\bar{X}$	S^2 N=25	
A	10,40	11,00	10,60	7,41	- 0,23
B	8,00	2,83	7,12	4,70	1,60
C	16,28	14,13	15,32	24,72	0,62
E	15,04	13,54	13,60	4,33	1,69
F	14,32	14,06	11,48	13,67	2,70
G	13,44	9,09	13,20	11,75	0,26
H	12,12	21,78	12,40	24,41	- 0,15
I	8,12	15,03	7,44	8,01	0,74
L	10,96	7,79	10,36	10,65	0,81
M	12,88	10,78	13,72	9,13	- 0,94
N	11,16	3,56	12,08	5,16	- 1,56
O	10,36	7,82	10,76	17,19	- 0,40
Q	9,32	9,72	9,96	6,95	- 0,78
Q	11,36	9,66	11,60	9,00	- 0,28
Q	10,36	7,24	11,16	12,81	0,89
Q	11,20	26,41	10,00	24,33	0,85
P	31,20	28,67	29,76	41,69	0,86
P	28,16	35,56	25,08	42,50	1,74
P	29,72	9,07	26,68	28,06	1,91
P	28,36	47,33	26,28	28,63	1,20
P	36,96	28,62	31,12	53,03	3,23
H	33,00	23,41	31,72	40,96	0,80
H	36,60	47,25	34,68	49,97	0,97
S	27,76	66,69	26,92	39,33	0,41
S	35,00	37,41	26,88	67,53	3,96
S	32,44	22,76	31,60	28,00	0,59
F	31,88	46,53	28,00	54,54	1,93
G	14,16	25,47	14,96	27,87	- 0,55
ANGS	25,40	127,33	28,40	193,25	- 0,84

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak

feit dat hulle dikwels in die beoefening van hulle sport beserings van velerlei aard opdoen. Aanvaarding deur die omgewing speel ook in die opsig 'n rol.

3. Tesame met 'n duidelike sorgvryer geaardheid gee die karatedeelnemers se groter behoefte aan sosiale aktiwiteit ten opsigte van formele verhoudinge, 'n aanduiding van 'n ekstroverse persoonlikheidsbeeld. Deelname is waarskynlik verantwoordelik vir hierdie neiging om na buite te leef.

4. Nie-deelnemers kom in teenstelling met die deelnemers stil en ingetoë voor. Hulle blyk dus meer in 'n introverse rigting te neig.

5. Soos blyk uit bogenoemde bevindinge, kan dus aanvaar word dat daar wel persoonlikheidsverskille bestaan tussen mans wat karate as sport beoefen en nie-deelnemer mans, alhoewel dit gering van aard is. Kroll en Carlson, 48, p.405, kon egter geen beduidende persoonlikheidsverskille tussen karatedeelnemers (mans) en nie-deelnemers vind nie. Laasgenoemde twee navorsers het ook van die 16 PF gebruik gemaak.

4.7.2 'n Vergelyking tussen mansdeelnemers en mans nie-deelnemers ten opsigte van tennis

Uit hierdie resultate blyk dat daar geen beduidende

TABEL 13

TENNIS

Faktor	DEELNEMERS			NIE-DEELNEMERS		
	$\bar{X}$	S^2	N=12	$\bar{X}$	S^2	N=12
A	11,25	17,48		9,33	16,85	1,12
B	8,50	1,90		7,75	7,48	0,93
C	18,50	14,63		16,75	31,66	0,88
E	14,33	11,26		13,50	12,45	0,58
F	14,91	17,76		11,75	25,66	1,65
G	12,66	10,61		15,00	12,18	- 1,68
H	12,83	13,52		13,00	30,72	- 0,09
I	8,41	9,66		8,83	9,31	- 0,33
L	9,41	13,86		10,91	6,43	- 1,15
M	14,08	14,19		12,16	16,88	1,18
N	10,83	4,60		10,91	4,42	- 0,09
O	10,16	8,30		8,91	20,04	0,81
Q	10,91	3,34		9,58	11,25	1,20
Q	10,16	13,03		11,00	3,81	- 0,70
Q	10,33	6,87		11,25	7,84	- 0,82
Q	9,16	10,47		10,08	27,43	- 0,51
P	31,41	27,09		30,58	33,40	0,37
P	28,00	23,27		26,25	38,02	0,77
P	28,50	7,27		28,91	33,77	-0,22
P	28,75	54,93		27,75	27,84	0,38
P	34,16	40,10		30,25	59,66	1,34
H	30,50	72,09		33,16	38,09	- 0,87
H	34,83	35,86		34,58	32,88	0,10
S	27,16	43,46		27,75	50,75	- 0,21
S	32,75	36,20		28,16	33,29	1,89
S	32,16	26,98		33,50	48,45	- 0,53
F	29,41	27,24		29,83	44,74	- 0,17
G	15,25	31,25		14,75	22,93	0,23
ANGS	22,83	88,14		25,33	165,70	- 0,54

* Beduidend op die 5%-vlak ** Beduidend op die 1%-vlak

persoonlikheidsverskille bestaan tussen manstennis=spelers en mans nie-deelnemers nie (kyk tabel 13). Ikegami, 37, pp.51-53 se bevindinge verskil egter van dié van hierdie ondersoek. Hy het gevind dat tennisspelers beter sosiale leiers is, dat hulle meer aggressief is en dat hulle meer ekstroversief van aard is as nie-deelnemers. In die verband moet egter melding gemaak word van die feit dat sy groep tennisspelers bestaan het uit mans (N=70) en dames (N=61). (Totaal N=131). Die moontlikheid is dus nie uitgesluit dat bogenoemde verskille toegeskryf kan word aan verskille tussen die geslagte nie.

4.7.3 'n Vergelyking tussen mansdeelnemers en mans nie-deelnemers ten opsigte van gimnastiek

Die resultate toon dat die mangimnaste beduidend verskil van die mans nie-deelnemers ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 14):

1. Dominansie - Submissie: Mangimnaste is meer dominant van aard (5%-vlak) as mans nie-deelnemers.
2. Super-Egosterkte - Gebrek aan innerlike standaarde: Gimnaste toon 'n meer volwasse karakterontwikkeling (Super-Egosterkte) as mans wat nie deelneem nie, (5%-vlak).

TABEL 14

GIMNASTIEK

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes
	$\bar{X}$	S^2 N=13	$\bar{X}$	S^2 N=13	
A	10,30	14,23	9,92	8,65	0,29
B	8,00	1,50	8,00	7,66	0,00
C	18,46	13,16	16,69	11,15	1,31
E	16,00	17,66	12,84	11,65	2,14 *
F	13,15	11,58	11,07	16,41	1,43
G	14,46	12,32	10,46	20,47	2,55 *
H	14,46	27,65	13,23	20,88	0,64
I	9,30	8,38	8,46	5,63	0,84
L	11,00	7,33	10,61	8,38	0,36
M	13,61	9,08	13,84	5,66	- 0,22
N	10,92	8,49	10,84	5,62	0,08
O	8,84	12,26	11,46	18,14	- 1,74
Q	8,07	5,03	10,23	8,54	- 2,14 *
Q	11,76	9,43	12,30	5,26	- 0,51
Q	12,38	10,05	9,92	8,65	2,08 *
Q	9,30	17,05	10,76	23,91	- 0,83
P	32,00	13,50	28,15	42,54	1,88
P	29,53	20,14	24,69	48,52	2,13 *
P	32,00	11,50	29,30	36,55	1,42
P	31,46	17,20	30,15	48,89	0,59
P	36,46	26,22	35,61	43,34	0,37
H	35,15	23,60	23,92	49,98	0,10
H	37,46	32,39	38,69	38,93	- 0,53
S	29,07	35,51	25,92	68,92	1,13
S	30,92	61,79	28,61	47,09	0,81
S	32,69	46,40	31,00	63,83	0,59
F	29,76	53,12	27,53	79,60	0,71
G	13,00	22,66	15,00	22,16	- 1,09
ANGS	20,46	106,33	27,46	133,86	- 1,65

3. Radikalisme – Konserwatisme: Mans nie-deelnemers is meer radikaal (5%-vlak) in hulle sosiale optrede as mans wat gimnastiek as sport beoefen. Hulle blyk dus meer liberaal van aard te wees as die gimnaste (konserwatief).

4. Hoë selfsentiment – Lae selfsentiment: Mans= gimnaste toon 'n beter selfsentimentontwikkeling (5%-vlak) as mans wat nie aan sport deelneem nie.

5. Eiewaarde: Mans wat gimnastiek as sport beoefen, is geneig om hulleself hoër te evalueer (5%-vlak) as mans nie-deelnemers.

Samevattend

1. Uit die resultate kan afgelei word dat mans wat gimnastiek beoefen 'n sterk karakterontwikkeling toon. Gepaardgaande hiermee blyk hulle sterk dominante eienskappe te hê en is hulle ook geneig om hulleself hoog te evalueer. In samehang met hierdie beeld wat hulle skep, wil dit ook nog voorkom asof hulle in 'n groot mate konformeer aan die bestaande norme van hulle omgewing.

2. Die moontlikheid dat deelname aan gimnastiek 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van hierdie eienskappe by gimnaste moet dus sterk oorweeg word.

3. Die nie-deelnemers toon in vergelyking met die gimnaste 'n duidelik swakker karakterontwikkeling.

Gepaardgaande hiermee toon hulle ook 'n duidelike neiging om meer radikaal en vrydenkend te wees betreffende hulle sosiale optrede.

4.7.4 'n Vergelyking tussen mansdeelnemers en mans nie-deelnemers ten opsigte van muurbal

Die resultate toon dat die mans wat muurbal as sport beoefen, beduidend van die mans nie-deelnemers verskil slegs ten opsigte van een persoonlikheidsveld (kyk tabel 15).

1. Dominansie – Submissie: Mansmuurbalspelers is meer dominant van aard (5%-vlak) as die mans nie-deelnemers.

Samevattend

1. Omdat geen ander verskille tussen die twee groepe aangetref is wat die verskynsel van dominansie kon bevestig of verwerp nie, is dit moeilik om te kan sê of deelname aan muurbal verantwoordelik is vir die ontwikkeling van hierdie eienskap of nie. Dit sal eers volledig ondersoek moet word voordat uitsluitsel in die verband gegee kan word. Dominansie bly egter 'n eienskap wat dikwels by verskeie sportgroepe aangetref word.

TABEL 15

MUURBAL

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes
	$\bar{X}$	S^2 N=16	$\bar{X}$	S^2 N=16	
A	8,75	7,27	9,62	16,89	- 0,70
B	8,50	3,47	7,62	4,47	1,22
C	17,68	16,91	16,56	19,15	0,73
E	15,75	17,40	12,13	17,85	2,40 *
F	13,25	23,94	13,68	10,45	- 0,29
G	12,50	16,27	13,25	21,54	- 0,48
H	11,18	17,14	10,37	23,82	0,50
I	9,56	12,45	9,18	12,45	0,30
L	9,87	15,55	8,87	6,47	0,83
M	13,50	10,40	13,62	9,19	- 0,11
N	10,18	4,33	11,50	4,80	- 1,71
O	9,93	10,78	10,62	11,30	- 0,58
Q	9,18	4,58	10,19	6,64	- 1,19
Q	12,12	11,72	11,31	13,08	0,64
Q	9,93	9,69	10,68	15,60	- 0,59
Q	9,00	14,80	8,50	25,33	0,31
P	32,43	23,59	28,81	31,11	1,92
P	26,00	42,00	24,43	36,53	0,69
P	27,50	26,67	29,81	46,32	- 1,06
P	30,00	16,93	29,00	41,87	0,51
P	35,00	32,00	35,31	35,35	- 0,15
H	29,62	83,90	31,75	24,20	- 0,80
H	35,75	67,67	34,43	41,22	0,50
S	27,18	26,07	26,37	77,19	0,31
S	28,12	31,35	28,75	32,07	- 0,31
S	30,87	34,84	30,31	46,65	0,24
F	25,18	21,70	27,50	51,20	- 1,25
G	14,50	9,20	16,18	25,62	- 1,12
ANGS	25,93	59,28	20,81	203,50	- 0,21

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak.

4.7.5. 'n Vergelyking tussen mansdeelnemers en mans nie-deelnemers ten opsigte van atletiek

Resultate toon dat die twee groepe beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 16):

1. Siklotimie – Skisotimie: Mansatlete is duidelik meer siklotiem (5%-vlak) as mans nie-deelnemers.
2. Emosioneel stabiel – Onstabiel: Mansatlete toon 'n groter emosionele stabiliteit (5%-vlak) as mans nie-deelnemers. Bevindings van Lawther, 55, p.87 toon in die verband ooreenkoms met die resultate van hierdie navorsing.
3. Gesondheid: Soos in baie van die reeds genoemde bevindings toon die mansatlete ook 'n groter behepthed met hulle fisiese gesondheid (1%-vlak) as die mans nie-deelnemers.

Samevattend

1. Mansatlete blyk van 'n meer sorgvrye (siklotieme) emosioneel stabiele geaardheid te wees.
2. Dit is egter opvallend dat hulle ten spyte van hulle "skynbare" emosionele stabiliteit tog 'n neurotiese behepthed toon met hulle fisiese gesond-

TABEL 16

ATLETIEK

Faktor	DEELNEMERS		NIE-DEELNEMERS		t-waardes	
	$\bar{X}$	S^2 N=19	$\bar{X}$	S^2 N=19		
A	11,47	4,41	9,94	5,43	2,10	*
B	7,89	2,07	7,68	4,30	0,36	
C	18,73	6,15	15,89	14,37	2,68	*
E	16,00	16,89	14,15	10,27	1,52	
F	14,42	23,62	14,68	13,69	- 0,18	
G	13,68	17,57	12,73	16,61	0,69	
H	13,10	18,69	12,31	13,93	0,59	
I	8,84	9,73	8,63	13,72	0,18	
L	10,15	11,42	11,26	8,06	- 1,07	
M	13,57	12,30	11,89	10,78	1,49	
N	10,57	6,02	11,15	6,11	- 0,71	
O	11,05	19,78	11,31	9,14	- 0,21	
Q	10,00	6,22	9,94	5,88	0,07	
Q	10,57	12,35	10,86	7,73	- 0,28	
Q	9,84	16,18	11,36	10,45	- 1,26	
Q	10,47	28,35	11,84	13,08	- 0,91	
P	31,21	42,99	29,73	22,19	0,78	
P	27,21	52,32	26,15	11,47	0,57	
P	27,42	35,43	28,26	25,50	- 0,46	
P	28,89	40,50	27,63	22,00	0,68	
P	37,21	21,67	31,63	26,68	3,42	**
H	35,73	29,39	32,63	46,02	1,52	
H	35,31	34,43	36,63	21,48	- 0,75	
S	28,26	51,84	26,47	29,69	0,84	
S	29,68	38,83	30,00	36,33	- 0,16	
S	32,42	25,55	29,78	50,10	1,29	
F	28,73	24,96	27,94	23,05	0,49	
G	14,26	23,30	15,31	24,74	- 0,65	
ANGS	24,89	142,68	28,21	76,32	- 0,96	

* Beduidend op die 5%-vlak

** Reduidend op die 1%-vlak.

heid. Dit kan moontlik verklaar word aan die hand van die feit dat hulle fisiese vermoëns vir hulle baie beteken, veral in soverre dit hulle aanvaarding en aanpassing (sosiale gewildheid) bedreig.

4.8 'n Vergelyking tussen deelnemende en nie-deelnemende dames

Die resultate toon dat die dames wat deelneem beduidend van die nie-deelneemsters verskil ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 17):

1. Dominansie – Submissie: Deelnemende dames is meer dominant van aard (5%-vlak) as dames nie-deelneemsters.
2. Selfgenoegsaam – Groepsafhanklik: In teenstelling met die resultate van Peterson, Weber & Tronsdale, 66, p.686 en Evelyn, 25, p.149 is gevind dat nie-deelneemsters meer selfgenoegsaam is (1%-vlak) as deelneemsters.
3. Hoë selfsentiment – Lae selfsentiment: Nie-deelneemsters toon 'n hoër selfsentiment-ontwikkeling (5%-vlak) (sosiale selfbeheersing) as dames wat aan sport deelneem.
4. Selfvertroue: Soos die geval is met die mansdeelnemers, het die dames wat deelneem ook meer selfvertroue (1%-vlak) as die nie-deelneemsters.

TABEL 17

TOTALE GROEP DAMES

Faktor	DEELNEEMSTERS			NIE-DEELNEEMSTERS			t-waardes
	$\bar{X}$	S^2	N=56	$\bar{X}$	S^2	N=56	
A	11,95	10,11		10,96	11,11		1,52
B	8,14	3,34		8,21	2,39		- 0,21
C	15,02	19,23		14,70	16,40		0,38
E	13,34	13,23		11,50	15,05		2,45 *
F	13,21	48,94		11,16	19,09		1,75
G	12,21	9,33		12,93	11,85		- 1,11
H	11,21	24,56		9,64	18,76		1,69
I	10,80	14,71		11,66	9,45		- 1,23
L	10,95	11,32		10,18	13,54		1,08
M	13,63	11,22		14,59	8,63		- 1,52
N	9,59	7,07		10,43	5,86		- 1,65
O	12,04	15,31		12,88	15,33		- 1,08
Q	9,64	11,05		9,41	10,48		0,35
Q	10,11	10,11		11,93	11,34		- 2,80 **
Q	9,41	7,53		10,98	17,14		- 2,24 *
Q	12,21	23,81		12,29	26,36		- 0,08
P	29,34	25,86		26,27	36,67		2,77 **
P	23,66	33,57		22,54	30,93		0,98
P	27,29	24,55		26,54	29,84		0,72
P	27,86	37,34		26,09	38,00		1,44
P	34,34	23,99		32,98	43,31		1,17
H	32,41	47,78		33,11	34,56		- 0,55
H	34,02	63,94		34,59	70,52		- 0,35
S	27,64	46,36		23,52	46,66		3,03 **
S	27,32	32,88		24,46	37,34		2,40 *
S	33,34	30,87		34,88	33,39		- 1,36
F	29,88	33,15		29,02	31,93		0,75
G	15,38	28,16		15,51	15,61		- 0,14
ANGS	30,32	103,48		33,86	141,45		- 1,60

* Beduidend op die 5%-vlak ** Beduidend op die 1%-vlak.

In die verband het Duggan, (21, p.662) gevind dat dames wat aan individuele sport deelneem, in teenstelling met deelnemers aan groepsport, 'n hoë mate van selfvertroue toon.

5. Sosialiteit - G: Dames wat deelneem het 'n groter behoefte aan groepsaktiwiteit (ekstroversie) (1%-vlak) as dames wat nie aan sport deelneem nie.

6. Sosialiteit - S: Die dames wat deelneem, toon 'n groter behoefte aan die vriendskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (5%-vlak) as die nie-deelnemers.

Samevattend

1. Die dominante houding van die deelnemers stem in 'n groot mate ooreen met hulle groter mate van selfvertroue, asook hulle neiging om meer na buite lewend te wees (ekstrovertief). Indien aanvaar kan word dat sportdeelname 'n bydrae lewer in die ontwikkeling van hierdie eienskappe, moet die moontlikheid dat deelname aan sport die dominante eienskappe van deelnemers beïnvloed, ook sterk oorweeg word.

2. Die selfgenoegsaamheid van die nie-deelnemende dames is waarskynlik een van die redes waarom hulle nie aan sport deelneem nie. Deelname het te make met groepsaktiwiteit en, soos dit blyk uit resul=

tate, is die nie-deelneemsters geneig om sosiaal onaktief te wees.

3. Die neiging by nie-deelneemsters om groepsonafhanklik te wees staan bes moontlik in noue verband met die groter sosiale selfbeheer en die neiging om eerder die eie selfbeeld te volg as om in groepsaktiwiteit op te gaan. Saam kan laasgenoemde twee aspekte dus grootliks daarvoor verantwoordelik wees dat die nie-deelneemsters geen sport beoefen nie.

4. Sportdeelname en die daarmee gepaardgaande groter aanvaarding deur die sosiale omgewing, is waarskynlik verantwoordelik vir die ontwikkeling van die groter gevoel van selfvertroue by die dames wat deelneem. Die dames kry meer dikwels die geleentheid om in groepsituasies op te tree en dit kan 'n bydrae lewer tot die versterking van hulle gevoel van selfversekerdheid en selfvertroue.

5. Dames wat deelneem kan dus as ekstrovertief bestempel word. Die neiging om na buite te leef is egter nie net beperk tot groepsaktiwiteit nie, maar dit kan ook in verband gebring word met die behoefte aan 'n vriend van die teenoorgestelde geslag.

6. Die dames wat nie deelneem nie is, soos blyk uit die resultate, meer introvertief van aard. Hulle sosiale teruggetrokkenheid is opvallend en

moontlik die primêre rede waarom hulle nie deelneem nie.

7. In die lig van die waargenome resultate kan dus aanvaar word dat daar wel persoonlikheidsverskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers, alhoewel hierdie verskille gering van aard blyk te wees.

4.9 Vergelyking tussen die verskillende sport= soorte se deelnemende dames

Dames wat aan verskillende indiwiduele sportsoorte deelneem se persoonlikhede verskil beduidend van mekaar ten opsigte van die volgende persoonlikheids=velde:

Karate vergelyk met atletiek

1. Protensie – Ontspanne sekuriteit: Damesatlete blyk meer agterdogtig en jaloers van geaardheid te wees (1%-vlak) as dames wat karate beoefen.
2. Vatbaar vir skuldgevoelens – Oortuigde bevoegd=heid: Damesatlete toon 'n groter vatbaarheid vir skuldgevoelens (1%-vlak) as dames wat karate beoefen.
3. Selfgenoegsaam – Groepsafhanklik: Karatedames is meer selfgenoegsaam (1%-vlak) as atletiekdames.

4. Gesinsinvloede: Atletiekdames word meer beïnvloed deur toestande in hulle gesinne (5%-vlak) as karatedames.

5. Gewenstheidsskaal: Dit kom voor asof atletiekdames eerder is as karatedames (1%-vlak) in soverre dit die aflê van die toetse aanbetref.

Karate vergelyk met gimnastiek

6. Sosialiteit - S: Damesgimnaste toon 'n groter behoefte aan die geselskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (5%-vlak) as karatedames.

Karate vergelyk met tennis

7. Parma - Threctia: Dames wat tennis beoefen, blyk sosiaal meer avontuurlustig te wees (1%-vlak) as dames wat karate as sport beoefen.

Karate vergelyk met muurbal

8. Protensie - Ontspanne sekuriteit: Dit wil voorkom asof karatedames meer agterdogtig en jaloers van geaardheid is (1%-vlak) as dames wat muurbal beoefen.

9. Senuweeagtigheid: Dames wat muurbal beoefen, is egter meer senuweeagtig van aard (5%-vlak) as

karatedames.

10. Gewenstheidskaal: In soverre dit die beantwoording van die vraelyste aanbetref, wil dit voorkom asof karatedames eerliker is (5%-vlak) as muurbaldames.

11. Angs: Karatedames kom meer angstig voor (5%-vlak) as muurbaldames.

Atletiek vergelyk met tennis

12. Vatbaar vir skuldgevoelens – Oortuigde bevoegdheid: Damesatlete toon 'n groter vatbaarheid vir skuldgevoelens (5%-vlak) as damestennisspeelsters.

13. Hoë selfsentiment – Lae selfsentiment: Tennispeelsters toon 'n beter selfsentimentontwikkeling (5%-vlak) as dames wat atletiek beoefen.

14. Formele verhoudinge: Tennisspeelsters vertoon beter wat betref hulle formele verhoudingslewe (5%-vlak) as damesatlete.

15. Gewenstheidskaal: Dit wil voorkom asof damesatlete eerliker was in die beantwoording van die vraelyste (5%-vlak) as wat die tennisspeelsters was.

Atletiek vergelyk met muurbal

16. Siklotimie - Skisotimie: Damesatlete blyk meer siklotiem van geaardheid te wees (5%-vlak) as muurbalspeelsters.

17. Protensie - Ontspanne sekuriteit: Damesatlete toon 'n groter mate van agterdog en jaloesie (5%-vlak) as muurbalspeelsters.

18. Angs: Damesatlete toon 'n hoër mate van algemene ang (1%-vlak) as muurbalspeelsters.

Gimnastiek vergelyk met tennis

19. Algemene intelligensie: Dames wat gimnastiek beoefen, blyk meer intelligent te wees (5%-vlak) as dames wat tennis speel.

20. Sosialiteit - S: Damesgimnaste het 'n groter behoefte aan die vriendskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (1%-vlak) as tennisspeelsters.

Gimnastiek vergelyk met muurbal

21. Sosialiteit - G: Damesgimnaste toon 'n groter behoefte aan groepsaktiwiteit (ekstroversie) (5%-vlak) as muurbalspeelsters.

Tennis vergelyk met muurbal

22. Siklotimie – Skisotimie: Tennisspeelsters toon meer siklotieme eienskappe (5%-vlak) as muurbal= speelsters.

Samevattend

1. Dit wil voorkom asof dames wat karate as sport beoefen, stil en teruggetrokke van aard is. Hulle skep die indruk dat hulle selfgenoegsaam is en dat hulle oortuig is van hulle eie bevoegdheid. Op die oog af wil dit dus voorkom asof hulle, in vergelyking met die ander sportsoorte, wegstrem van sosiale aktiwiteit.
2. Damesatlete toon 'n skynbare jaloerse, agterdogtige geaardheid. Hulle toon 'n hoë mate van algemene angs en, gepaardgaande hiermee, toon hulle 'n vatbaarheid vir skuldgevoelens. Dit wil egter voorkom asof hulle eerlik van aard is. Ten spyte van hierdie negatiewe beeld toon hierdie dames tog sekere siklotieme neigings.
3. Damesgimnaste blyk oor die algemeen 'n groep te wees wat neig na groepsaktiwiteit (ekstroversie). Hulle kom egter ook senuweeagtig en angstig voor. Hulle blyk egter nie baie jaloers te wees nie.
4. Tennisspeelsters neig ook om in 'n mate na bui=

te lewend te wees (Siklotimie, ekstroversie). Hulle toon 'n hoë mate van selfsentimentontwikkeling en intellektueel blyk hulle redelik goed ontwikkelde te wees.

5. Muurbalspeelsters kom uiters afsydig en teruggetrokke voor. Skynbaar stel hulle minder belang in groepsaktiwiteite as die ander sportgroepe. Hulle toon egter 'n lae angspeil en dit wil voorkom asof hulle slegs in 'n geringe mate jaloers is.

6. Die atletiekdamas was die groep wat die meeste beduidende verskille getoon het. Waarskynlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat sowel veld- as baanatlete by die toetse betrokke was. Die moontlikheid bestaan dus dat daar tussen die twee groepe onderling ook verskille was.

7. Uit die gegewens blyk dus dat die persoonlikhede van die deelnemers aan die onderskeie individuele sportsoorte in werklikheid min beduidende verskille toon.

Vervolgens word daar nou verder gesoek na moontlike verskille tussen die deelnemers (aan die onderskeie sportsoorte afsonderlik) en die nie-deelnemers.

4.10 Vergelykings in die onderskeie sportsoorte tussen die deelnemende- en nie-deelnemende dames

4.10.1 'n Vergelyking tussen deelnemers en nie-deelnemers ten opsigte van karate

Dames wat karate beoefen, verskil beduidend van nie-deelnemers ten opsigte van een persoonlikheidsveld (kyk tabel 18):

1. Selfvertroue: Dames wat karate beoefen, toon 'n hoër mate van selfvertroue (1%-vlak) as dames wat nie aan sport deelneem nie.

Samevattend

Alhoewel daar geen ander beduidende verskille tussen die twee groepe aangetref is nie, is die feit dat dames wat karate beoefen meer selfvertroue het, tog betekenisvol. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat karate nie net as sportsoort beoefen word nie, maar dat dit in werklikheid 'n effektiewe metode van selfverdediging is. Die vermoë wat dié dames het om hulleself te beskerm is waarskynlik die rede waarom hulle meer selfvertroue het.

4.10.2 'n Vergelyking tussen deelnemers en nie-deelnemers ten opsigte van tennis

Tennisspeelsters verskil beduidend van nie-deelnemers ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 19):

TABEL 18

KARATE

Faktor	DEELNEEMSTERS			NIE-DEELNEEMSTERS			t-waardes
	$\bar{X}$	S^2	N=12	$\bar{X}$	S^2	N=12	
A	11,58	7,62		10,00	4,36		1,56
B	7,91	2,02		8,50	1,72		- 1,84
C	15,42	14,69		14,16	8,18		0,91
E	12,16	19,97		11,75	20,57		0,22
F	12,33	23,43		11,08	33,80		0,57
G	11,66	19,50		10,91	17,16		0,42
H	8,25	22,75		9,91	21,50		- 0,86
I	11,75	15,11		12,33	5,25		- 0,44
L	9,75	12,20		10,25	19,29		- 0,30
M	13,75	6,75		14,75	12,02		- 0,79
N	10,25	6,75		10,08	3,43		0,18
O	10,00	18,00		12,91	9,18		- 1,91
Q	10,08	12,52		8,91	12,94		0,80
Q	11,66	10,60		12,25	10,93		- 0,44
Q	10,25	12,38		11,08	7,98		- 0,63
Q	11,16	38,32		11,08	12,71		0,04
P	31,91	48,01		24,16	36,69		2,89
P	22,16	50,66		23,00	31,27		- 0,32
P	28,83	45,46		26,25	22,02		1,08
P	28,83	45,28		25,33	39,52		1,31
P	33,00	50,72		32,00	20,18		0,41
H	28,25	54,93		32,83	42,94		- 1,59
H	32,41	147,10		34,58	85,06		- 0,49
S	24,25	77,84		22,16	49,20		0,64
S	26,25	37,84		23,00	32,72		1,33
S	34,91	49,14		33,83	34,77		0,40
F	31,00	51,09		25,66	42,80		1,89
G	12,16	33,42		15,91	8,13		- 1,99
ANGS	28,83	172,36		33,33	70,49		- 0,99

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak

1. Bekommerd – Onbekommerd: Tennisspeelsters is minder bekommerd (lewendig en opgeruimd) (1%-vlak) van geaardheid as nie-deelneemsters
2. Parmia – Thretia: Tennisspeelsters is sosiaal meer avontuurlustig, (vrypostig) (5%-vlak) as die nie-deelneemsters (skaam en teruggetrokke).
3. Premsia – Harria: Nie-deelneemsters is meer sensitief (vroulik) (5%-vlak) as dames wat tennis as sport beoefen.
4. Autia – Praxernia: Nie-deelneemsters is meer introvert (onkonvensioneel, verbeeldingryk, gaan in hulleself op) (5%-vlak) as dames wat tennis speel.
5. Selfgenoegsaam – Groepsafhanklik: Nie-deelneemsters is meer selfgenoegsaam van aard (5%-vlak) as tennisspeelsters.

Samevattend

Ten spyte van die feit dat daar relatief min verskille voorkom tussen hierdie twee groepe, kan daar tog sekere afleidings gemaak word.

1. Tennisspeelsters blyk hoofsaaklik groepsafhanklik te wees (lewendig en opgeruimd). In ooreenstemming hiermee toon hulle ook 'n groter mate van soiale vrypostigheid. Dit wil dus voorkom asof

TABEL 19

TENNIS

Faktor	DEELNEEMSTERS		NIE-DEELNEEMSTERS		t-waardes
	$\bar{X}$	S^2 N=13	$\bar{X}$	S^2 N=13	
A	12,61	7,73	11,23	5,38	1,39
B	7,69	1,93	8,15	2,71	- 0,78
C	14,53	27,20	14,00	14,17	0,30
E	13,69	13,63	12,07	16,75	1,07
F	14,31	15,16	10,38	8,20	2,98
G	13,15	5,42	12,15	14,75	0,81
H	13,15	21,75	9,84	10,60	2,12
I	9,07	12,22	12,00	4,50	- 2,62
L	11,84	15,29	10,15	4,73	1,37
M	12,00	13,50	15,53	7,89	- 2,78
N	10,23	4,88	9,61	3,87	0,77
O	11,53	11,98	12,07	19,60	- 0,35
Q	8,69	9,10	9,07	6,55	- 0,35
Q	9,30	13,05	12,67	10,84	- 2,51
Q	9,92	4,14	9,92	4,64	0,00
Q	12,92	24,33	12,46	24,48	0,24
P	29,53	12,81	27,92	35,76	0,84
P	24,84	22,30	22,92	22,73	1,04
P	26,84	18,16	26,30	27,50	0,29
P	26,53	28,09	28,15	19,88	- 0,85
P	35,15	18,10	33,53	38,05	0,79
H	32,46	50,55	33,69	15,23	- 0,55
H	34,62	37,92	34,76	74,22	- 0,05
S	27,84	24,51	25,53	21,00	1,25
S	25,00	26,83	25,46	21,36	- 0,24
S	33,38	27,93	34,00	37,33	- 0,28
F	31,46	14,38	31,38	27,41	0,05
G	15,15	17,94	16,00	16,67	- 0,53
ANGS	30,15	112,73	35,38	94,45	- 1,33

* Beduidend op 5%-vlak

** Beduidend op 1%-vlak

deelname aan tennis verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ekstrovertiewe eienskappe by dames.

2. Nie-deelneemsters skyn egter teruggetrokke en introvertief te wees. Hulle kom vroulik en sensitief voor (verbeeldingryk en onkonvensioneel). Dit impliseer egter nie dat die tennisspeelsters glad nie ook vroulik en sensitief is nie. Hulle blyk slegs meer prakties geöriënteer te wees. Nie-deelneemsters is ook meer selfgenoegsaam as die deelneemsters, wat bes moontlik ook die rede is waarom hulle nie aan sport deelneem nie. (Hulle skram weg van groepsaktiwiteit af.)

4.10.3 'n Vergelyking tussen deelneemsters en nie-deelneemsters ten opsigte van gimnastiek

Damesgimnaste verskil beduidend van nie-deelneemsters ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 20):

1. Siklotimie – Skisotimie: Die nie-deelneemsters toon meer siklotieme eienskappe (5%-vlak) as die damesgimnaste.

2. Bekommerd – Onbekommerd: Nie-deelneemsters is minder bekommerd (opgeruimd) (1%-vlak) van geaardheid as die damesgimnaste.

TABEL 20

GIMNASTIEK

Faktor	DEELNEEMSTERS			NIE-DEELNEEMSTERS			t-waardes
	$\bar{X}$	S^2	N=11	$\bar{X}$	S^2	N=11	
A	12,18	14,21		8,45	5,96		- 2,76 *
B	9,00	2,60		8,00	2,20		- 1,52
C	15,36	13,38		14,36	18,38		- 0,35
E	12,36	10,16		11,09	10,72		- 0,93
F	15,54	21,96		9,90	8,28		- 3,42 **
G	11,54	6,81		13,81	6,01		2,12 *
H	12,18	34,21		8,27	21,47		- 1,75
I	12,18	6,61		12,36	10,96		0,14
L	9,90	3,28		10,27	22,28		0,24
M	14,90	10,58		14,36	14,58		- 0,36
N	8,90	7,66		11,36	13,15		1,80
O	11,90	12,13		12,00	14,20		0,06
Q	9,36	13,14		11,90	8,93		1,80
Q	10,36	8,14		13,27	18,50		1,88
Q	9,36	8,34		13,09	20,52		2,32 *
Q	12,00	6,80		13,27	19,50		0,82
P	28,72	23,68		25,09	16,45		- 1,91
P	23,45	21,31		22,00	27,40		- 0,69
P	27,45	22,75		25,00	37,40		- 1,05
P	30,81	30,32		23,27	42,56		- 2,95 **
P	34,18	20,90		34,18	22,10		0,00
H	33,81	66,97		32,72	43,55		- 0,35
H	33,36	106,53		35,27	44,03		0,52
S	30,45	41,98		20,45	24,48		- 4,08 **
S	31,72	25,73		25,36	47,86		- 2,47 *
S	34,45	24,42		35,63	18,55		- 0,60
F	28,81	36,28		27,90	25,04		- 0,39
G	14,72	24,66		16,90	20,02		1,08
ANGS	28,72	103,28		34,09	173,36		1,08

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak

3. Karaktervas - Gebrek aan streng innerlike standaarde: Die damesgimnaste blyk meer karaktervas (konsensieus, volhardend) te wees (5%-vlak) as die nie-deelneemsters.

4. Hoë selfsentiment - Lae selfsentiment: Die gimnaste toon 'n hoër selfsentimentontwikkeling (selfbeheer, oefen wilskrag uit) (5%-vlak) as die nie-deelneemsters.

5. Senuweeagtigheid: Nie-deelneemsters blyk meer senuweeagtig van aard te wees (1%-vlak) as dames wat gimnastiek as sport beoefen.

6. Sosialiteit - G: Nie-deelneemsters toon meer ekstrovertiewe eienskappe (1%-vlak) as dames wat gimnastiek beoefen. Roberts, 71, p.3768 het ook in die verband gevind dat damesgimnaste meer gere=serveerd en teruggetrokke was as die groep wat hy as norm gebruik het.

7. Sosialiteit - S: Nie-deelneemsters toon 'n groter behoefte aan die vriendskap van 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag (5%-vlak) as die damesgimnaste.

Samevattend

1. Damesgimnaste blyk hoofsaaklik introvertief van aard te wees in vergelyking met die nie-deel=

neemsters. (Hulle toon ook weinig behoefte aan persoonlike vriendskap.) Die feit dat die dames 'n streng gedissiplineerde oefenprogram moet volg, is heel waarskynlik verantwoordelik daarvoor dat hulle vasberade en volhardend voorkom. Die dames blyk ook karaktervas te wees en hulle toon 'n hoë mate van selfsentimentontwikkeling.

2. Die nie-deelneemsters kom in vergelyking met die deelneemsters ekstrovertief voor. Hulle toon egter weinig deursettingsvermoë en hulle kom in 'n mate senuweeagtig voor. Laasgenoemde twee aspekte verklaar moontlik waarom hierdie dames nie deelneem aan sport nie, ten spyte van die feit dat hulle behoefte het aan groepsaktiwiteit.

4.10.4 'n Vergelyking tussen deelneemsters en nie-deelneemsters ten opsigte van muurbal

Dames wat muurbal as sport beoefen, verskil beduidend van nie-deelneemsters ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 21):

1. Dominansie - Submissie: Damesmuurbalspeelsters toon meer dominante eienskappe (1%-vlak) as dames wat nie aan sport deelneem nie.

Sosialiteit - G: Muurbalspeelsters toon ook meer ekstrovertiewe neigings (1%-vlak) as dames nie-deelneemsters.

TABEL 21

MUURBAL

Faktor	DEELNEEMSTERS		NIE-DEELNEEMSTERS		t-waardes
	$\bar{X}$	S^2 N=9	$\bar{X}$	S^2 N=9	
A	9,77	8,60	12,00	7,00	- 1,70
B	8,44	6,86	8,44	5,11	0,00
C	16,00	10,25	16,44	23,57	- 0,23
E	14,44	8,93	9,66	6,90	3,62 **
F	13,55	14,45	11,55	23,42	0,98
G	12,11	9,14	14,22	5,27	- 1,67
H	10,88	13,83	8,00	16,25	1,58
I	9,66	25,15	11,77	22,90	- 0,92
L	10,00	15,50	9,11	18,38	0,46
M	14,77	15,95	14,00	6,75	0,49
N	9,88	5,56	10,33	7,33	0,32
O	12,33	18,10	14,44	21,17	- 1,01
Q	9,77	9,11	10,00	2,25	- 0,18
Q	10,77	8,13	10,66	10,16	0,08
Q	9,00	10,75	9,55	10,90	- 0,36
Q	11,33	35,08	12,22	33,01	- 0,12
P	27,77	21,68	25,66	44,89	0,78
P	25,55	41,35	21,33	40,90	1,41
P	28,22	14,84	26,55	23,61	0,81
P	26,88	61,65	27,44	58,55	- 0,15
P	36,33	20,03	34,22	87,37	0,61
H	34,00	30,75	32,66	62,49	0,42
H	34,55	20,96	30,44	156,83	0,93
S	29,77	15,21	22,88	27,36	3,19 **
S	26,33	30,95	22,77	74,84	1,04
S	31,33	32,74	34,00	65,75	- 0,81
F	30,66	38,09	28,88	30,68	0,65
G	15,77	27,22	15,22	45,03	0,20
ANGS	27,00	61,25	33,66	192,51	- 1,26

* Beduidend op die 5%-vlak

** Beduidend op die 1%-vlak

Samevattend

1. Deelname aan muurbal is heel waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die deelneemsters meer dominant voorkom as die nie-deelneemsters. Die moontlikheid bestaan verder ook dat die dames wel aan muurbal begin deelneem het vanweë hulle behoefte aan groepsaktiwiteit, daarom hulle meer ekstroversiewe neigings.

4.10.5 'n Vergelyking tussen deelneemsters en nie-deelneemsters ten opsigte van atletiek

Damesatlete verskil beduidend van nie-deelneemsters ten opsigte van die volgende persoonlikheidsvelde (kyk tabel 22):

1. Sosialiteit (morele inslag): Dit wil voorkom asof nie-deelneemsters in 'n groter mate konformeer aan die bestaande norme en waardes van hulle sosiale omgewing (5%-vlak) as damesatlete.
2. Gewenstheidskaal: Damesatlete het deurgaans eerliker geantwoord op die vraelyste (1%-vlak) as nie-deelneemsters.

Samevattend

1. Deelneemsters skep deurgaans die indruk dat hulle sosiaal meer vrypostig en vrymoediger voorkom

TABEL 22

ATLETIEK

DEELNEEMSTERS			NIE-DEELNEEMSTERS		
Faktor	$\bar{X}$	S^2 N=11	$\bar{X}$	S^2 N=11	t-waardes
A	13,09	11,32	13,36	22,57	- 0,15
B	7,81	4,51	8,00	1,20	- 0,27
C	14,00	33,40	15,00	22,40	- 0,45
E	14,27	12,90	12,45	19,60	1,06
F	15,90	21,80	13,09	24,72	1,37
G	12,45	7,20	14,09	9,72	- 1,33
H	11,45	23,99	11,81	22,78	- 0,18
I	11,36	14,35	9,72	6,58	1,20
L	13,00	6,20	10,90	9,50	1,93
M	13,18	9,41	14,00	3,40	- 0,77
N	8,54	11,17	10,90	3,30	- 2,07
O	14,72	11,46	13,36	16,77	0,86
Q	10,45	13,58	7,36	13,12	1,99
Q	8,54	7,77	10,36	4,94	- 1,70
Q	8,27	3,27	11,18	42,51	- 1,43
Q	13,45	20,21	12,45	53,80	0,39
P	28,18	23,27	28,27	23,79	- 0,04
P	22,54	39,94	23,09	47,34	- 0,20
P	25,18	22,27	28,63	45,46	- 1,39
P	26,18	28,07	26,18	36,87	0,00
P	33,36	11,36	31,18	47,49	0,95
H	34,18	21,50	33,45	32,81	0,33
H	35,27	16,83	37,09	14,77	- 1,08
S	26,54	58,39	26,18	118,67	0,09
S	27,63	26,44	25,36	33,46	0,98
S	32,09	23,75	37,00	23,60	- 2,38 *
F	27,18	30,87	31,09	21,76	- 1,79
G	19,45	20,67	13,36	18,57	3,24 **
ANGS	36,45	35,84	32,54	257,06	0,76

as nie-deelneemsters. Waaarskynlik het die dames-atlete ook gevoel dat hulle niks het om weg te steek nie en kon hulle om die rede die vrymoedigheid neem om eerlik te wees.

2. Nie-deelneemsters kom egter in teenstelling met bogenoemde stil en aanvaardend voor. Om die rede kan aanvaar word dat hulle waaarskynlik ook met groter berusting sal konformeer aan die bestaande norme van hulle sosiale omgewing.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

5.1 Samevatting

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om vas te stel of daar enige persoonlikheidsverskille bestaan tussen deelnemers en nie-deelnemers aan georganiseerde individuele sport. Daar is egter ook aandag geskenk aan moontlike persoonlikheidsverskille tussen mans en dames (ongeach of hulle deelneem of nie) en moontlike persoonlikheidsverskille tussen die deelnemers aan die onderskeie sportsoorte (mans en dames afsonderlik).

Vyf sportsoorte is by die ondersoek betrek, naamlik karate, atletiek, tennis, muurbal en gimnastiek. Die ondersoeksgroepe het bestaan uit mans en dames en slegs studente is in die ondersoek gebruik.

Drie psigometriese instrumente, die 16 PF, P.H.S.F. en IPAT-Angsskaal is op die 141 deelnemers (85 mans en 56 dames) en 'n gelyke aantal nie-deelnemers toegepas. Die nie-deelnemers is met die deelnemers afgepaar ten opsigte van geslag, ouderdom en akademiese jaar. Vanweë die aard van die groepe is die meetinstrumente in klein groepies en somtyds individueel toegepas. (Alle proefpersone is egter aan dieselfde gekontroleerde omstandighede onder-

werp.) Ten einde die beduidendheid van verskille vir die onafhanklike groepe te bepaal is t-toets uitgevoer.

Die aanvanklike verwagting dat daar wel verskille aanwesig sou wees tussen die verskillende groepe wat vergelyk is, word deur die volgende resultate bevestig:

1. Vergelykings tussen die totale groep deelnemers en nie-deelnemers (tabel 8) het aan die lig gebring dat daar wel persoonlikheidsverskille bestaan tussen die twee groepe. Deelnemers blyk hoofsaaklik ekstrovertief van aard te wees. Hulle toon 'n hoër gevoel van eiewaarde, is meer dominant en het meer selfvertroue as die nie-deelnemers. Afgesien van 'n skynbaar groter emosionele stabiliteit wil dit tog voorkom asof hulle in 'n sekere mate senuweeagtig is en ook dat hulle 'n sekere beheptheid met hulle fisiese gesondheid toon. Die nie-deelnemers, daarenteen, is duidelik introvertief. Dit kom tot uiting in hulle neiging tot selfgenoegsaamheid en hulle hoë selfsentimentontwikkeling. Hulle blyk ook sosiaal meer uitgeslape te wees as die deelnemers.

2. Vergelykings tussen mansdeelnemers en dames wat deelneem (tabel 9), asook vergelykings tussen mans en dames wat nie deelneem nie (tabel 10) het aangetoon dat mans en dames oor die algemeen van mekaar

verskil, ongeag of hulle aan sport deelneem of nie. Die mans en dames wat deelneem toon egter minder beduidende verskille wat betref hulle persoonlikheidseienskappe as die nie-deelnemers (mans en dames). Die deelneemsters blyk hoofsaaklik van 'n aangename (siklotieme) geaardheid te wees, maar hulle kom tog gespanne voor en hulle toon 'n seker vatbaarheid vir skuldgevoelens. Die mans deelnemers daarenteen kom selfgenoegsaam en sosiaal uitgeslape voor. Die dames wat nie deelneem nie kom onveilig en angstig voor. Net soos die deelneemsters toon hulle ook 'n groter vatbaarheid vir skuldgevoelens as die mans. Die mans nie-deelnemers blyk meer selfvertroue te hê as die nie-deelneemsters. Hulle neig ook om hulleself hoër te evalueer as die dames. Hulle toon ook 'n groter preokkupasie met hulle fisiese gesondheid as die nie-deelneemsters. Die feit dat die mans en dames wat aan sport deelneem in 'n geringer mate van mekaar verskil as die mans en dames wat nie deelneem nie, moet waarskynlik toegeskryf word aan die invloed van die sport wat hulle beoefen.

3. Vergelykings tussen die mansdeelnemers en mans nie-deelnemers (tabel 11) het eweneens aangetoon dat die twee groepe verskil. Ook hier het geblyk dat die deelnemers meer dominant is, meer selfvertroue het en dat hulle emosioneel meer stabiel is. Hulle is egter ook geneig om behep te wees met hul le fisiese gesondheid. Dit wil ook voorkom asof

die deelnemers as groep meer "intelligent" is en ook geneig is om hulleself hoër te evalueer as die nie-deelnemers. Die nie-deelnemers toon weereens 'n neiging tot sosiale teruggetrokkenheid (uitgeslape). Hulle blyk ook meer angstig te wees as die deelnemers.

4. In tabelle 12-16 is die mansdeelnemers ten opsigte van die verskillende sportgroepe vergelyk met mans nie-deelnemers. Relatief min verskille is aangetref. Karatemans blyk ten spyte van hulle emosionele stabiliteit tog in 'n mate bekommerd te wees oor hulle fisiese gesondheid. Origsins wil dit voorkom asof hulle goed aangepaste ekstrovertiewe neigings het.

Geen beduidende verskille is aangetref tussen mans wat tennis speel en nie-deelnemers nie.

Gimnaste het 'n hoë selfsentimentontwikkeling en 'n hoë gevoel van eiewaarde. Dit wil ook voorkom asof hulle meer dominant is as die nie-deelnemers. Nie-deelnemers blyk sosiaal radikaal te wees.

Mansmuurbalspelers het getoon dat hulle meer dominant is as nie-deelnemers.

Mansatlete was meer siklotiem, emosioneel stabiel en het 'n groter behepthheid getoon met hulle fisiese gesondheid as nie-deelnemers.

5. Tabel 17 gee die bevindinge van die vergelykings tussen die totale groep deelneemsters en nie-deelneemsters weer. Deelneemsters toon 'n groter behoefte aan groepsaktiwiteit en gepaardgaande hiermee wil dit ook voorkom asof hulle behoefte het aan persoonlike vriendskap. Origens is hulle meer dominant en toon hulle meer selfvertroue as die nie-deelneemsters, wat introvertief en selfgenoegsaam voorkom (hoë selfsentimentontwikkeling).

6. Tabelle 18-22 gee aanduidings van die verskille tussen die dames wat deelneem aan die verskillende sportsoorte en die nie-deelnemers. Net soos in die geval van die mans is min verskille aangetref.

Dames wat karate beoefen, het duidelik meer selfvertroue as nie-deelneemsters.

Dames wat tennis speel, blyk minder bekommerd van aard te wees as die nie-deelneemsters. Dit wil ook voorkom asof hulle sosiaal meer avontuurlustig is as die nie-deelneemsters, wat meer selfgenoegsaam (vroulik) en introvertief voorkom.

Damesgimnaste blyk te verskil van die ander sportgroepe. Hulle kom meer karaktersas en introvertief voor (toon 'n hoë selfsentimentontwikkeling). Die nie-deelneemsters, hierteenoor, kom meer sorgvry en ekstrovertief van aard voor.

Damesmuurbalspeelsters is ook meer dominant en geneig tot ekstroversie as die nie-deelneemsters.

Die damesatlete blyk slegs eerliker antwoorde op die vraelyste te verstrek het as die nie-deelneemsters. Laasgenoemde groep toon 'n sterk morele inslag.

7. Vergelykings is getref tussen die verskillende sportgroepe onderling (mans en dames afsonderlik), maar weinig verskille is aangetref. Geen inligting is egter in tabelvorm gerapporteer nie, alhoewel die verskille tog beskryf is (pp.101-106 en pp.124-130).

5.2 Gevolgtrekkings

1. Op grond van die waargenome resultate kan dus aanvaar word dat daar wel persoonlikheidsverskille bestaan tussen man- en damestudente wat aan sport deelneem en man- en damestudente wat nie deelneem nie. Hoewel die verskille weliswaar van 'n geringe aard is, moet die moontlikheid dat sportdeelname vir hierdie verskille verantwoordelik is, dus sterk oorweeg word.

2. Dit wil ook voorkom asof deelname aan verskillende tipes individuele sportsoorte deelnemers daaraan op verskillende maniere beïnvloed. Heelwaarskynlik is dit die rede waarom daar verskille aan-

getref is tussen die lede van die verskillende sportgroepe se persoonlikhede.

3. Laastens noodsaak resultate 'n mens om te aanvaar dat daar wel persoonlikheidsverskille bestaan tussen mans en dames, ongeag of hulle aan sport deelneem of nie. Dit wil egter voorkom asof die invloed van sport op die persoonlikhede van die deelnemers en deelnemsters van so 'n aard is dat daar minder verskille tussen die twee groepe bestaan as tussen mans en dames wat nie deelneem nie.

5.3 Summary

The primary aim of this study was to determine whether there are any differences in personality between participants and non-participants in organized, individual sport. Attention was also paid to possible differences in personality between men and women (whether participants or not) and possible differences in personality between the participants in various types of sport (men and women separately).

Five branches of sport were involved, viz. karate, athletics, tennis, squash and gymnastics. The groups studied consisted of male and female students. Three psychometric instruments were used: the 16 PF, the P.H.S.F. and the IPAT anxiety scale. These were administered to 141 participants (85 men and 56 women) and an equal number of non-participants.

The two groups were matched as regards sex, age and academic year. As a result of the nature of the groups the tests were administered in small groups or sometimes individually. All persons were tested in the same set of controlled circumstances. In order to determine the significance of differences in the various groups, t-tests were administered.

The original assumption was that there would be differences as far as the groups were concerned, and this assumption was supported by the following results:

1. Participants mainly showed characteristics marking them as social extroverts. In accordance with this they also emerged as being more dominant and self-assured, as well as tending to evaluate themselves more positively than the non-participants. Although they further seemed to be more emotionally stable than the non-participants they nevertheless revealed a certain degree of nervousness and a seeming pre-occupation with their bodily health. The non-participants, in contrast, appeared introverted. Their social shrewdness and self-sufficiency as well as the higher degree of development of self sentiment are indicators of this social timidity. They also revealed a higher degree of general anxiety than the participants.

2. Male participants seemed to be more intelligent than their non-participating peers. In addition

to their more extroverted tendencies they also revealed a greater need for personal friendship than the non-participants.

3. Female participants also revealed clear tendencies towards group activity and extroversion. This was, however, in a lesser degree than among the male participants.

4. There were also indications that men and women differed as far as their personalities were concerned quite apart from their involvement or non-involvement in sport (Tables 9-10). It would, however, appear as if men and women who are actively involved in sport show smaller differences from each other than the non-participants.

5. Comparisons between the participants in the various branches of sport yielded few differences. There is, however, the impression throughout that the participants (male as well as female) are more extroverted, self-assured, and dominant, except in the case of the female gymnasts who seemed to be more introverted by nature than the non-participants.

6. The comparisons between the various branches of sport yielded few significant differences. It was quite remarkable, however, that the male tennis players and the female athletes were the two groups differing most markedly from the rest.

LITERATUURLYS

Die volgende afkortings is gebruik:

- R.Q. - Research Quarterly.
- P.A. - Psychological Abstracts.
- D.A. - Dissertation Abstracts.

1. ARNETT, C. "Interrelationship between selected physical variables and academic achievement of college women." R.Q., Vol. 39/2, May 1968, p.227.
2. ALLPORT, G.W. Personality. A Psychological Interpretation. Constable and Company Limited. London. 1971.
3. BEHRMAN, R.M. "Personality differences between nonswimmers and swimmers." R.Q., Vol. 38/2, May 1967, pp.163-170.
4. BENDIG, A.W. "The reliability and factorial validity of the IPAT-Anxiety scale." Journal of Consulting Psychology, Vol. 24, 1959, p.374.
5. BENDIG, A.W. "The reliability and factorial validity of the IPAT-Anxiety scale." Journal of General Psychology, Vol. 67, 1962, pp.27-33.

6. BENTSON, T.B. & SUMMERSKILL, J. "Relation of personal success in Intercollegiate Athletics to certain Aspects of Personal adjustment." R.Q., Vol. 26, March 1955, pp.8-14.
7. BERKOWITZ, L. "Aggression: A social-psychological analysis." McGraw-Hill. 1962.
8. BIDDULPH, L.G. "Athletic achievement versus the personal and social adjustment of High School Boys." R.Q., Vol. 25, March 1954, pp.1-7.
9. BOOTH, E.G. "Personality traits of Athletes as measured by the M.M.P.I.." R.Q., Vol. 29/2, May 1958, pp.127-136.
10. BRUNNER, B.C. "Personality and motivating factors influencing adult participation in vigorous physical activity." R.Q., Vol. 40, 1969, pp.464-469.
11. CARTER, C.C. & SHANNON, J.R. "Adjustment and Personality traits of Athletes and Non-Athletes." School Rev., Vol. 48, 1946, pp.115-119.
12. CATTELL, R.B. The scientific analysis of Personality. Penguin Books, London. 1965. Aangehaal deur Vermeulen, L.P. (94).
13. CATTELL, R.B., EBER, H.W. & TATSUOKA, M.M. "Handbook for the Sixteen Personality

Factor Questionnaire (16 PF)." I.P.A.T.,
Champaign, Illinois. 1970.

- X 14. CATTELL, R.B. & SCHEIER, I.H. The meaning and measurement of neuroticism. New York, Ronald Press, 1961. (Aangehaal deur Vermeulen, L.P. (94)
15. COFER, C.N. & JOHNSON, W.R. "Personality Dynamics in Relation to Exercise and Sports." Uit: Science and Medicine of Exercise and Sports. Edited by W.R. Johnson, Harper, New York, 1960.
16. COOPER, L. "Athletics, activity and personality: a review of literature." R.Q., Vol. 40/2, March 1969, pp.17-21.
17. COWELL, C.C. & ISMAIL, A.H. "Validity of a Football rating scale and its relationship to social integration and academic ability." R.Q., Vol. 32/4, Dec., 1964, pp.461-467.
18. CRATTY, B.J. Psychology and Physical Activity. Prentice-Hall, New Jersey, 1968. pp.15-23.
- X 19. CRAVEN, D.H. "Sportdeelname en persoonlikheids-eienskappe." M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1964. (Aangehaal uit Smit, J.F. 85.)
20. DAVIDSON, R.A. "A study of personality traits and value systems of high school athletes and non-athletes." D.A., Vol. 30/9-A, 1970, p.3777.

21. DUGGAN, A.S. "A comparative study of undergraduate women majors and non-majors with respect to some personality traits." P.A. no. 5862, 1936.
22. DU TOIT, J.M. Statistiese Metodes. Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk. Stellenbosch. 1969.
23. EDWARDS, H. Sociology of Sport. The Dorsey Press. Homewood, Illinois. 1973. pp.55-61.
24. ELLMER, H. "Die invloed van liggaamlike Opvoeding, sport en spele op bepaalde persoonlikheidseienskappe van die skooldogter." M.Ed.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1967.
25. EVELYN, J.B. Report: "Personality Structures of Canadian Intercollegiate Women Ice-hockey Players." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology. 1968. pp.149-156.
26. FLANAGEN, L. "A study of some personality traits of different physical activity groups." R.Q., March 1951, Vol. 22/1, p.312.
- X 27. FOURIE, A.B. "The influence of participation in sport on the process of socialization with special reference to senior school

boys: a comparative study of participants and non-participants in Sport." M.A.-thesis, U.O.V.S., 1954. (Aangehaal uit Smit, J.P., 85.)

28. FISHER, S. "Personality, Body Perception and Body Image Boundary." Uit: Psychological aspects of physical education and sport. Edited by J.E. Kane. Routledge and Kegan Paul, London and Boston, 1972. pp.91-127.
29. FISHER, S. & CLEVELAND, S.E. "Body Image and Personality." Van Nostrand, Princeton. 1958.
30. HALE, C.J. "What research says about Athletics for pre-high school Age Children." Research Abstract, R.Q., May 1960, Vol. 31/2, p.245.
31. HAMMER, W.M. "Anxiety and Sport Performance." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968, p.61.
32. HARDYCK, C.D. & PETRONOVICH, L.F. Introduction to Statistics for the Behavioral Sciences, W.B. Saunders Company, 1969.
33. HENRY, F.M. "The Relations Between Motor Performance and Certain Psychological Measures in College Men." Mimeographed Abstract of Paper presented at the April

1947 meeting of A.A.H.P.E.R., Seattle.
Uit Flanagan, L. 26.

34. HENRY, F.M. "Personality differences in Athletes and Physical Education and Aviation Students." Psychological Bulletin, Oct. Vol. 38, 8, 1941, p.745.
35. HUSMAN, B.F. "Aggression in boxers and wrestlers as measured by projective techniques." R.Q., Vol. 26, 1955, pp.421-425.
36. HUNT, D. "A Cross Racial Comparison of Personality traits between Athletes and Non-Athletes." R.Q., Vol., 40/2, Dec. 1969. pp.704-707.
37. IKEGAMI, K. Report: "Character and Personality changes in Athletes." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. pp.51-59.
38. JOHNSON, W.R. "A study of emotion revealed in two types of athletic contests." R.Q., 1949. pp.72-79.
39. JOHNSON, W.R. & HUTTON, D.C. "The Effects of a Combative Sport upon personality Dynamics as measured by a projective Test." R.W., Vol. 26/1, 1955. pp.49-53.
40. JOHNSON, W.R., HUTTON, D.C. & JOHNSON, G.B. Jr. "Personality traits of some champion athletes as measured by two projective

Tests: Rorschach and H.T.P.." R.Q.,
Vol. 25, 1954. pp.484-485.

41. JOKL, E. "The Inner Attitude." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. p.67.
42. KANE, J.E. "Personality and Body Type." Research in Physical Education, Vol. 1/4, June 1969. pp.30-38.
43. KANE, J.E. (Edit.) Psychological aspects of physical education and sport. Routledge and Kegan Paul, London and Boston, 1972. pp.91-127.
44. KANE, J.E. (Edit.) and Warburton, W. "Personality related to sport and Physical Ability." Readings in Physical Education. Swale Press Ltd., London. 1966.
45. KEOGH, J. "Relationship of motor ability and athletic participation in certain standardised personality measures." R.Q., Vol. 30, 1959. pp.438-445.
46. KIRCHNER, R.J. "Participation in Athletics and its effect on academic success at Central Michigan University." D.A., No. 2000, 1962.
47. KROLL, W. "Sixteen Personality Factor Profiles of Collegiate Wrestlers." R.Q., March 1967, Vol. 38, No. 1, p.49.

48. KROLL, W. & CARLSON, B.R. "Discriminant function and hierarchial grouping analysis of Karate Participants' personality profiles." R.Q., Vol. 38, Oct., 1967. pp.405-411.
49. KROLL, W. & CRENSHAW, W. "Multivariate Personality Profile Analysis of four Athletic Groups." Contemporary Psychology of Sport, 2nd. International Congress of Sport Psychology. 1968. pp.97-106.
50. KROLL, W. & PETERSON, K.H. "Personality Factor Profiles of Collegiate Football teams." R.Q., Vol. 36/4, Dec. 1965. pp.433-447.
51. LAKIE, W.L. "Personality Characteristics of certain groups of intercollegiate athletes." R.Q., Oct. 1962, Vol. 33/3, pp.566-572.
52. LA PLACE, J.P. "Personality and its relationship to success in professional baseball." R.Q., Vol. 25/3, 1954. pp.313-320.
53. LAYMAN, E.M. "Aggression in relation to play and Sports." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. p.25.
- X 54. LAZARUS, R.S. Personality. Englewood Cliffs, New Yersey: Prentice-Hall, 1971. (Uit Martens, R.)

55. LAWTHER, J.D. Sport Psychology. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1972. pp.87-103.
56. LEMKAU, P.V. "Quotation in Desirable Athletic Competition for Children." American Association for Health Physical Education and Recreation (NEA), 1952. p.49.
57. MALUMPHY, T.M. "Personality of Women Athletes in Intercollegiate Competition." R.Q., Vol. 39/3, Oct. 1968. pp.610-620.
58. MALPASS, L.F. "Competition, Conflict and Cooperation as Social Values." Values in Sport: Report of a National Conference A.A.H.P.E.R. Paper, 17-22 June, 1962. p.61.
59. MARTENS, R. Social Psychology and Physical Activity. Harper and Row, University of Illinois, Champaign, Illinois. 1974. pp.182-197.
60. McCLENNY, B.H. "A Comparison of personality characteristics, self-concepts and academic aptitude of selected college men classified according to performance on a test of physical fitness." D.A., Vol. 30, No. 4-A, 1969, p.1423.
61. McKINNEY, E.D. "The Relationships between certain factors of personality and selected factors of physical fitness." D.A., Vol. 30, No. 4-A, 1969, p.1423.

- ted components of physical fitness of College freshmen woman." D.A., Vol. 19, 1958/59. p.1287. (Card no. 58-3895).
62. MERRIMAN, J.B. "Relationships of personality traits to motor ability." R.Q., Vol. 31, 1960. pp.163-173.
63. MILLER, K.D. "Individual-Team Sports." Journal of Health and Physical Education, Vol. 27, No. 4, 1956. p.29.
64. MILNERTON, F.J. "An experimental investigation into the effects of Physical training on personality." British Journal of Educational Psychology, Vol. 13, 1943. pp.30-39.
65. OGILVIE, B.C. "The Personality of the Male Athlete." The American Academy of Physical Education, Academy Papers, No. 1., March 1968, pp.45-51.
66. PETERSON, S.L., TRONSDALE, W.W. & WEBER, J.C. "Personality Traits of Women in team sports versus women in individual sports." R.Q., Vol. 38, No. 4, Dec. 1967. p.686.
67. PÉTRIE, B.M. "Physical activity, games, and sport: a system of classification and investigation of social influences among students of Michigan State University." D.A., Vol. 32, No. 1-A, p.223.

68. PYECHA, J. "Comparative effects of judo and selected physical education activities on male university freshman personality traits". R.Q., Vol. 41, No. 3, Oct. 1970. pp.425-431.
69. RASCH, P.J. & HUNT, M.B. "Some Personality attributes of champion amateur wrestlers." Journal of Associated Physical and Mental Rehabilitation, Vol. 14, 1960. pp.163-164.
70. READ, D.A. "The influence of competitive and non-competitive programs of physical education on body image and self-concept." D.A., No. 12-A, 1969. pp.4312-4313.
71. ROBERTS, P.C. "Personality characteristics of groups in physical education and related professional areas." D.A., Vol. 30, No. 9-A, 1970. p.3768.
72. ROBBERTSE, P. "Die sielkundige aspek van Sport. Die invloed van Sport op persoonlikheid." Referaat op agste S.A.V.L.O.R.-kongres 1959, Vigor, Maart 1960. p.59.
73. ROEBUCK, W.G. "Comparative study of the intelligence quotient and academic achievement of athletes and non-athletes." P.A., 1960, No. 4260.

74. RYAN, E.D. "Reaction to: Sport and Personality Dynamics." Proceedings of the National College Physical Education Association for Men, 1968. pp.70-75.
75. RYAN, E.D. & KOVACIC, C.R. "Tolerance for Physical Pain." Perceptual Motor Skills, Vol. 22, 1966. pp.283-290.
76. RUSHALL, B.S. "Report: An Evaluation of the Relationship between personality and performance categories." Contemporary Psychology of Sport, Chicago, Ill. The Athletic Institute, 1970. pp.163-164.
77. SCHENDEL, J.S. "Psychological differences between Athletes and Non-participants in Athletics at three educational levels." R.Q., Vol. 36/1, March 1965. pp.52-59.
78. SCHENDEL, J.S. "Report: Psychological Characteristics of High School Athletes and Non-participants in Athletics. A Three-year longitudinal Study." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. pp.79-96.
79. SCOTT, J.P. "Sport and Aggression." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. p.11.

80. SEATON, D.C. (a.o.) Physical Education Hand=book. Englewood Cliffs. N.J. Pren=tice Hall, 1969. pp.1-3.
81. SEYMOUR, E.W. "Comparative Study of Certain Behavior Characteristics of Participant and Non-Participant Boys in little Lea=gue Baseball." R.Q., Vol. 27, Oct. 1956. pp.338-346.
82. SHOCHAT, E. "A Study of the Relationship be=tween specified Personality Traits and Body Cathexis of Male Participants in High-School Athletics." D.A., Vol. 31, No. 5-A. p.2079.
83. SLUSHER, H.S. "Personality development and participation in College Athletics." R.Q., Vol. 37/1, March 1966. pp.126.
84. SLUSHER, H.S. "Personality and intelligence characteristics of selected High School Athletes and Non-Athletes." R.Q., Dec. 1964, Vol. 35, No. 4. pp.539-544.
85. SMIT, J.F. "Sportdeelname en Persoonlikheids=eienskappe soos gevind by 'n groep hoër=skoolseuns." M.A.-Skripsie, Universi=teit Stellenbosch, 1972.
86. SOMERS, M.R. "A comparative study of partici=pation in extracurricular sports and academic grades." R.Q., Vol. 22, 1951. p.184.

87. SPERLING, A.P. "The Relationship between Personality Adjustment and Achievement in Physical Education Activities." R.Q., Vol. 13, 1942. pp.351-363.
88. STONE, A. "The cathexis theory of aggression." Laboratory Bulletin, Laboratory of Social Relations, Vol. 2, 1950. pp.9-13.
89. STRYDOM, A.E. "'n Psigologies pedagogiese besinning, oor sport as dinamiek soos gevind by 'n groep middelbare skoolleerlinge." M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1970.
90. SUGERMAN, A. & HAROMAN, F. "Body Type and Sophistication of Body Concept." Journal of Personality, Vol. 32, 1964. p.100.
91. SUIN, R.M. Fundamentals of Behavior Pathology. John Wiley and Sons, Inc., 1970.
92. THUNE, J.B. "A Study of Weightlifters using the Questionnaire Technique." R.Q., Vol. 20, 1949. pp.296-306.
93. TILLMAN, K.G. "Relationship between Physical fitness and selected personality traits." R.Q., Vol. 36, No. 4, 1965. p.483.
94. TUTKO, T.A. "Conflict in Sports." Contemporary Psychology of Sport, 2nd International Congress of Sport Psychology, 1968. p.45.

95. VANÉK, M. & CRATTY, B.J. Psychology and the Superior Athlete. The Macmillan Company, 1970.
96. VERMEULEN, L.P. "'n Persoonlikheidsevaluering van die Professionele Duiker op grond van bepaalde veranderlikes." M.A.-verhandeling, Universiteit Pretoria, 1972.
97. WALKER, F.A. "The Social and Emotional adjustment of winning and loosing football teams." D.A., Vol. 27, No. 5-A, 1966. pp.1254-1255. (Order no. 66-11, 616.)
98. WARD, J.E. "The Relationship between physical fitness and certain psychological and sociological factors in junior High-School Boys." D.A. Vol. 22, 1962. p.4261.(Order no. 62-2286.)
99. WATSON, G.B. "Personality Growth through Athletics." Journal of Health and Physical Education, Vol. 9, 1938. pp.408-410.
100. WEBER, R.J. "Relationship of Physical Fitness to success in College and to Personality." R.Q., Vol. 24, No. 4, 1953. p.471.
- ✕ 101. WELFORD, A.T. Fundamentals of Skills. Methuen, London, 1968. (Uit Kane, J.E.)
102. WERNER, A.C. & GOTTHEIL, E. "Personality development and participation in College athletes." R.Q., March 1966, Vol. 37, No. 1. p.126.

103. WILKEN, H.A. (a.o.) "Personality through Perception." Harper, New York. 1954. pp.102-4.
104. YENSEN, W.A. "An Investigation of Factors that contributed to the success of NCAA wrestling champions." Unpublished Masters' Thesis, San Diego State College, 1963. (Uit Kroll, W., 47.)
105. ZION, L. "Body Concept as it relates to Self-Concept." R.Q., Vol. 36, No. 4, 1965. pp.490-495.